

# EKSODUS

## Inleiding

Die naam *Eksodus* is afgelei van die Griekse en Latynse name wat 'uittog' beteken. In die Hebreuse Bybel dra die boek die naam *We-Elle Sjmot* wat die eerste twee woorde in die boek is en 'Hierdie is die name' beteken.

*Eksodus* is die tweede boek in die Ou Testament en vorm deel van die eerste vyf boeke, die Pentateug, wat in Hebreus bekend staan as die *Tora*. Die woord *Tora* word gewoonlik vertaal as "wet" maar kan ook 'onderrig' beteken. In die Nuwe Testament word na die Pentateug verwys as "Die Wet" (vgl bv Matt 12:5).

Daar is 'n noue verband tussen *Genesis* en *Eksodus* en ook tussen *Eksodus* en *Levitikus*: Die vertelling in *Eksodus* 1 sluit aan by *Genesis* 46 tot 50 en vanaf *Eksodus* 19:1 loop die Sinaivertelling deur na *Levitikus*.

Vroeër is algemeen aanvaar dat Moses die skrywer was van *Eksodus*. Dit is egter duidelik dat die boek oor 'n langer tydperk ontstaan het. Die finale werk aan die boek is waarskynlik gedoen deur priesters gedurende die Babiloniese ballingskap (587-539 vC).

Die eerste lesers van die volledige boek was vermoedelik priestergroepe in die Babiloniese ballingskap. Ná die ballingskap het *Eksodus* 'n baie belangrike rol gespeel by die herbou van die tempel in Jerusalem en die inrigting van die kultus.

*Eksodus* bevat 'n verskeidenheid literatuursoorte. Naas vertellings oor die uittog en verbondsluiting by Sinai, wat in die eerste deel van die

boek oorheers, kom voorskrifte oor die viering van die Paasfees en die Fees van die Ongesuurde Brood voor, asook 'n gedig in Eksodus 15:1 tot 19. Die sogenaamde bondsboek (21:1 — 23:33) bevat wetsliteratuur en in Eksodus 25:9 — 31:18 word voorskrifte vir die bou van die tabernakel en verwante sake gegee. Vertellings oor die episode met die goue kalf (32:1 — 33:6) en die bou en inrig van die tabernakel (35:1 — 40:38) sluit die boek af.

Die belangrikste tema in *Eksodus* is die vraag oor die HERE in sy verhouding met Israel. Hy is die God wat sy volk verlos uit slawerny en wat telkens bereid is om hulle te vergewe, selfs wanneer hulle die verbond verbreek. In Eksodus 34:6-7 word sy gesindheid en optrede teenoor sy volk saamgevat in wat as 'n belydenis van Israel beskou kan word. Die verwagte optrede van Israel teenoor die HERE word saamgevat in die Tien Gebooie (Eks 20:1-17) en die twaalf voorskrifte in Eksodus 34:12-26.

*Eksodus* kan soos volg ingedeel word:

1:1 — 13:16 Israel in Egipte

13:17 — 18:27 Israel in die woestyn

19:1 — 24:11 Verbondsluiting by Sinai

24:12 — 31:18 Voorskrifte vir die bou van die tabernakel

32:1 — 34:35 Israel se ontrou en die hernuwing van die verbond

35:1 — 40:38 Bou van die tabernakel

# 1

## Israel in Egipte

<sup>1</sup> \*Dit is die name van die Israeliete wat saam met Jakob na Egipte\* gegaan het, elkeen met sy huisgesin: <sup>2</sup> \*Ruben, Simeon, Levi en Juda; <sup>3</sup> Issaskar, Sebulon en Benjamin; <sup>4</sup> Dan en Naftali, Gad en Aser. <sup>5</sup> Daar was altesaam sewentig<sup>a</sup> persone wat direk van Jakob afgestam het. Josef was toe reeds in Egipte. <sup>6</sup> \*Josef, al sy broers en daardie hele geslag het gesterf. <sup>7</sup> \*Maar die Israeliete was vrugbaar en het vermenigvuldig; hulle het vermeerder en besonder talryk begin word. Die land was vol van hulle.

<sup>8</sup> Daar het toe 'n nuwe koning<sup>b</sup> oor Egipte aan bewind gekom wat nie vir Josef geken het nie. <sup>9</sup> \*Hy het vir sy volk gesê: “Kyk, die Israelitiese volk is meer en magtiger as ons. <sup>10</sup> \*Kom ons beraam 'n slim plan teen hulle, anders vermeerder hulle en kan dit gebeur dat, wanneer 'n oorlog uitbreek, ook hulle by ons vyande aansluit en teen ons veg en optrek uit die land.”<sup>c</sup> <sup>11</sup> \*Hulle het toe bevelvoerders van gedwonge arbeid oor die

---

\*1:1-5 Gen 46:8-27

\*1:1 Egipte: Gen 10:6; vgl Gen 12:10

\*1:2-4 Eks 35:23-26; 1 Kron 2:1

\*1:5 70: Gen 46:27; Deut 10:22; Hand 7:14

<sup>a</sup>1:5 70: •Septuagint lui “75”; vgl Hand 7:14.

\*1:6 Hand 7:15

\*1:7-8 Gen 47:27; Deut 26:5; Ps 105:24; Hand 7:17-18; vgl Gen 12:2

<sup>b</sup>1:8 nuwe koning: Ramses II (1292–1225 vC).

\*1:9 Ps 105:24

\*1:10 Eks 1:12,20; Hand 7:19; vgl Hos 1:11

<sup>c</sup>1:10 optrek ... land: Die Sinai-skiereiland en die land Israel is hoër geleë as Egipte.

\*1:11-14 Gen 15:13; Eks 3:9; Deut 26:6; Ps 105:25

Israëliete aangestel om hulle met dwangarbeid\* te onderdruk. Hulle moes vir die farao\* die voorraadstede Pitom en Ramses\* bou.

<sup>12</sup>Maar hoe meer hulle die Israëliete onderdruk het, hoe meer het die Israëliete vermeerder en hoe meer het hulle versprei. Die Egiptenare het vreesbevange geraak vir die Israëliete <sup>13</sup> en hulle toe met geweld gedwing om te werk. <sup>14</sup>\*Hulle het hulle lewens bitter gemaak deur die harde slawewerk\* met klei\* en bakstene, en ook nog deur allerhande werk op die landerye, ja, met al die werk wat die Egiptenare die Israëliete met geweld gedwing het om te doen.

<sup>15</sup>Die koning van Egipte het toe met die Hebreuse<sup>d</sup> vroedvroue, wie se name Sifra en Pua was, gepraat. <sup>16</sup>\*Hy het gesê: “Wanneer julle die Hebreuse vroue met 'n bevalling help, kyk wat die baba se geslag<sup>e</sup> is. As dit 'n seun is, maak hom dood; maar as dit 'n dogter is, laat haar leef.” <sup>17</sup>Maar die vroedvroue het vir God ontsag gehad<sup>f</sup> en hulle het nie gedoen wat die koning van Egipte vir hulle gesê het nie.\* Hulle het die

---

\***1:11 dwangarbeid:** Gen 49:15; Eks 2:11; 6:5-6

\***1:11 die farao:** Eks 2:5; Gen 12:15

\***1:11 Ramses:** Eks 12:37; Gen 47:11

\***1:14** Gen 15:13

\***1:14 slawewerk:** Eks 1:11-14; Lev 25:39; Deut 26:6

\***1:14 klei:** Vgl Gen 11:3

<sup>d</sup>**1:15 Hebreuse:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israëliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

\***1:16** Vgl Hand 7:19

<sup>e</sup>**1:16 baba se geslag:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreuse woord. Word ook letterlik vertaal “die twee klippe”. Sommige verklaar dit as 'n verwysing na die twee klippe wat die stoel gevorm het waarop geboorte geskenk is. Van die Joodse rabbi's het dit verstaan as 'n verwysing na die geslagsorgaan.

<sup>f</sup>**1:17 Maar ... ontsag gehad:** Eks 1:21; vgl ook die nie-Israelitiese Jetro, Eks 18:1-12 en Melgisedek, Gen 14:18-20.

\***1:17 nie gedoen ... nie:** Dan 3:6-18; Hand 5:29

seuntjies laat leef. <sup>18</sup> Die koning van Egipte het toe die vroedvroue ontbied en vir hulle gesê: “Waarom het julle dit gedoen? Julle laat die seuntjies leef!” <sup>19</sup> “Omdat,” antwoord die vroedvroue toe die farao, “die Hebreuse vroue nie is soos die Egiptiese vroue nie — hulle is vol lewenskrag. Voordat die vroedvrou by hulle uitkom, het hulle klaar geboorte gegee.”

<sup>20</sup> En God het die vroedvroue goed behandel.\* Die volk se getalle het vermeerder en hulle het besonder baie geword.\* <sup>21</sup> Omdat die vroedvroue vir God ontsag gehad het, het Hy vir hulle huisgesinne voorsien. <sup>22</sup>\* Die farao het toe sy hele volk beveel: “Al die seuns wat gebore word, moet julle in die Nyl gooi, maar al die dogters moet julle laat leef.”

## 2

### Moses se geboorte en opvoeding

<sup>1</sup> 'n Man<sup>g</sup> uit die familie van Levi\* het gegaan en 'n dogter van Levi<sup>h</sup> as vrou geneem. <sup>2</sup> Die vrou het swanger geword en aan 'n seun geboorte gegee. Toe sy sien hoe mooi hy is,\* het sy hom vir drie maande weggesteek.\* <sup>3</sup>\* Maar toe sy hom nie meer kon wegsteek nie, het sy vir hom 'n papyrusmandjie gekry en dit met pik en teer dig gemaak. Sy het

---

\*1:20 God ... behandel: Vgl Spr 11:18; Pred 8:12; Jes 3:10; Heb 6:10

\*1:20 Die volk ... geword: Vgl Eks 1:10

\*1:22 Eks 1:16; Hand 7:19; Heb 11:23

<sup>g</sup>2:1 'n Man: Amram; vgl Eks 6:19; Num 26:59; 1 Kron 6:3.

\*2:1 familie van Levi: Eks 6:15-18

<sup>h</sup>2:1 dogter van Levi: Jogebed; vgl Eks 6:19.

\*2:2 hoe ... is: Hand 7:20

\*2:2 drie ... weggesteek: Heb 11:23

\*2:3-10 Hand 7:21

die seuntjie daarin neergelê en dit in die palmiete aan die kant van die Nyl neergesit. <sup>4</sup> Sy suster<sup>i</sup> het op 'n afstand gaan staan om te sien wat met hom gaan gebeur.

<sup>5</sup> Die dogter van die farao\* het afgegaan na die Nyl om haar te was, terwyl haar diensmeisies aan die kant van die Nyl stap. Sy sien toe die mandjie tussen die palmiete en stuur haar slavin om dit te gaan haal.

<sup>6</sup> Toe sy dit oopmaak, sien sy die seuntjie — en kyk, dit was 'n babaseuntjie wat huil! Sy het hom jammer gekry en het gesê: “Dit moet een van die seuntjies van die Hebreërs<sup>j</sup> wees.”

<sup>7</sup> Sy suster vra toe vir die farao se dogter: “Moet ek gaan en vir u 'n pleegma onder die Hebreëuse vroue gaan roep, sodat sy die seuntjie vir u kan voed?” <sup>8</sup> Die farao se dogter het vir haar gesê: “Gaan!” Die jongmeisie gaan roep toe die seuntjie se ma. <sup>9</sup> Die farao se dogter het vir haar gesê: “Neem hierdie seuntjie en voed hom vir my. Ek sal jou self daarvoor betaal.” Die vrou het die seuntjie geneem en hom gevoed.

<sup>10</sup> Toe die seuntjie groter geword het, het sy hom na die farao se dogter gebring, en hy het haar seun geword.\* Sy het hom Moses genoem, “Want,” het sy gesê, “uit die water het ek hom gehaal.”<sup>k</sup>

<sup>11</sup> \*In daardie dae,<sup>l</sup> toe Moses al groot was, het hy uitgegaan na waar sy volksgenote was en hulle dwangarbeid gesien. Hy sien toe 'n Egiptiese

---

<sup>i</sup>**2:4 Sy suster:** Mirjam; vgl Eks 15:20; Num 26:59; Deut 24:9; 1 Kron 6:3; Miga 6:4.

<sup>\*</sup>**2:5 die farao:** Gen 12:15; Eks 1:11

<sup>j</sup>**2:6 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

<sup>\*</sup>**2:10 Toe ... seun geword:** Heb 11:24

<sup>k</sup>**2:10 uit ... gehaal:** In Hebreëus klink die naam vir Moses byna soos die woord wat ‘uithaal (uit die water)’ beteken.

<sup>\*</sup>**2:11-15** Hand 7:23-29; Heb 11:24-26

<sup>l</sup>**2:11 In daardie dae:** Dit verwys na die tyd van Israel se verblyf in Egipte.

man wat 'n Hebreuse man, een van sy volksgenote, slaan. <sup>12</sup> Hy het om hom rondgekyk, en toe hy sien dat daar niemand is nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom met sand toegegooi. <sup>13</sup> Toe hy die volgende dag uitgaan, is daar sowaar twee Hebreuse mans aan die baklei. Hy vra toe die skuldige: “Waarom slaan jy jou medemens?” <sup>14</sup> Die man het geantwoord: “Wie het jou as aanvoerder en regter oor ons aangestel? Dink jy om my ook dood te maak soos jy die Egiptenaar doodgemaak het?” Moses het bang geword en gedink, sowaar, die saak het bekend geword!

<sup>15</sup> Toe die farao van hierdie saak hoor, wou hy Moses laat doodmaak. Maar Moses het van die farao af weggevlug om in die land Midian te gaan woon. Hy het daar by 'n waterput gaan sit. <sup>16</sup> Die priester van Midian<sup>m</sup> het sewe dogters gehad. Hulle het daar aangekom om water uit die put op te trek en die drinkbakke vol te maak om hulle pa se kleinvee te laat drink. <sup>17</sup> Maar daar het veewagters opgedaag en hulle weggejaag. Moses het opgestaan, hulle gehelp en hulle kleinvee laat drink. <sup>18</sup> Toe hulle by Reüel,<sup>n</sup> hulle pa, kom, sê hy: “Waarom is julle vandag so gou terug?” <sup>19</sup> Hulle het geantwoord: “Daar was 'n Egiptiese man wat ons teen die veewagters beskerm het. Hy het ook vir ons genoeg water uit die put opgetrek en die kleinvee laat drink.” <sup>20</sup> Daarop sê hy vir sy dogters: “En waar is hy nou? Waarom het julle die man dan daar agtergelaat? Roep hom, sodat hy iets te ete kan kry.”

<sup>21</sup> \*Moses het ingewillig om by die man te bly en hy het sy dogter, Sippora, vir Moses as vrou gegee. <sup>22</sup> Sy het aan 'n seun geboorte gegee,

---

\***2:15 waterput gaan sit:** Vgl Gen 24:11; 29:2

<sup>m</sup>**2:16 priester van Midian:** Jetro; vgl Eks 3:1; 18:1.

<sup>n</sup>**2:18 Reüel:** Num 10:29; ook genoem Jetro in Eks 3:1; 4:18; 18:1-12 en Gobab in Rig 4:11.

\***2:21-22** Eks 4:25; 18:2-3; Hand 7:29

en Moses het hom Gersom genoem, “Want,” het hy gesê, “ek het 'n vreemdeling geword in 'n vreemde land.”<sup>o</sup>

### Moses se roeping

<sup>23</sup> Gedurende hierdie lang tyd\* het die koning van Egipte gesterf. Die Israeliete het gesug onder die slawewerk\* en om hulp geroep. Hulle hulpgeroep oor die slawewerk het opgestyg na God.\* <sup>24</sup> \*God het hulle gekreun gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob.\* <sup>25</sup> God het die Israeliete raakgesien, ja, God het kennis geneem.

## 3

<sup>1</sup> Moses het sy skoonvader, Jetro,<sup>p</sup> die priester van Midian, se kleinvee opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn<sup>q</sup> in gejaag en uitgekome

---

<sup>o</sup>**2:22 Gersom ... land:** In Hebreeus klink die naam Gersom byna soos die woord wat ‘vreemdeling daar’ beteken; vgl Eks 18:3; Rig 18:30; 1 Kron 23:15-16.

\***2:23 lang tyd:** Eks 7:7; Hand 7:23,30

\***2:23 slawewerk:** Eks 1:11-14; Deut 26:6

\***2:23 Hulle ... God:** Eks 3:7,9; Deut 26:7; vgl Rig 3:9; 1 Sam 7:9; Ps 107:13

\***2:24-25** Eks 3:7,9; 6:4-7; Deut 26:7

\***2:24 verbond ... Jakob:** Gen 17:7-8; 2 Kon 13:23; Ps 105:8-13; 106:45; vgl Eseg 16:60

<sup>p</sup>**3:1 Jetro:** Eks 4:18; 18:1-12; ook genoem Reüel in Eks 2:18; Num 10:29 en Gobab in Rig 4:11.

<sup>q</sup>**3:1 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.



by die berg van God,\* by Horeb.<sup>r 2</sup> \*Daar het die Engel van die HERE<sup>s</sup> aan hom verskyn in 'n vuur wat uit 'n doringbos\* opvlam.

Moses het gesien daar is 'n doringbos aan die brand, maar dié doringbos word sowaar nie verteer nie. <sup>3</sup> Toe dink Moses, ek moet afdraai, sodat ek na hierdie buitengewone verskynsel kan kyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?

<sup>4</sup> Toe die HERE sien dat hy afgedraai het om dit van nader te bekyk, het God na hom geroep uit die doringbos: “Moses! Moses!”\* Hy het geantwoord: “Hier is ek!”\* <sup>5</sup> Toe sê die HERE:<sup>t</sup> “Moenie nader kom nie. Trek jou sandale van jou voete af,\* want die plek waar jy staan, is heilige grond.” <sup>6</sup> Daarop sê Hy: “Ek is die God van jou voorvader, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.”\* Moses het sy gesig bedek, want hy was bang om na God te kyk. <sup>7</sup> \*Die HERE sê toe: “Ek het die ellende van my volk wat in Egipte is, duidelik gesien. Hulle noodkreet oor hulle slawedrywers\* het Ek gehoor. Ja, Ek ken hulle

---

\***3:1 berg van God:** Eks 4:27; 18:5; 24:13; Num 10:33; 1 Kon 19:8

<sup>r</sup>**3:1 Horeb:** Eks 17:6; Deut 1:2; 1 Kon 8:9; 2 Kron 5:10; Ps 106:19; Mal 4:4; ook genoem Sinai in Eks 19:11-23.

\***3:2-4** Hand 7:30-31

<sup>s</sup>**3:2 die Engel van die HERE:** Die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat. Word ook vertaal “die Boodskapper van die HERE”.

\***3:2 doringbos:** Deut 33:16; Mark 12:26; Luk 20:37; Hand 7:30-31

\***3:4 Moses! Moses:** Vgl Deut 33:16

\***3:4 Hier is ek:** Vgl Gen 22:1; 1 Sam 3:10; Jes 6:8; Hand 9:10

<sup>t</sup>**3:5 die HERE:** Die •bronteks lui “Hy”.

\***3:5 Trek ... af:** Jos 5:15; Hand 7:33

\***3:6 Ek ... Jakob:** Eks 4:5; 6:2; 1 Kon 18:36; Matt 22:32; Hand 7:32

\***3:7** Eks 2:24-25; vgl 2 Kon 14:26; Neh 9:9; Ps 106:44

\***3:7 slawedrywers:** Eks 1:11-14; Deut 26:6

lyding. <sup>8</sup> Ek het afgekom\* om hulle uit die hand van Egipte te red en hulle uit daardie land te laat optrek na 'n goeie en uitgestrekte land,\* na 'n land wat oorloop van melk en heuning,\* die woonplek van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriëte, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete.\* <sup>9</sup> En nou, kyk, die noodkreet van die Israëliëte het My bereik. Ek het ook die verdrukking waarmee Egipte hulle verdruk, raakgesien. <sup>10</sup> Gaan dan nou! Ek stuur jou na die farao om my volk, die Israëliëte, uit Egipte uit te lei.”

<sup>11</sup> Moses het egter vir God gesê: “Wie is ek, dat ek na die farao kan gaan en dat ek die Israëliëte uit Egipte kan lei?” <sup>12</sup> Hy het geantwoord: “Ek is immers by jou.\* En dit sal vir jou die teken wees dat dit Ek is wat jou gestuur het: Wanneer jy die volk uit Egipte gelei het, sal julle God op hierdie berg dien.\*”

<sup>13</sup> \*Moses het vir God gesê: “Kyk, as ek by die Israëliëte kom en vir hulle sê, ‘Die God van julle voorvaders het my na julle gestuur,’ en hulle vra my dan, ‘Wat is sy naam?’,\* wat moet ek vir hulle sê?” <sup>14</sup> \*God sê toe vir Moses: “Ek Is Wie Ek Is.” Hy sê toe ook: “So moet jy die Israëliëte antwoord, ‘Ek Is het my na julle gestuur.’ ” <sup>15</sup> God het weer vir Moses

---

\***3:8 Ek het afgekom:** Gen 11:5; 18:21; Eks 19:11,20; Ps 18:7-20

\***3:8 goeie en uitgestrekte land:** Num 14:7; Deut 1:25; 3:25; Ps 47:5

\***3:8 land wat ... heuning:** Eks 3:17; 13:5; 33:3; Lev 20:24; Num 13:27; Jer 11:5

\***3:8 Kanaäniete ... Jebusiete:** Gen 15:19-21; Eks 13:5; 33:2; 34:11; Jos 9:2; Neh 9:8

\***3:9** Eks 2:24-25

\***3:10** Eks 6:12,25; Ps 105:26; Miga 6:4

\***3:12 Ek ... by jou:** Deut 31:23

\***3:12 Wanneer ... dien:** Eks 24:4-5; Hand 7:7

\***3:13** Vgl Eks 3:14; 6:2

\***3:13 Wat ... naam:** Vgl Spr 30:4

\***3:14** Joh 8:58; 13:19; vgl Op 1:4,8; 4:8; 11:17; 16:5

gesê: “So moet jy vir die Israëliete sê,  
“ ‘Die HERE, die God van julle voorvaders,  
die God van Abraham,  
die God van Isak,  
die God van Jakob,\*  
het my na julle gestuur.’  
Dit is my Naam vir altyd;\*  
dit is my gevierde Naam van geslag tot geslag.\*

<sup>16</sup> \* “Gaan, en bring die oudstes van Israel\* byeen, en sê vir hulle, ‘Die HERE, die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn en gesê: “Ek gee noukeurig aandag aan julle en aan wat julle in Egipte aangedoen word. <sup>17</sup> \* Ek verklaar dan: Ek sal julle laat optrek, weg van die ellende in Egipte, na die land van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriëte, die Feresiete, die Hewiete en die Jebusiete, na 'n land wat oorloop van melk en heuning.” ’

<sup>18</sup> “Hulle sal na jou luister, en dan moet jy en die oudstes van Israel na die koning van Egipte gaan. Julle moet vir hom sê, ‘Die HERE, die God van die Hebreërs,<sup>u</sup>\* het Hom aan ons bekend gemaak. Laat ons asseblief dan nou drie dagreise ver die woestyn ingaan, sodat ons aan die HERE

---

\***3:15 Die HERE ... Jakob:** Matt 22:32; Mark 12:26; Hand 3:13

\***3:15 Naam vir altyd:** Ps 102:13; 135:13; Hos 12:6

\***3:15 Dit ... geslag:** Gen 4:26

\***3:16 Eks 3:6-7; 4:31**

\***3:16 Gaan ... Israel:** Eks 4:29

\***3:17 Eks 3:8**

<sup>u</sup>**3:18 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israëliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

\***3:18 God ... Hebreërs:** Gen 10:21; Eks 5:3; 7:16; 9:1; 10:3

ons God kan offer.’<sup>19</sup> Ek weet egter dat hy, die koning van Egipte, julle nie sal toelaat om te gaan nie,\* tensy hy gedwing word deur 'n kragtige hand.<sup>v</sup><sup>20</sup> Maar Ek sal my hand uitsteek en Egipte tref met al my wonders wat Ek in hulle midde gaan doen.\* Daarna sal hy julle laat gaan.<sup>21</sup> \*Ek sal sorg dat die Egiptenare hierdie volk goedgesind is, sodat wanneer julle gaan, julle nie met leë hande sal gaan nie.<sup>22</sup> Elke vrou moet van haar buurvrou of van die een wat in haar huis tydelike verblyf geniet, silwer- en goue voorwerpe en klere eis. Julle moet julle seuns en dogters dit laat saamdra. So moet julle buit neem van die Egiptenare.”

## 4

<sup>1</sup> Hierop het Moses geantwoord en gesê: “Maar as die Israeliete my nie glo nie, en hulle nie na my luister nie? As hulle dalk sê, ‘Die HERE het nie aan jou verskyn nie?’”<sup>2</sup> \*Die HERE sê toe vir hom: “Wat het jy daar in jou hand?” Hy antwoord: “'n Staf.”<sup>3</sup> Die HERE sê: “Gooi dit op die grond!” En toe hy dit op die grond gooi, word dit 'n slang! Moses het daarvoor teruggedeins.<sup>4</sup> Die HERE sê toe vir Moses: “Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert!” Moses het sy hand uitgesteek en dit gegryp. Toe word dit weer 'n staf in sy hand.<sup>5</sup> “Dit is sodat hulle kan glo dat die HERE, die God van hulle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob,\* aan jou verskyn het.”

---

\***3:19 Ek ... gaan nie:** Eks 4:21; 5:2; 7:14; 8:32; 9:7; 9:35; 10:20; 11:10

<sup>v</sup>**3:19 tensy ... hand:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

\***3:20 wonders ... doen:** Eks 7:14 — 12:30; Deut 6:22; 7:19; 26:8; Rig 6:13; Ps 78:4,11; 106:21-22; Miga 7:15

\***3:21-22** Eks 3:22; 11:2; 12:35-36; vgl Gen 15:14

\***4:2-3** Eks 4:17; 7:9-10,19-20; 8:5-6,16-17; 9:23; 10:13; 17:5-6

\***4:5 God van Abraham ... Jakob:** Eks 3:6; 6:2; 1 Kon 18:36; Matt 22:32; Hand 7:32

<sup>6</sup> Die HERE het weer vir hom gesê: “Steek jou hand in die vou van jou klee<sup>w</sup>.” Hy druk toe sy hand in die vou, en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats,<sup>\*</sup> soos sneeu!<sup>\*</sup> <sup>7</sup> Daarop sê die HERE: “Steek jou hand weer in die vou van jou klee<sup>d</sup>.” Hy het weer sy hand in die vou gesteek, en toe hy dit uit die vou uittrek, was dit weer soos die res van sy liggaam!

<sup>8</sup> “As hulle jou nie glo nie, en nie aandag gee aan die eerste teken<sup>\*</sup> nie, sal hulle die laaste teken glo. <sup>9</sup> As dit dalk gebeur dat hulle selfs hierdie twee tekens nie glo nie, en nie na jou stem luister nie, skep dan van die Nyl se water en gooi dit uit op die droë grond. Die water wat jy uit die Nyl geskep het, sal bloed word<sup>\*</sup> op die droë grond.”

<sup>10</sup> \*Maar Moses het vir die HERE gesê: “Asseblief, my Heer! Ek is nie 'n man van woorde nie, nie in die verlede nie, en ook nie vandat U met u dienskneg gepraat het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong.<sup>x</sup>” <sup>11</sup> \*Daarop sê die HERE vir hom: “Wie het 'n mond vir die mens beskik, en wie maak stom of doof, siende of blind? Is dit nie Ek, die HERE nie? <sup>12</sup> \*Gaan dan nou! Ek sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.” <sup>13</sup> Maar hy sê: “Asseblief, my Heer! Stuur asseblief iemand anders.” <sup>14</sup> Die toorn van die HERE het teen Moses ontbrand en Hy het gesê: “Is Aäron, die Leviet, nie jou broer nie? Ek weet dat hy

---

<sup>w</sup>**4:6 vou ... klee<sup>d</sup>**: Aan die voorkant van die kledingstuk, bokant die gordel, was daar gewoonlik 'n vou wat as sak gedien het en waarin iets weggesteek kon word.

<sup>\*</sup>**4:6 melaats**: Vgl Lev 13

<sup>\*</sup>**4:6 soos sneeu**: Lev 13:4; Num 12:10; 2 Kon 5:27

<sup>\*</sup>**4:8 eerste teken**: Eks 4:3-4; 7:10-12

<sup>\*</sup>**4:9 Nyl geskep ... word**: Eks 7:17-21

<sup>\*</sup>**4:10-16** Vgl Jer 1:6-10; Miga 6:4

<sup>x</sup>**4:10 tong**: Die tong word geassosieer met spraak.

<sup>\*</sup>**4:11** Ps 94:9

<sup>\*</sup>**4:12** Eks 4:15; Jer 1:7-9; vgl Deut 18:18; Eseg 2:7 — 3:4; Matt 10:19-20; Luk 12:11-12; 21:14-15

welsprekend is. Wat meer is, kyk, hy is op pad om jou te ontmoet; en wanneer hy jou sien, sal sy hart verheug wees. <sup>15</sup> \*Jy moet met hom praat en die woorde in sy mond lê.\* Ek sal met jou mond en met sy mond wees. Ek sal julle leer wat julle moet doen. <sup>16</sup> Hy moet namens jou met die volk praat. Dit is hoe dit gaan gebeur — hy sal vir jou 'n mond wees en jy sal vir hom 'n god wees. <sup>17</sup> Hierdie staf moet jy in jou hand\* neem. Dit is waarmee jy die tekens moet doen.”\*

### Moses se terugkeer na Egipte

<sup>18</sup> Moses het toe gegaan, en teruggekeer na Jetro,<sup>y</sup> sy skoonpa, en vir hom gesê: “Ek wil graag gaan en na my volksgenote wat in Egipte is, terugkeer, sodat ek kan sien of hulle nog leef.” Jetro sê toe vir Moses: “Gaan in vrede!”

<sup>19</sup> <sup>z</sup>Die HERE het vir Moses in Midian\* gesê: “Gaan terug na Egipte, want al die manne wat jou lewe gesoek het, is dood.” <sup>20</sup> Moses neem toe sy vrou<sup>a</sup> en sy seuns,<sup>b</sup> sit hulle op 'n donkie en gaan terug na Egipteland. Moses het die staf van God in sy hand gehad. <sup>21</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Wanneer jy teruggaan na Egipte, sien toe dat jy al die tekens

---

\* 4:15-16 7:1-2

\* 4:15 woorde ... lê: Num 22:38; 23:5,12,16

\* 4:17 staf ... hand: Eks 4:2-3

\* 4:17 tekens ... doen: Eks 7:9,19; 8:16; vgl 2 Kon 4:29

<sup>y</sup>4:18 Jetro: Eks 3:1; 18:1-12; ook genoem Reüel in Eks 2:18; Num 10:29 en Gobab in Rig 4:11.

<sup>z</sup>4:19 In Matt 2:20 word hierna verwys as heenwysing na Jesus Christus.

\* 4:19 Midian: Eks 2:15

<sup>a</sup>4:20 sy vrou: Sippora; vgl Eks 2:21.

<sup>b</sup>4:20 sy seuns: Gersom; vgl Eks 2:22; Eliëser; vgl Eks 18:4.

waartoe Ek jou in staat stel, voor die farao doen. Maar Ek sal sy hart verhard,\* sodat hy die volk nie sal laat trek nie. <sup>22</sup> Dan moet jy vir die farao sê, ‘So sê die HERE: “My eersgebore seun is Israel.\* <sup>23</sup> Ek het vir jou gesê, ‘Laat my seun gaan, sodat hy My kan dien.’\* Maar jy het geweier om hom te laat gaan. Kyk, Ek gaan jou eersgebore seun om die lewe bring.\*” ’ ”

<sup>24</sup> \*Op pad, by 'n oornagplek, het die HERE<sup>c</sup> op Moses<sup>d</sup> afgekom en wou hom doodmaak. <sup>25</sup> Sippora neem toe 'n vuurklip\* en sny haar seun se voorhuid af.\* Sy het Moses se<sup>e</sup> voete<sup>f</sup> aangeraak en gesê: “Jy is vir my 'n bloedbruidegom.<sup>g</sup>” <sup>26</sup> Die HERE het hom toe met rus gelaat. Dit is toe dat sy “bloedbruidegom” gesê het, met verwysing na die besnydenis.

<sup>27</sup> \*Die HERE het vir Aäron gesê: “Gaan ontmoet Moses in die

---

\* **4:21 hart verhard:** Eks 7:3,13,22; 8:19; 9:12,35; 10:1,20,27; 11:10; 14:4; Rom 9:18; vgl 9:17

\* **4:22 My ... Israel:** Rom 9:14

\* **4:23 Laat ... dien:** Eks 3:12; 5:1; 7:16

\* **4:23 eersgebore ... bring:** Eks 11:1 — 12:30; Ps 135:8

\* **4:24** Vgl Gen 32:24-32

<sup>c</sup>**4:24 die HERE:** Die •Septuagint en die •Targum lui “die engel van die HERE.”

<sup>d</sup>**4:24 Moses:** Die •bronteks lui “hom”. Sommige verstaan dit as 'n verwysing na Gersom.

\* **4:25 vuurklip:** Jos 5:2-3

\* **4:25 voorhuid af:** Gen 17:11

<sup>e</sup>**4:25 Moses se:** Die bronteks lui “sy”.

<sup>f</sup>**4:25 sy voete:** Dit is waarskynlik 'n eufemisme vir ‘sy geslagsorgaan’.

<sup>g</sup>**4:25 bloedbruidegom:** Letterlik ‘bruidegom van bloed’. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.

\* **4:27** Eks 4:14

woestyn.<sup>h</sup>” Hy het gegaan en op hom afgekom by die berg van God,<sup>\*</sup> en hom gesoen.<sup>\*</sup> <sup>28</sup> Moses het Aäron ingelig oor al die woorde van die HERE, wat hom gestuur het, en oor al die tekens wat Hy hom beveel het.

<sup>29</sup> Moses en Aäron het toe gegaan en al die oudstes<sup>i</sup> van die Israeliete byeengebring. <sup>30</sup> Aäron het al die woorde wat die HERE vir Moses gesê het, herhaal. Moses het al die tekens voor die oë van die volk gedoen, <sup>31</sup> en die volk het geglo.<sup>\*</sup> Toe hulle hoor dat die HERE aandag gee aan die Israeliete en dat Hy hulle ellende raakgesien het, het hulle gekniel en in aanbidding gebuig.<sup>\*</sup>

## 5

### Moses en Aäron voor die farao

<sup>1</sup> Hierna het Moses en Aäron gegaan en vir die farao gesê: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Laat my volk gaan, sodat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn.’<sup>j\*</sup>” <sup>2</sup> Maar die farao het gesê: “Wie is die HERE, dat ek na sy stem moet luister om Israel te laat gaan? Ek ken nie die HERE nie,<sup>\*</sup> en Israel sal ek ook nie laat gaan nie.<sup>\*</sup>” <sup>3</sup> Toe sê hulle: “Die

---

<sup>h</sup>4:27 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>\*</sup> 4:27 **berg van God:** Eks 3:1; 18:5; 24:13; Num 10:33; 1 Kon 19:8

<sup>\*</sup> 4:27 **hom gesoen:** Gen 33:4; 45:14-15

<sup>i</sup>4:29 **oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

<sup>\*</sup> 4:30 Eks 4:10-17

<sup>\*</sup> 4:31 **volk het geglo:** Eks 3:18

<sup>\*</sup> 4:31 **in aanbidding gebuig:** Eks 12:27; 33:10; 2 Kron 29:28; Ps 99:5; 132:7; Jes 66:23; Eseg 46:2-3,9

<sup>j</sup>5:1 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>\*</sup> 5:1 **fees ... woestyn:** Eks 8:1; 9:1; 10:9; 12:14

<sup>\*</sup> 5:2 **Wie ... HERE nie:** Eks 7:17; 8:10; 9:29-30

<sup>\*</sup> 5:2 **Israel sal ek ... gaan nie:** Eks 3:19



God van die Hebreërs<sup>k\*</sup> het Hom aan ons bekend gemaak. Laat ons asseblief drie dagreise in die woestyn ingaan, sodat ons aan die HERE ons God kan offer; anders tref Hy ons met pessiëkte of die swaard.\*”

<sup>4</sup> Maar die koning van Egipte het hulle geantwoord: “Waarom, Moses en Aäron, hou julle die volk uit hulle werk? Gaan terug na julle dwangarbeid!” <sup>5</sup> \*Die farao het gedink, kyk, die volk van die land is nou reeds baie,\* en julle hou hulle uit hulle dwangarbeid.

<sup>6</sup> Die farao het nog dieselfde dag die volk se slawedrywers en opsieners<sup>l</sup> beveel: <sup>7</sup> “Julle mag nie soos voorheen\* voortgaan om vir die volk strooi te gee om bakstene te maak nie. Hulle moet nou self gaan om vir hulle strooi bymekaar te maak. <sup>8</sup> Maar dieselfde hoeveelheid bakstene wat hulle voorheen gemaak het, moet julle steeds van hulle vereis. Julle mag dit nie inkort nie, want hulle is luiards. Dit is waarom hulle uitroep, ‘Ons wil gaan, ons wil aan ons God offer!’\* <sup>9</sup> Die werk moet so swaar druk op die manne dat hulle daarmee besig bly en nie aandag gee aan 'n klomp leuens nie.”

<sup>10</sup> \*Die volk se slawedrywers en opsieners het uitgegaan en vir die volk gesê: “So sê die farao, ‘Ek gee vir julle geen strooi nie. <sup>11</sup> \*Gaan kry self vir julle strooi waar julle dit ook al mag vind; maar julle werk word

---

<sup>k</sup>**5:3 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

\***5:3 God ... Hebreërs:** Gen 10:21; Eks 3:18; 7:16; 9:1; 10:3

\***5:3 pessiëkte ... swaard:** Vgl Jer 34:17

\***5:5 — 12:51** Deut 4:34

\***5:5 volk ... baie:** Eks 1:9

<sup>l</sup>**5:6 opsieners:** Persone wat moes rekord hou van werk wat gelewer is.

\***5:7 soos voorheen:** Eks 1:15

\***5:8 Ons ... offer:** Eks 3:18

\***5:10** Eks 5:6-7

\***5:11** Eks 5:7-8

geensins verminder nie.’ ” <sup>12</sup> Die volk het toe oor die hele Egipteland uitgegaan om stoppels in die plek van die strooi bymekaar te maak.

<sup>13</sup> Die slawedrywers het hulle aangejaag en gesê: “Maak julle werk klaar, die taak vir elke dag, soos toe daar strooi was.”

<sup>14</sup> Die opsieners van die Israeliete wat die slawedrywers van die farao oor hulle aangestel het, is geslaan. “Waarom het julle nie ook vandag, soos voorheen, julle kwota bakstene gemaak nie?” <sup>15</sup> Die opsieners van die Israeliete het toe na die farao\* gegaan en uitgeroep: “Waarom maak u so met u dienaars? <sup>16</sup> Geen strooi word vir u dienaars gegee nie, maar oor die bakstene sê hulle vir ons, ‘Maak dit!’ Kyk, u dienaars word geslaan, maar die fout lê by u mense.\*” <sup>17</sup> Hy het geantwoord: “Julle is luiaards, luiaards!\* Daarom sê julle, ‘Ons wil gaan; ons wil aan die HERE gaan offer.’\* <sup>18</sup> \*Gaan werk dan nou! Strooi sal nie aan julle voorsien word nie, maar die vaste getal bakstene moet julle lewer.”

<sup>19</sup> Die opsieners van die Israeliete sien toe dat hulle in die moeilikheid is, omdat vir hulle gesê is: “Julle mag julle bakstene, die taak vir elke dag, nie verminder nie.” <sup>20</sup> Toe hulle van die farao af weggaan, kom hulle op Moses en Aäron af, wat vir hulle staan en wag. <sup>21</sup> Hulle sê toe vir hulle: “Mag die HERE julle raaksien en oor julle oordeel, omdat julle ons aanstootlik gemaak<sup>m</sup> het in die oë van die farao en sy amptenare, deur 'n swaard in hulle hand te plaas om ons dood te maak.”

<sup>22</sup> Moses het toe weer na die HERE gegaan en gesê: “My Heer, waarom behandel U hierdie volk sleg? Waarom het U juis vir my gestuur?”

---

\*5:15 die farao: Eks 1:19,22; 3:18

\*5:16 fout ... mense: Vgl Eks 9:27

\*5:17 Julle ... luiaards: Eks 5:8

\*5:17 Ons ... offer: Eks 3:18

\*5:18 Eks 5:12-13

<sup>m</sup>5:21 ons ... gemaak: Die Hebreeuse idioom is ‘ons reuk stink gemaak’.

<sup>23</sup> Vandat ek by die farao aangekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk sleg behandel, en U het glad nie u volk gered nie.” <sup>24 n</sup>Die HERE het toe vir Moses gesê: “Nou sal jy sien wat Ek aan die farao gaan doen; want, gedwing\* deur 'n sterk hand, sal hy hulle laat gaan; ja, gedwing deur 'n sterk hand, sal hy hulle uit sy land wegjaag.”

## 6

### Beloftes van God

<sup>1 o\*</sup>God het met Moses gepraat en vir hom gesê: “Ek is die HERE.\* <sup>2</sup> Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn\* as God,\* die Almagtige,<sup>p</sup> maar met my Naam ‘HERE’ het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie.\* <sup>3</sup> Ek het ook my verbond met hulle tot stand gebring,\* om vir hulle die land Kanaän te gee,\* die land van hulle tydelike verblyf waarin hulle vreemdelinge was. <sup>4 \*\*</sup> Ek het self ook die gekreun van die Israeliete gehoor, hulle wat deur die Egiptenare verplig word om te

---

<sup>n</sup>5:24 In die •bronteks is hierdie vers Eks 6:1.

\* 5:24 die farao ... want, gedwing: Eks 3:19-20; Hand 13:17

<sup>o</sup>6:1-29 Die •bronteks nommer hierdie verse as Eks 6:2-30.

\* 6:1-2 Eks 3:6

\* 6:1 Ek ... HERE: Eks 12:12; Lev 18:5-6; Num 3:13; Jes 42:6; Jer 9:24

\* 6:2 Abraham ... verskyn: Gen 17:1

\* 6:2 Abraham ... God: Gen 28:13; Eks 4:5; 6:2; Deut 6:3; 1 Kon 18:36; 1 Kron 29:18; 2 Kron 30:6; Matt 22:32; Hand 7:32

<sup>p</sup>6:2 Almagtige: In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

\* 6:2 Naam ... gemaak nie: Eks 3:13-14

\* 6:3 Ek ... gebring: Gen 17:7; Eks 2:24

\* 6:3 land ... gee: Gen 15:7; 17:8; 48:3; Eks 12:25; 13:5,11; 33:1

\* 6:4-7 Eseg 20:5-6

\* 6:4 Eks 2:24

werk, en Ek het aan my verbond gedink.

<sup>5</sup> “Daarom, sê vir die Israëliete, ‘Ek is die HERE, en Ek sal julle uitlei, weg van die dwangarbeid van Egipte. Ek sal julle verlos van hulle slawewerk, en Ek sal julle loskoop\* met 'n uitgestrekte arm en met geweldige oordele.\* <sup>6</sup> Ek gaan julle as volk vir My neem en Ek sal vir julle 'n God wees.\* Dan sal julle besef dat Ek die HERE julle God is\* wat julle uitlei, weg van die dwangarbeid van Egipte. <sup>7</sup> \*Ek sal julle bring na die land, waaroor Ek my hand opgehef het<sup>q</sup> om dit aan Abraham, aan Isak, en aan Jakob te gee, en Ek sal dit aan julle as eiendom gee. Ek is die HERE.’ ”

<sup>8</sup> Moses het dit toe net so vir die Israëliete gaan sê, maar hulle het nie na Moses geluister nie,\* omdat hulle neerslagtig was en hard moes werk.\* <sup>9</sup> Die HERE het toe met Moses gepraat en gesê: <sup>10</sup> “Gaan praat met die farao, die koning van Egipte, sodat hy die Israëliete uit sy land laat gaan.” <sup>11</sup> Maar Moses het voor die HERE gesê: “Kyk, die Israëliete het nie eers na my geluister nie,\* hoe sal die farao dan na my luister, terwyl

---

\* 6:5 Vgl Ps 81:7; Hand 13:17

\* 6:5 Ek sal julle loskoop: Lev 25:47-49

\* 6:5 uitgestrekte ... oordele: Deut 9:29; Ps 136:11-12

\* 6:6 Ek ... God wees: Gen 17:7-8; Lev 26:11-12; Jer 32:38; Eseg 37:27; Sag 8:8; 2 Kor 6:16; vgl Eks 2:22; Heb 8:10

\* 6:6 Dan ... God is: Eks 16:12; Deut 4:35,39; 1 Sam 2:2; Jes 44:6; Joël 3:17; Mark 12:32; Hand 13:17; 1 Kor 8:4

\* 6:7 Eks 13:5,11; 32:13; Lev 20:24; Deut 6:23; vgl Num 23:19; Deut 6:19

<sup>q</sup>6:7 hand ... het: 'n Simboliese handeling by die aflê van 'n eed; vgl Deut 32:40.

\* 6:8 nie ... luister nie: Eks 6:11

\* 6:8 hard ... werk: Eks 1:14; 2:23

\* 6:11 nie ... geluister nie: Eks 6:8

my lippe lomp<sup>r\*</sup> is?”<sup>12</sup> \*Die HERE het egter met Moses en Aäron gepraat en hulle opdragte gegee oor die Israeliete, en oor die farao, die koning van Egipte, om die Israeliete uit Egipteland te lei.

### **Geslagsregister van Moses en Aäron**

<sup>13</sup> Dit was die familiehoofde:

Die seuns van Ruben, eersgeborene van Israel, was Ganog, Pallu, Gesron en Karmi.

Dit was die familiegroepe van Ruben.\*

<sup>14</sup> \*Die seuns van Simeon was Jemuel, Jamin, Ohad, Jagin, Sogar en Saul, die seun van 'n Kanaänitiese vrou.

Dit was die familiegroepe van Simeon.

<sup>15</sup> \*Die volgende was die name van die nageslag van Levi volgens hulle familieregister:

Gerson en Kehat en Merari. Levi het honderd sewe-en-dertig jaar lank geleef.

<sup>16</sup> \*Die seuns van Gerson was Libni en Simi, volgens hulle familiegroepe.

<sup>17</sup> \*Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël. Kehat het honderd drie-en-dertig jaar lank geleef.

---

<sup>r</sup>**6:11 my lippe lomp:** Die Hebreeuse idioom is ‘onbesnede van lippe’; vgl Eks 6:29.

\***6:11 lippe lomp:** Vgl Eks 4:10

\***6:12** Eks 3:10; 4:14-16; vgl Jer 1:6

\***6:13 seuns ... familiegroepe van Ruben:** Gen 29:32; 46:8-9; Num 3:17; 26:5-6; 1 Kron 5:3

\***6:14** Gen 29:33; 46:10; Num 26:12-13; 1 Kron 4:24

\***6:15** Gen 29:34; 46:11; Num 3:17; 1 Kron 6:1,16

\***6:16** Eks 3:15; Num 3:18; 1 Kron 6:17

\***6:17** Eks 3:15; Num 3:19; 1 Kron 6:18

<sup>18</sup> \* Die seuns van Merari was Magli en Musi.

Dit was die familiegroepe van Levi, volgens hulle familieregister.

<sup>19</sup> \* Amram het Jogebed, sy pa se suster, vir hom as vrou geneem, en sy het vir hom Aäron en Moses in die wêreld gebring. Amram het honderd sewe-en-dertig jaar lank geleef.

<sup>20</sup> \* Die seuns van Jishar was Korag, Nefeg en Sigri.

<sup>21</sup> Die seuns van Ussiël was Misael, Elisafan en Sitri.

<sup>22</sup> \* Aäron het Eliseba, die dogter van Amminadab en die suster van Nagson, vir hom as vrou geneem, en sy het vir hom Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar in die wêreld gebring.

<sup>23</sup> \* Die seuns van Korag was Assir, Elkana en Abiasaf. Dit was die familiegroepe van die Koragiete.

<sup>24</sup> \* Eleasar, die seun van Aäron, het een van die dogters van Putiël vir hom as vrou geneem, en sy het aan Pinehas geboorte gegee. Dit was die familiehoofde van Levi volgens hulle familiegroepe.

<sup>25</sup> \* Dit is dieselfde Aäron en Moses vir wie die HERE gesê het: “Lei die Israëliete uit Egipteland volgens hulle leërafdelings.” <sup>26</sup> Dit is hulle wat met die farao, die koning van Egipte, gepraat het om die Israëliete uit Egipte te lei, hierdie selfde Moses en Aäron.

---

\* **6:18** Eks 3:15; Num 3:20; 1 Kron 6:19

\* **6:19** Eks 6:17; Num 26:59; 1 Kron 6:3; vgl Lev 18:12-13; 20:19

\* **6:20-21** Eks 6:17; Num 3:19,27

\* **6:22** Eks 28:1; Num 3:2; 26:60

\* **6:23** 1 Kron 6:22

\* **6:24** Num 25:7

\* **6:25-26** Eks 5:1; 6:6-10

## Moses en die towenaars

<sup>27</sup> Die dag toe die HERE met Moses in Egipteland gepraat het, <sup>28</sup> het die HERE vir Moses gesê: “Ek is die HERE.\* Sê vir die farao, die koning van Egipte, alles wat Ek vir jou sê.” <sup>29</sup> \*Waarop Moses toe voor die HERE gesê het: “Kyk, my lippe is lomp, hoe sal die farao na my luister?”

## 7

<sup>1</sup> \*Die HERE het egter vir Moses gesê: “Kyk, Ek maak jou 'n god vir die farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees. <sup>2</sup> Jy moet alles sê wat Ek jou beveel, en jou broer Aäron moet met die farao praat, dat hy die Israeliete uit sy land laat gaan. <sup>3</sup> \*Maar Ek sal die farao se hart verhard\* en my tekens en wondertekens\* in Egipteland vermeerder. <sup>4</sup> Die farao sal nie na julle luister nie, en Ek sal my hand met geweldige oordele op Egipte lê en my leërafdelings, my volk, die Israeliete, uit Egipteland lei. <sup>5</sup> Die Egiptenare sal besef dat Ek die HERE is\* wanneer Ek my hand oor Egipte uitstrek en die Israeliete uit hulle midde lei.”

<sup>6</sup> Moses en Aäron het toe so gemaak — presies soos die HERE hulle beveel het, het hulle gemaak. <sup>7</sup> Moses was tagtig en Aäron was drie-en-tagtig jaar oud toe hulle met die farao gaan praat het. <sup>8</sup> \*Die HERE het vir Moses en Aäron gesê: <sup>9</sup> “As die farao met julle praat en sê, ‘Doen

---

\* **6:28 Ek is ... HERE:** Eks 6:1

\* **6:29** Eks 6:11

\* **7:1-2** Eks 4:15-16

\* **7:3-5** Ps 78:12; Hand 7:36

\* **7:3 hart verhard:** Eks 7:22; 8:19; 9:12,35; 10:1,20,27; Rom 9:18; vgl Eks 9:17; 11:10; 14:4

\* **7:3 tekens en wondertekens:** Eks 4:21; Deut 4:34; 7:19; 26:8; 34:11; Ps 105:27; Jer 32:20-21; Hand 7:36

\* **7:5 sal ... HERE is:** Eks 10:2; 14:4,18; Jos 4:24; 1 Kon 20:13; Ps 83:18; vgl Eks 6:6

\* **7:8-13** Eks 4:2-5

julle 'n teken!’, dan moet jy vir Aäron sê, ‘Neem jou staf en gooi dit voor die farao neer, dan sal dit 'n slang word.’ ”

<sup>10</sup> Moses en Aäron het toe na die farao gegaan en gedoen presies soos die HERE beveel het. Aäron het sy staf voor die farao en voor sy amptenare neergegooi, en dit het 'n slang geword.\* <sup>11</sup> Die farao roep toe op sy beurt die wyse manne en towenaars, en ook hulle, die Egiptiese waarsêerpriesters,\* het dieselfde gedoen\* met hulle towerkuns. <sup>12</sup> Elkeen van hulle het sy staf neergegooi en dit het slange geword, maar Aäron se staf het hulle stawwe ingesluk.

<sup>13</sup>\* Die farao se hart was egter verhard en hy het nie na hulle geluister nie, soos die HERE gesê het.

### Eerste plaag

<sup>14</sup>\*\* Die HERE het vir Moses gesê: “Die farao se hart is onversetlik,<sup>s</sup> hy weier om die volk te laat gaan. <sup>15</sup> Gaan in die oggend na die farao. Kyk, hy gaan uit na die water.\* Wag vir hom aan die kant van die Nyl. Die staf wat in 'n slang verander het, moet jy in jou hand neem.\* <sup>16</sup> Sê vir die farao, ‘Die HERE, die God van die Hebreërs,<sup>t</sup> het my na u gestuur om te

---

\*7:10 Aäron het sy ... geword: Eks 4:2-3; 7:9-10,19-20; 8:5-6,16-17; 9:23; 10:13; 17:5-6

\*7:11 waarsêerpriesters: Vgl Gen 41:8; 2 Tim 3:8

\*7:11 dieselfde gedoen: Eks 7:22; 8:7; vgl 8:18; 9:11

\*7:13 Eks 4:21; 7:3,22; 8:19; 9:12,35; 10:1,20,27; 11:10; 14:4; vgl 9:17

\*7:14 — 12:30 Vgl Ps 78:43-52

\*7:14-24 Ps 78:44; 105:29

<sup>s</sup>7:14 hart is onversetlik: Die Hebreuse idioom is ‘sy hart is swaar’.

\*7:15 Gaan ... water: Eks 8:20

\*7:15 staf ... neem: Eks 7:9

<sup>t</sup>7:16 Hebreërs: 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

\*7:16 God ... Hebreërs: Gen 10:21; Eks 3:18; 5:3; 9:1; 10:3



sê: “Laat my volk gaan, sodat hulle My in die woestyn<sup>u</sup> kan dien.” Kyk, tot nou toe het u nie geluister nie. <sup>17</sup> \*So sê die HERE: “Hieraan sal jy weet dat Ek die HERE is.”\* Kyk, ek gaan met die staf wat in my hand is op die water in die Nyl slaan, en dit sal in bloed verander;\* <sup>18</sup> \*en die visse in die Nyl sal vrek, en die Nyl sal stink, sodat die Egiptenare nie meer water uit die Nyl kan drink nie.’ ”

<sup>19</sup> \*Verder het die HERE vir Moses gesê: “Sê vir Aäron, ‘Neem jou staf en strek jou hand uit\* oor die waters van Egipte, oor hulle riviere, hulle kanale, hulle vleilande en oor al hulle opgaarplekke vir water — dan sal dit bloed word. Daar sal bloed wees in die hele Egipteland, selfs in die hout- en klipbakke.’ ”

<sup>20</sup> \*Moses en Aäron het toe so gemaak, net soos die HERE beveel het. Aäron het die staf opgelig en die water in die Nyl geslaan voor die oë van die farao en sy amptenare; en al die water in die Nyl het in bloed verander. <sup>21</sup> Die visse in die Nyl het gevrek, en die Nyl het so gestink dat die Egiptenare die water uit die Nyl nie kon drink nie. Daar was bloed in die hele Egipteland.

<sup>22</sup> Maar die Egiptiese waarsêerpriesters het dieselfde gedoen met hulle towerkuns.\* Die farao se hart het verhard en hy het nie na hulle geluister nie, soos die HERE gesê het. <sup>23</sup> Die farao het net omgedraai en

---

<sup>u</sup>**7:16 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

\***7:17-21** Op 16:3

\***7:17 Hieraan ... HERE is:** Eks 7:5

\***7:17 water ... bloed verander:** Vgl Eks 4:2,9; Op 11:6

\***7:18** Vgl Jes 19:5-10

\***7:19-24** Op 16:4

\***7:19 Neem ... uit:** Eks 7:19-20; 8:5-6,16-17; 9:22-23; 10:12-13,21; 14:21,26-27

\***7:20-21** Op 8:8

\***7:22 Maar ... towerkuns:** Eks 7:11; 2 Tim 3:8

sy paleis binnegegaan. Selfs dit het hy nie ter harte geneem nie. <sup>24</sup> Maar al die Egiptenare het al langs die Nyl gegrawe vir water om te drink, want hulle kon die water van die Nyl nie drink nie.

<sup>25</sup> 'n Volle sewe dae het verbygegaan nadat die HERE die Nyl getref het.

## 8

### Tweede plaag

<sup>1 v\*</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan na die farao en sê vir hom, ‘So sê die HERE: “Laat my volk gaan, sodat hulle My kan dien. <sup>2 \*</sup> As jy bly weier om hulle te laat gaan — kyk, Ek gaan jou hele grondgebied met paddas tref. <sup>3</sup> Die Nyl sal wemel van die paddas. Hulle sal opkom en in jou huis kom, in jou slaapkamer en op jou bed; in die huise van jou amptenare en by jou mense; in jou bakoonde en jou knieskottels. <sup>4</sup> Op jou en jou mense en op al jou amptenare sal die paddas spring.” ’ ’ ”

<sup>5 \*</sup> Die HERE sê toe vir Moses: “Sê vir Aäron, ‘Strek jou hand, met jou staf, uit oor die riviere, die kanale en oor die vleilande, en laat die paddas opkom oor Egipteland.’ ” <sup>6</sup> Aäron strek toe sy hand uit oor die waters van Egipte, en die paddas het opgekom en Egipteland oordek. <sup>7 \*</sup> Maar die waarsêerpriesters het dieselfde gedoen met hulle towerkuns, en paddas laat opkom oor Egipteland.

<sup>8</sup> Toe ontbied die farao vir Moses en Aäron en sê: “Pleit by die HERE\* dat Hy die paddas van my en my mense wegneem, dan sal Ek die volk laat gaan, sodat hulle aan die HERE kan offer.” <sup>9</sup> Moses sê toe vir die

---

<sup>v</sup>8:1-32 Die •bronteks nommer hierdie verse as Eks 7:26 — 8:28.

\*8:1 Eks 3:12; 5:1; 8:1; 9:1; 10:9; 12:14

\*8:2-4 Ps 78:45; 105:30

\*8:5-6 Eks 7:19-20; 8:16-17; 9:22-23; 10:12-13,21; 14:21,26-27

\*8:7 Eks 7:11,22; vgl 8:18

\*8:8 Pleit ... HERE: Eks 8:28; 9:28; 10:17; 12:32

farao: “Dit is u voorreg om te besluit.<sup>w</sup> Wanneer moet ek vir u, u amptenare en u mense pleit, om die paddas uit te roei by u en uit u huise, dat hulle net in die Nyl oorbly?”<sup>10</sup> Hy het geantwoord: “Môre.” Toe sê Moses: “Dit sal wees soos u sê, sodat u kan weet dat daar niemand is soos die HERE ons God nie.”<sup>11</sup> Die paddas sal weggaan van u af en uit u huise uit, weg van u amptenare en u mense. Net in die Nyl sal daar van hulle oorbly.”

<sup>12</sup> Moses en Aäron het van die farao af weggegaan, en Moses het na die HERE om hulp geroep oor die probleem van die paddas wat Hy vir die farao beskik het.<sup>13</sup> Die HERE het toe volgens Moses se versoek opgetree: Die paddas het gevrek in die huise, in die dorpies en op die landerye.

<sup>14</sup> Hulle het dit op hope gegooi, en die land het gestink.

<sup>15</sup> \*Toe die farao sien dat daar uitkoms is, was hy onversetlik<sup>x</sup> en het hy nie na hulle geluister nie, soos die HERE gesê het.

### Derde plaag

<sup>16</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Sê vir Aäron, ‘Steek jou staf uit’ en slaan die stof op die grond; dan sal dit muggies\* word in die hele Egipteland.’ ”<sup>17</sup> Hulle het toe so gemaak. Aäron het sy hand met sy staf uitgestrek, die stof op die grond geslaan, en daar was muggies op mens en dier.\* Al die stof van die land het muggies geword in die hele

---

<sup>w</sup>**8:9 Dit ... besluit:** Die Hebreeuse idioom is ‘Toon u eer bo my.’

<sup>\*</sup>**8:10 sodat ... nie:** 1 Sam 2:2; 2 Sam 7:22; 1 Kon 8:23; Ps 86:8; Jes 46:9; vgl Eks 9:14

<sup>\*</sup>**8:15 Eks 7:13-14;** vgl Eks 4:21; 11:10

<sup>x</sup>**8:15 was hy onversetlik:** Die Hebreeuse idioom is ‘hy het sy hart swaar gemaak’.

<sup>\*</sup>**8:16-17 Steek ... uit:** Eks 7:19-20; 8:5-6; 9:22-23; 10:12-13,21; 14:21,26-27

<sup>\*</sup>**8:16 muggies:** Ps 78:45; 105:31

<sup>\*</sup>**8:17 mens en dier:** Eks 9:9,22; 12:12

Egipteland. <sup>18</sup> \*Die waarsêerpriesters het dit ook probeer doen — met hulle towerkuns muggies probeer voortbring — maar hulle kon nie. Daar was muggies op mens en dier. <sup>19</sup> Toe sê die waarsêerpriesters vir die farao: “Dit is die vinger van God!” Maar die farao se hart was verhard en hy wou nie na hulle luister nie, soos die HERE gesê het.\*

### Vierde plaag

<sup>20</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Staan môreoggend vroeg\* op en meld jou aan by die farao. Kyk, hy gaan uit na die water. Sê vir hom, ‘So sê die HERE: “Laat my volk gaan, sodat hulle My kan dien. <sup>21</sup> Want as jy my volk nie laat gaan nie — kyk, Ek gaan op jou en jou amptenare en jou mense en in jou huise steekvlieë loslaat. Die huise van die Egiptenare sal vol steekvlieë wees, selfs op die grond waarop hulle staan. <sup>22</sup> Maar op daardie dag sal Ek 'n uitsondering maak\* van die Gosenstreek, waar my volk 'n staanplek het. Daar sal nie steekvlieë wees nie, sodat jy kan weet dat Ek die HERE, hier in die land is. <sup>23</sup> Ek sal onderskeid maak<sup>y</sup> tussen my volk en jou volk. Môre sal hierdie teken plaasvind.” ’ ’ ”

<sup>24</sup> Die HERE het dit toe so gedoen. Digte swerms steekvlieë het die paleis van die farao en die huise van sy amptenare binnegedring. In die hele Egipteland het die land skade gely as gevolg van die steekvlieë.

<sup>25</sup> \*Die farao het Moses en Aäron ontbied en gesê: “Gaan, offer vir julle God in die land!” <sup>26</sup> Maar Moses het geantwoord: “Dit is nie reg om dit

---

\* **8:18** Eks 7:11,22; 8:7; 9:11

\* **8:19 vinger van God:** Luk 11:20

\* **8:19 Maar ... het:** Eks 4:21; 7:3,13,22; 9:12,35; 10:1,20,27; 11:10; 14:4; vgl 9:17

\* **8:20 môreoggend vroeg:** Eks 7:15

\* **8:22 uitsondering maak:** Eks 9:4,26; 10:23; 11:7; 12:23

<sup>y</sup>**8:23 onderskeid maak:** Die •Septuagint en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui : “'n uitredding plaas”.

\* **8:25-27** Eks 3:18

so te doen nie, want dit is afstootlik vir die Egiptenare wanneer ons vir die HERE ons God offer. As ons dit wat afstootlik is vir die Egiptenare voor hulle oë offer, sal hulle ons nie dan stenig nie? <sup>27</sup> Ons wil drie dagreise ver die woestyn<sup>z</sup> ingaan om vir die HERE ons God te offer, soos Hy vir ons sê.”

<sup>28</sup> Daarop het die farao gesê: “Ek sal julle laat gaan, dat julle vir die HERE julle God in die woestyn kan offer. Julle mag net nie te ver weggaan nie. En pleit vir my!” <sup>29</sup> Moses het toe gesê: “Kyk, wanneer ek van u af weggaan, sal ek by die HERE pleit dat die steekvlieë môre van die farao, sy amptenare en van sy volk af padgee. Mag dit net nie so wees dat die farao weer die spot dryf deur die volk nie te laat gaan om vir die HERE te offer nie.”

<sup>30</sup> Moses het van die farao af weggegaan en by die HERE gepleit. <sup>31</sup> Die HERE het toe volgens Moses se versoek opgetree: Die steekvlieë het van die farao, sy amptenare, en van sy volk af padgegee. Daar het nie een oorgebly nie. <sup>32</sup> \*Maar die farao was ook hierdie keer onversetlik,<sup>a</sup> en het die volk nie laat gaan nie.

## 9

### Vyfde plaag

<sup>1</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan na die farao en sê vir hom, ‘So sê

---

<sup>z</sup>8:27 **woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

\* 8:28 **pleit vir my:** Eks 8:8

\* 8:32 Eks 7:13-14; 8:15; vgl Eks 4:21

<sup>a</sup>8:32 **was ... onversetlik:** Vgl voetnoot by Eks 8:15.

die HERE, die God van die Hebreërs:<sup>b\*</sup> “Laat my volk gaan, sodat hulle My kan dien.\* <sup>2</sup> Want as jy aanhou weier om hulle te laat gaan en jy hulle steeds terughou — <sup>3</sup> kyk, die hand van die HERE is teen jou vee wat in die veld is. Onder die perde, die donkies, die kamele, die beeste en die kleinvee sal daar 'n baie swaar pessiëkte uitbreek. <sup>4</sup> Maar die HERE sal onderskeid tref\* tussen die vee van Israel en die vee van Egipte, sodat niks van alles wat aan die Israeliete behoort, sal doodgaan nie. <sup>5</sup> \*Die HERE het 'n vaste tyd bepaal en gesê, ‘Môre sal die HERE dit in die land doen.’ ” ” ” ”

<sup>6</sup> Die HERE het dit toe die volgende dag gedoen. Al die vee van die Egiptenare het gevrek, maar van die vee van die Israeliete het daar nie een gevrek nie. <sup>7</sup> Die farao het mense gestuur, en sowaar, van die vee van Israel was nie eers een dood nie. Maar die hart van farao was onversetlik,<sup>c</sup> \* en hy het die volk nie laat gaan nie.

### Sesde plaag

<sup>8</sup> Die HERE het vir Moses en Aäron gesê: “Neem vir julle dubbele hande vol roet uit 'n oond. Moses moet dit voor die oë van die farao in die lug opgooi. <sup>9</sup> \*Dit sal fyn stof word oor die hele Egipteland. Dit sal in die hele Egipteland op mens en dier swere word wat in oop sere uitbars.”

---

<sup>b</sup>**9:1 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

\***9:1 God ... dien:** Eks 3:18; 5:3; 7:16; 10:3

\***9:1 Laat ... dien:** Eks 3:12; 5:1; 7:16; 8:1

\***9:4 onderskeid tref:** Eks 8:22; 9:26; 10:23; 11:7; 12:23

\***9:5** Vgl Eks 8:10,23

<sup>c</sup>**9:7 die hart ... onversetlik:** Die Hebreuse idioom is ‘die hart van die farao was swaar’.

\***9:7 farao was onversetlik:** Eks 7:13-14; 8:15; vgl Eks 4:21

\***9:9-10** Op 16:2; vgl Deut 28:27

<sup>10</sup> Hulle het toe roet uit 'n oond geneem en voor die farao gaan staan. Moses het dit in die lug opgegooi, en dit het swere geword wat op mens en dier in oop sere uitgebars het. <sup>11</sup> \*Die waarsêerpriesters kon nie voor Moses bly staan nie vanweë die swere, want die swere was op die waarsêerpriesters en op al die Egiptenare. <sup>12</sup> Maar die HERE het die hart van die farao verhard,\* en hy het nie na hulle geluister nie, soos die HERE vir Moses gesê het.

### Sewende plaag

<sup>13</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Staan môreoggend vroeg op en meld jou aan by die farao. Sê vir hom, ‘So sê die HERE, die God van die Hebreërs:<sup>d</sup> “Laat my volk gaan, sodat hulle My kan dien. <sup>14</sup> Want hierdie keer gaan Ek jou met al my plaë in die hart tref, ook jou amptenare en jou mense, sodat jy sal weet dat daar op die hele aarde niemand soos Ek is nie.\* <sup>15</sup> Want Ek kon nou al my hand uitgesteek en jou en jou volk met pessiëkte getref het. Jy sou van die aarde af verdwyn het. <sup>16</sup> \*Maar aan die ander kant, om hierdie rede het Ek jou staande gehou, om jou my krag te toon, sodat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word. <sup>17</sup> Jy verhef jouself nog steeds teen my volk, deur hulle nie te laat gaan nie. <sup>18</sup> \*Kyk, môre teen hierdie tyd gaan Ek baie swaar hael laat neerreën, soos wat daar nog nooit in Egipte was nie, van die dag dat dit

---

\***9:11** Eks 7:11,22; 8:7,18

\***9:12 hart ... verhard:** Eks 4:21; 7:3,13,22; 8:19; 9:35; 10:1,20,27; 11:10; 14:4; Rom 9:18; vgl Eks 9:17

\***9:13** Eks 9:1

<sup>d</sup>**9:13 Hebreërs:** 'n Benaming wat deur vreemdelinge gebruik is om na Israeliete te verwys, veral toe hulle nog halfnomades was.

\***9:14 niemand ... is nie:** 1 Kron 17:20; Jes 44:6; vgl Eks 8:10

\***9:16** Eks 10:1-2; Rom 9:17

\***9:18-26** Ps 78:47-48; 105:32

gevestig is tot nou toe. <sup>19</sup> Stuur dan nou mense, en bring jou vee en alles in die veld wat aan jou behoort, na veiligheid. Elke mens en dier wat hom in die veld bevind en nie na veiligheid gebring is nie — op hulle sal die hael val en hulle sal sterf.” ’ ’ ”

<sup>20</sup> Van die farao se amptenare wat ontsag gehad het vir die woord van die HERE, het hulle slawe en vee haastig na veiligheid gebring. <sup>21</sup> Maar dié wat nie die woord van die HERE ter harte geneem het nie, het hulle slawe en vee in die veld agtergelaat.

<sup>22</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Strek jou hand uit na die hemel, sodat daar hael sal val in die hele Egipteland, op mens en dier en op al die plante in die veld in Egipteland.” <sup>23</sup> \*Moses het toe sy staf na die hemel uitgesteek,\* en die HERE het donderslae en hael beskik, terwyl weerligstrale op die grond neerslaan. Die HERE het hael op Egipteland laat neerreën. <sup>24</sup> \*Daar was hael, en tussen die hael deur het weerligstrale aanhoudend geblits. Dit was 'n baie swaar haelbui, soos wat daar nog nooit in Egipteland was vandat hulle 'n nasie geword het nie. <sup>25</sup> Die hael het die hele Egipteland getref, alles wat in die veld was, mens en dier. Al die plante in die veld is deur die hael platgeslaan, elke boom in die veld is stukkend geslaan. <sup>26</sup> \*Net in die Gosenstreek, waar die Israeliete was, het daar nie hael geval nie.

<sup>27</sup> \*Die farao het Moses en Aäron ontbied en vir hulle gesê: “Ek het hierdie keer gesondig. Die HERE het gelyk en ek en my volk is verkeerd. <sup>28</sup> Pleit by die HERE,\* want daar is genoeg donderslae van God, en hael;

---

\*9:23-26 Op 8:7

\*9:23 staf ... uitgesteek: Eks 7:19-20; 8:5-6,16-17; 10:12-13,21; 14:21,26-27

\*9:24 Ps 78:47; 105:22-33; Op 11:19; 16:21

\*9:26 Eks 8:22; 9:4; 10:23; 11:7; 12:23

\*9:27 Eks 10:16

\*9:28 Pleit ... HERE: Eks 8:8,28; 10:17; 12:32



ek sal julle laat gaan, julle hoef nie langer te bly nie.”

<sup>29</sup> Moses het vir hom gesê: “Sodra ek uit die stad is, sal ek my hande na die HERE uitstrek.<sup>e</sup> Die donderslae sal ophou en daar sal nie meer hael wees nie, sodat u kan weet dat die aarde aan die HERE behoort.\* <sup>30</sup> Maar wat u en u amptenare betref, ek weet dat u nog nie vir die HERE God ontsag het nie.”

<sup>31</sup> <sup>f</sup>Die vlas en die gars was weggeslaan, omdat die gars reeds in die aar was, en die vlas in die knopstadium. <sup>32</sup> Maar die koring en die spelt was nie weggeslaan nie, omdat dit eers later opkom.

<sup>33</sup> Moses het van die farao af uit die stad gegaan en sy hande na die HERE uitgestrek. Die donderslae en hael het opgehou en die reën het nie meer op die aarde neergegiet nie. <sup>34</sup> Toe die farao sien dat die reën en die hael en die donderslae ophou, het hy weer gesondig. Hy was onversetlik,<sup>g</sup> hy en sy amptenare. <sup>35</sup> Die farao se hart was verhard en hy het nie die Israeliete laat gaan nie, soos die HERE gesê het by monde van Moses.

## 10

### Agtste plaag

<sup>1</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan na die farao, want dit is Ek wat sy hart en die harte van sy amptenare verhard\* het, sodat Ek hierdie tekens van My in hulle midde kon laat gebeur, <sup>2</sup> en sodat jy ten aanhore

---

<sup>e</sup>9:29 hande ... uitstrek: Die •bronteks lui “my handpalms uitbrei”. Dit was 'n gebedshouding waarin die hande in die lug opgesteek is, met die handpalms na bo gedraai; vgl 1 Kon 8:22; Ps 143:6.

\*9:29 aarde ... behoort: Ps 24:1; Jes 1:15; 1 Kor 10:26

<sup>f</sup>9:31-32 Hierdie verse is waarskynlik later by die teks gevoeg.

<sup>g</sup>9:34 Hy was onversetlik: Vgl voetnoot by Eks 9:7.

\*10:1 harte ... verhard: Eks 4:21; 7:3,13,22; 8:19; 9:12,35; 10:20,27; 11:10; 14:4; vgl 9:17

van jou kinders en kleinkinders kan vertel\* hoe Ek die Egiptenare vir die gek gehou het,<sup>h</sup> en van my tekens wat Ek onder hulle gedoen het, en sodat julle kan weet dat Ek die HERE is.”\*

<sup>3</sup> Moses en Aäron het toe na die farao gegaan en vir hom gesê: “So sê die HERE, die God van die Hebreërs,\* ‘Hoe lank nog gaan jy weier om jou aan My te onderwerp? Laat my volk gaan, sodat hulle My kan dien. <sup>4</sup>\*Want as jy aanhou weier om my volk te laat gaan — kyk, Ek gaan môre treksprinkane oor jou grondgebied bring. <sup>5</sup>\*En hulle sal die oppervlakte van die land<sup>i</sup> bedek, sodat 'n mens nie die grond sal kan sien nie. Hulle sal die min wat oor is, wat vir julle ná die hael oorgebly het, verslind; en hulle sal elke boom in die veld wat weer vir julle uitloop, kaal vreet. <sup>6</sup> Hulle sal jou huise, die huise van al jou amptenare en die huise van al die Egiptenare vul — soos jou ouers en grootouers nie gesien het nie, van die dag dat hulle op aarde gekom het tot vandag toe.’ ” Daarna het Moses omgedraai en van die farao af weggegaan.

<sup>7</sup> Die farao se amptenare sê toe vir hom: “Hoe lank gaan hierdie man nog vir ons 'n valstrik wees? Laat die manne gaan, sodat hulle die HERE hulle God kan gaan dien. Besef u nie dat Egipte ten gronde gaan nie?”

<sup>8</sup> Moses en Aäron is toe teruggebring na die farao. Hy het vir hulle gesê: “Gaan dien die HERE julle God. Maar wie gaan almal?” <sup>9</sup> Moses het geantwoord: “Met ons jongmense en ons bejaardes moet ons gaan; met ons seuns en dogters, met ons kleinvee en grootvee moet ons gaan, want

---

\*10:2 kinders ... vertel: Eks 13:8,14; Deut 4:9; 6:20-22; Ps 44:2; 78:5-7; Joël 1:3

<sup>h</sup>10:2 vir ... gehou het: Word ook vertaal “hardhandig behandel het”.

\*10:2 Ek die HERE is: Eks 7:5; 14:4,18; Jos 4:24; 1 Kon 20:13; Ps 83:19; vgl Eks 6:6

\*10:3 God ... Hebreërs: Gen 10:21; Eks 3:18; 5:3; 7:16; 9:1

\*10:4-5 Ps 105:34-35

\*10:5 Joël 1:4; Am 7:1-2

<sup>i</sup>10:5 oppervlakte ... land: Letterlik ‘die oog van die land’.

vir ons is dit 'n fees van die HERE.\*”<sup>10</sup> Die farao sê toe vir hulle: “Net so min as wat die HERE met julle sal wees, so min sal ek julle en julle afhanklikes laat gaan!<sup>j</sup> Kyk, wat julle beoog, is verkeerd.<sup>11</sup> Dit sal nie so wees nie! Gaan julle manne maar, en dien die HERE, want dit is mos wat julle versoek.” Hulle is toe uit die farao se teenwoordigheid weggejaag.

<sup>12</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Strek jou hand uit\* oor Egipteland vir die sprinkane,\* sodat hulle opkom oor Egipteland en alle plante op die grond verslind wat die hael laat oorbly het.”<sup>13</sup> Moses het toe sy staf oor Egipteland uitgesteek, en die HERE het 'n oostewind\* daardie hele dag en die hele nag oor die land laat waai. Toe dit môre word, het die oostewind die treksprinkane gebring.<sup>14</sup> Die treksprinkane het oor die hele Egipteland gekom en in elke streek van Egipte neergestryk. Daar was geweldig baie. Voorheen was daar nog nie 'n sprinkaanswerm soos dié een nie, en daarna sou daar nie weer so iets wees nie.\*<sup>15</sup> Hulle het die oppervlakte van die land bedek, sodat die land donker geword het. Hulle het alle plante op die grond verslind, en ook al die vrugte aan die bome wat die hael vrygespring het. Daar het in die hele Egipteland nie enige groenigheid aan die bome en die plante van die veld oorgebly nie.

<sup>16</sup> Die farao het hom gehaas om Moses en Aäron te ontbied en gesê: “Ek het teen die HERE, julle God en teen julle gesondig.<sup>17</sup> Vergewe nou

---

\*10:9 fees ... HERE: Eks 5:1; 8:1; 9:1; 12:14

<sup>j</sup>10:10 Net ... gaan: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. 'n Letterlike vertaling lui “Die HERE sal so met julle wees soos wat ek julle en julle afhanklikes laat gaan.”

\*10:12-20 Ps 78:46; 105:34-35

\*10:12 Strek ... uit: Eks 7:19-20; 8:5-6,16-17; 9:22-23; 10:21; 14:21,26-27

\*10:12 sprinkane: Op 9:3

\*10:13 oostewind: Eks 14:21

\*10:14 Voorheen ... wees nie: Joël 2:2

asseblief net hierdie keer my sonde. Pleit by die HERE,\* julle God, dat Hy tog net hierdie dood van my af moet wegneem.”

<sup>18</sup> Moses het van die farao af weggegaan en by die HERE gepleit. <sup>19</sup> Die HERE het toe die wind in 'n baie sterk westewind verander. Dit het die treksprinkane meegevoer en in die Soefsee<sup>k</sup> ingedryf. Daar het nie 'n enkele sprinkaan in enige streek van Egipte oorgebly nie. <sup>20</sup> Maar die HERE het die hart van die farao verhard, en hy het nie die Israeliete laat gaan nie.

### Negende plaag

<sup>21</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Strek jou hand uit na die hemel, sodat daar 'n duisternis oor Egipteland kom,\* 'n tasbare duisternis.” <sup>22</sup> Moses het sy hand na die hemel uitgestrek, en drie dae lank was daar 'n diep duisternis oor die hele Egipteland. <sup>23</sup> Die mense kon mekaar nie sien nie, en vir drie dae lank het niemand van sy plek af opgestaan nie. Vir al die Israeliete was dit egter lig in hulle woonplekke.\*

<sup>24</sup> Die farao het Moses ontbied en gesê: “Gaan dien julle die HERE! Net julle kleinvee en grootvee moet agtergelaat word. Julle afhanklikes kan ook saam met julle gaan.” <sup>25</sup> Maar Moses het geantwoord: “U moet dan ook vir ons •slagoffers en •brandoffers saamgee, sodat ons vir die HERE ons God kan offer. <sup>26</sup> Ons vee moet ook saam met ons gaan. Geen kloutjie mag agterbly nie, want ons moet van die vee neem om die HERE ons God mee te dien. Totdat ons daar aangekom het, weet ons egter self nie waarmee ons die HERE ons God moet dien nie.”

---

\*10:17 Pleit ... HERE: Eks 8:8,28; 9:28; 12:32

<sup>k</sup>10:19 Soefsee: In die OT word die Hebreuse pleknaam vertaal “Soefsee” (letterlik ‘Palmietsee’). Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “•Rooisee”.

\*10:21 duisternis ... kom: Ps 105:28; Op 16:10

\*10:23 Israeliete ... woonplekke: Eks 8:22; 9:4,26; 11:7; 12:23

<sup>27</sup> Maar die HERE het die farao se hart verhard, en hy wou hulle nie laat gaan nie. <sup>28</sup> Toe sê die farao vir hom: “Gaan weg van my af! Pasop, jy mag my gesig nie weer sien<sup>1</sup> nie, want die dag wat jy my gesig sien, sterf jy.” <sup>29</sup> Moses het geantwoord: “Dit is soos u sê. Ek sal u gesig nie weer sien nie.\*”

## 11

### Waarskuwing aan Farao

<sup>1</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Nog een plaag gaan Ek oor die farao en oor Egipte bring. Daarna sal hy julle van hier af laat gaan. Wanneer hy julle laat gaan, sal hy julle beslis met alles wat julle het, van hier af wegjaag.\* <sup>2</sup> Stel dit duidelik aan die volk<sup>m</sup> dat elke man van sy buurman en elke vrou van haar buurvrou silwer- en goue voorwerpe eis.” <sup>3</sup> Die HERE het gesorg dat die Egiptenare die volk goedgesind is. Ook Moses was 'n man wat hoë aansien geniet het in Egipteland, in die oë van die farao se amptenare en in die oë van die volk.

<sup>4</sup> \*Moses het gesê: “So sê die HERE, ‘Teen middernag gaan Ek dwarsdeur Egipte trek. <sup>5</sup> \*Dan sal al die eersgeborenes in Egipteland sterf, van die eersgeborene van die farao wat op sy troon sit, tot die

---

<sup>1</sup>**10:28 my gesig nie weer sien:** Om ‘die gesig van die koning te sien’ beteken dat die koning oudiënsie aan so 'n persoon toestaan.

\***10:29 Ek ... sien nie:** Heb 11:27

\***11:1-3 Eks** 3:21-22; 12:35-36

\***11:1 beslis ... wegjaag:** Eks 12:1

<sup>m</sup>**11:2 Stel ... volk:** Die Hebreeuse idioom is ‘Praat in die ore van die volk’.

\***11:4-8** Vgl Num 3:13

\***11:5** Ps 78:51

eersgeborene van die slavin agter die maalklippe,<sup>n</sup> ook al die eersgeborenes van die vee. <sup>6</sup> \*Deur die hele Egipteland sal daar 'n harde geskreeu opklink, soos daar nog nooit was nie, en soos daar nooit weer sal wees nie. <sup>7</sup> Maar by al die Israelite sal nie eers 'n hond grom<sup>o</sup> nie, vir geen mens of dier nie, sodat julle kan besef dat die HERE onderskeid tref tussen Egipte en Israel. <sup>8</sup> Dan sal al hierdie amptenare van u na my afkom en diep voor my buig en sê: “Trek weg, jy en die hele volk wat jou volg”. Eers daarna sal ek wegtrek.’ ” Toe het hy van die farao af weggegaan, briesend kwaad.

<sup>9</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Die farao sal nie na julle luister nie, sodat my tekens in Egipteland nog meer kan word.”

<sup>10</sup> Moses en Aäron het al hierdie tekens voor die farao gedoen, maar die HERE het die farao se hart verhard,\* sodat hy nie die Israelite uit sy land wou laat gaan nie.

## 12

### Instelling van die Pasga

<sup>1</sup> \*Die HERE het vir Moses en Aäron in Egipteland gesê: <sup>2</sup> “Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle

---

<sup>n</sup>**11:5 maalklippe:** Twee ronde klipskywe, waarvan die onderste in die middel 'n pen gehad het, en die boonste 'n gat waarin die pen gepas het, en waardeur die graan bietjie vir bietjie gegooi kon word. Die boonste maalklip is dan in die rondte gedraai en die graan so tussen die twee klippe fyngemaal.

\* **11:6** Eks 12:30

<sup>o</sup>**11:7 hond grom:** Die Hebreeuse idioom is ‘n hond sy tong skerpmaak’.

\* **11:9** Eks 3:19; 7:3-4; 10:1

\* **11:10 hart verhard:** Eks 4:21; 7:3,13,22; 8:19; 9:12,35; 10:1,20,27; 14:4; vgl 9:17

\* **12:1-27** Eks 12:43-49; Lev 23:5-8; Num 9:1-14; 28:16-24; Deut 16:1-8; 2 Kon 23:21-23; 2 Kron 30:1-27; 35:1-19; Esra 6:19-22; Eseg 45:21-24; vgl Matt 26:17-30; 22:1

die eerste van die maande van die jaar<sup>p</sup> wees. <sup>3</sup> Praat met die hele volksvergadering<sup>q</sup> van Israel en sê, ‘Op die tiende van hierdie maand moet elkeen van hulle 'n lam neem vir sy familie, 'n lam vir 'n huisgesin. <sup>4</sup> As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit deel in verhouding tot die getal persone. Julle moet die lam in porsies verdeel in ooreenstemming met wat elke huisgesin gaan eet. <sup>5</sup> 'n Jaaroud ramlam onder gebrek\* moet julle kies; uit die skape of die bokke kan julle dit neem. <sup>6</sup> Julle moet die lammers veilig hou tot die veertiende dag van hierdie maand.\* Die hele byeenkoms van die volksvergadering van Israel moet dan laatmiddag<sup>r</sup> hulle lammers slag.

<sup>7</sup> \*‘Hulle moet van die bloed neem en dit smeer aan die sykante en bokant van die deurkosyne by die huise waarin hulle dit eet. <sup>8</sup> \*Hulle moet die vleis dieselfde nag eet; oor die vuur gebraai, saam met ongesuurde brood en bitter kruie, moet hulle dit eet.’

<sup>9</sup> \*‘Julle moet nie daarvan eet as dit rou is of in water gaargemaak is nie; maar net as dit oor die vuur gebraai is met sy kop, pote en

---

<sup>p</sup>**12:2 eerste ... jaar:** Nisan; Neh 2:1; Est 3:7.

<sup>q</sup>**12:3 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

\* **12:5 ramlam sonder gebrek:** Lev 1:10; 5:18; 22:18-19,21; Deut 15:21; 17:1; Mal 1:14; Heb 9:14; 1 Pet 1:19

\* **12:6 14de ... maand:** Mark 14:12; Luk 22:7

<sup>r</sup>**12:6 laatmiddag:** Die •bronteks lui “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmoed is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag. Volgens Josefus is die •pasgalam in die tempel geslag tussen drie-uur en vyfuur die middag; •Nag en dag; vgl Deut 16:6.

\* **12:7** Heb 11:28

\* **12:8-11** Luk 22:8

\* **12:9** 2 Kron 35:13

ingewande.<sup>10</sup> \*Julle mag niks daarvan tot die volgende oggend laat oorbly nie. Wat daarvan oorbly tot die oggend, moet verbrand word.

<sup>11</sup> Dit is hoe julle dit moet eet: met heupe omgord,\* julle sandale aan julle voete en julle wandelstokke in julle hande. Julle moet dit haastig eet. Dit is die Pasga van die HERE.

<sup>12</sup> “Ek sal daardie nag deur Egipteland gaan en alle eersgeborenes in Egipteland tref, mens en dier. Oor al die gode van Egipte sal Ek oordele voltrek.\* Ek is die HERE.\* <sup>13</sup> \*Die bloed sal vir julle as 'n teken dien aan die huise waarin julle is. Wanneer Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan.<sup>s</sup> Daar sal by julle geen plaag deur die vernietiger wees wanneer Ek Egipteland tref nie.

<sup>14</sup> “\*Hierdie dag moet vir julle dien as 'n herinneringsdag; julle moet dit as 'n fees ter ere van die HERE vier. As 'n voorskrif wat altyd vir julle nageslagte geld, moet julle die dag feestelik vier. <sup>15</sup> \*Vir sewe dae moet julle ongesuurde brood eet. Reeds op die eerste dag moet julle suurdeeg uit julle huise verwyder;\* want elkeen wat iets eet wat met suurdeeg gebak is, vanaf die eerste tot die sewende dag — daardie persoon sal van Israel afgesny word.\* <sup>16</sup> \*Op die eerste dag moet julle 'n heilige

---

\* **12:10** Lev 7:15; vgl Eks 29:34; 34:25

\* **12:11 heupe omgord:** Vgl Luk 12:35

\* **12:12 gode ... voltrek:** Num 33:4

\* **12:12 Ek is die HERE:** Eks 6:1; Lev 18:5-6; Num 3:13; Jes 42:6; Jer 9:24

\* **12:13** Heb 11:28

<sup>s</sup>**12:13 verbygaan:** In Hebreeus is daar klankspel tussen die woord ‘verbygaan’ en ‘Pasga’.

\* **12:14** Eks 12:17,24; 13:9-10; Luk 22:7; Matt 26:17

\* **12:15,18** Lev 23:5-6; Num 28:16-17; Eseg 45:21

\* **12:15 suurdeeg ... verwyder:** Mark 14:12; Luk 22:7; 1 Kor 5:6-8

\* **12:15 afgesny word:** Gen 17:14; Eks 12:19; 30:33,38; 31:14; Lev 7:20

\* **12:16** Luk 23:56



byeenkoms hou, en ook op die sewende dag. Geen werk moet op hierdie dae gedoen word nie; net wat elkeen moet eet, slegs dit mag vir julle voorberei word. <sup>17</sup> Onderhou die Fees van die Ongesuurde Brood,<sup>t</sup> want op hierdie bepaalde dag het Ek julle leërafdelings uit Egipteland gelei. Julle moet hierdie dag onderhou as 'n voorskrif wat altyd vir julle nageslagte geld.

<sup>18</sup> “In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, in die aand, moet julle ongesuurde brood eet, tot op die een-en-twintigste dag van die maand, in die aand. <sup>19</sup> \*Sewe dae lank mag daar nie suurdeeg in julle huise gevind word nie; want elkeen wat iets eet met suurdeeg in — daardie persoon sal van die volksvergadering van Israel afgesny word, of hy nou 'n vreemdeling<sup>u</sup> of 'n gebore Israeliet is. <sup>20</sup> Enigiets met suurdeeg in mag julle nie eet nie; in al julle woonplekke moet julle ongesuurde brood eet.”

<sup>21</sup> \*Moses het toe al die oudstes van Israel geroep en vir hulle gesê: “Vang en neem self lammers vir julle familie-groepe, en slag die Pasgalam.<sup>v</sup> <sup>22</sup> Neem 'n bossie marjolein<sup>w</sup> en doop dit in die bloed wat in

---

<sup>t</sup>**12:17 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israeliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

\***12:19** Eks 12:15

<sup>u</sup>**12:19 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Hulle was geregtig op die beskerming van die plaaslike leiers.

\***12:21-30** Vgl Heb 11:28

<sup>v</sup>**12:21 Pasgalam:** In 1 Kor 5:7 word hierna verwys as heenwysing na Jesus Christus.

<sup>w</sup>**12:22 marjolein:** Dit verwys na 'n plant *Origanum syriacum* wat teen mure groei en waarmee reinigingswater gesprinkel is. Die volksnaam *hisop* is 'n transliterasie van die Hebreeuse woord wat verwys na die Europese *Hyssopus officinalis*; vgl Ps 51:9; Heb 9:19-20.

'n bak is. Vee van die bloed wat in die bak is, aan die bokant en aan die twee sykante van die kosyne. En wat julle betref — niemand mag by die deur van sy huis uitgaan tot die volgende oggend nie. <sup>23</sup> Die HERE sal deur die land gaan om die Egiptenare te tref; en wanneer Hy die bloed aan die bokant en die twee sykante van die kosyn sien, sal die HERE by die deur verbygaan en die vernietiger nie toelaat om julle huise binne te gaan om julle te tref nie.\*

<sup>24</sup> \*‘‘Kom hierdie saak na as 'n voorskrif wat vir altyd geld, vir jou en jou kinders. <sup>25</sup> Wanneer julle in die land kom wat die HERE aan julle sal gee soos Hy belowe het, moet julle hierdie gebruik nakom. <sup>26</sup> \*Wanneer julle kinders julle vra, ‘Wat beteken hierdie gebruik vir julle?’, <sup>27</sup> dan moet julle sê, ‘Dit is die Pasgaoffer vir die HERE, Hy wat by die huise van die Israeliete in Egipte verbygegaan het toe Hy die Egiptenare getref het. Ons huise het Hy egter gespaar.’ ’’

Die volk het toe gekniel en in aanbidding gebuig.\* <sup>28</sup> Die Israeliete het gegaan en dit gedoen. Presies soos die HERE Moses en Aäron beveel het, het hulle gemaak.

## Tiende plaag

<sup>29</sup> \*Dit het teen middernag gebeur. Die HERE het alle eersgeborenes in Egipteland getref, van die eersgeborene van die farao wat op die troon gesit het tot die eersgeborene van die krygsgevangene in die ondergrondse kelder, ook al die eersgeborenes van die vee.

---

\*12:23 nie toelaat ... tref nie: Eks 8:22; 9:4,26; 10:23; 11:7

\*12:24-25 Eks 12:14; 13:8,14-15; Luk 2:41

\*12:26-27 Eks 10:2; 13:8,14; Deut 6:20; 32:7; Jos 4:6,21; Ps 78:3-6

\*12:27 volk ... gebuig: Eks 4:31

\*12:29-30 Eks 4:23; 11:4; Num 8:17; 33:4; Ps 78:51; 105:36; 135:8; 136:10

## Uittog uit Egipte

<sup>30</sup> Die farao het in die nag opgestaan, hy, al sy amptenare en al die Egiptenare. Daar was 'n harde geskreeu in Egipte, want daar was nie 'n enkele huis waar daar nie 'n dooie was nie. <sup>31</sup> \*Hy het Moses en Aäron in die nag ontbied en gesê: “Maak gereed, trek weg onder my volk uit, julle en ook die Israeliete. Gaan dien die HERE soos julle gesê het.

<sup>32</sup> \*Neem julle kleinvee en ook julle grootvee, soos julle gesê het, en gaan! Maar seën my ook!” <sup>33</sup> \*Die Egiptenare het by die volk daarop aangedring om gou te maak, sodat hulle hulle uit die land kon wegstuur; “want”, het hulle gesê, “almal van ons gaan sterf.”

<sup>34</sup> Toe sit die volk die deeg, voor dit nog ingesuur is, op hulle skouers — hulle knieskottels was in hulle kledingstukke toegedraai. <sup>35</sup> \*Die Israeliete het gemaak soos Moses gesê het, en hulle het van die Egiptenare silwer- en goue voorwerpe en klere geëis. <sup>36</sup> Dit was die HERE wat gesorg het dat die Egiptenare die volk goedgesind is, en die Egiptenare het aan hulle eise toegegee. So het hulle buit geneem van die Egiptenare.

<sup>37</sup> Die Israeliete het van Ramses\* af weggetrek op pad na Sukkot,\* ongeveer seshonderdduisend man\* te voet, afgesien van die afhanklikes.

<sup>38</sup> Ook 'n groot groep mense van ander afkoms<sup>x</sup> het saam met hulle opgetrek; en ook nog kleinvee en beeste, baie groot troppe vee.

---

\*12:31 Eks 11:1; vgl Eks 5:2

\*12:32 Eks 10:9-11,24-26

\*12:33 Eks 11:1; Ps 105:38

\*12:35-36 Gen 5:14; Ps 105:37

\*12:37 Ramses: Gen 47:11; Eks 1:11

\*12:37 Sukkot: Eks 13:20; Num 33:5

\*12:37 600 000 man: Num 1:44-46; 11:21

<sup>x</sup>12:38 mense ... afkoms: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “gepeupel”; vgl Num 11:4; Neh 13:3.

<sup>39</sup> \*Die Israëliete het van die deeg wat hulle uit Egipte saamgeneem het, ongesuurde roosterkoeke gebak, want die deeg was nie ingesuur nie. Omdat hulle uit Egipte weggejaag is, kon hulle nie talm nie, en selfs nie vir hulle padkos voorberei nie.

<sup>40</sup> \*Die tyd wat die Israëliete in Egipte gebly het, was vierhonderd-en-dertig jaar. <sup>41</sup> Aan die einde van vierhonderd-en-dertig jaar, op presies dieselfde dag, het al die leërafdelings van die HERE uit Egipteland weggetrek. <sup>42</sup> Dit was 'n nag waarin die HERE gewaak het om hulle uit Egipteland uit te lei. Daardie nag is 'n nag van waak tot eer van die HERE vir al die Israëliete deur hulle geslagte heen.

### Voorskrifte vir die Pasga

<sup>43</sup> Die HERE het vir Moses en Aäron gesê: “Dit is die vaste voorskrif vir die Pasga: Geen buitelanders mag daarvan eet nie.\* <sup>44</sup> Maar enige slaaf wat deur iemand met silwer gekoop is, mag, nadat jy hom besny het, daarvan eet. <sup>45</sup> Geen bywoner<sup>y</sup> of huurling mag daarvan eet nie. <sup>46</sup> Dit moet in een huis geëet word. Jy mag nie van die vleis uit die huis na buite neem nie. 'n Been daarin mag julle nie breek nie.<sup>z</sup> <sup>47</sup> Die hele volksvergadering<sup>a</sup> van Israel moet dit vier.

<sup>48</sup> “\*Wanneer 'n vreemdeling<sup>b</sup> tydelik by jou is, en hy wil die Pasga vier

---

\*12:39 Eks 12:34; Deut 16:3

\*12:40-41 Vgl Gen 15:13,16; Hand 7:6; Gal 3:17

\*12:43 Geen ... nie: Eks 12:48; Num 9:4

<sup>y</sup>12:45 bywoner: 'n Persoon wat nie 'n burger van die land is nie, maar as ondergeskikte by iemand verblyf het.

<sup>z</sup>12:46 'n Been ... breek nie: In Joh 19:36 aangehaal as heenwysing na Jesus Christus; vgl Num 9:12.

<sup>a</sup>12:47 volksvergadering: Vgl voetnoot by Eks 12:3.

\*12:48 Eks 12:43-44

<sup>b</sup>12:48 vreemdeling: Vgl voetnoot by Eks 12:19.

tot eer van die HERE, moet al die manlike persone by hom besny word. Dan mag hy naderkom om dit te vier, en sal hy soos 'n gebore Israëliet wees. Enigiemand wat nie besny is nie, mag daarvan nie eet nie.

<sup>49</sup> Dieselfde wet geld vir gebore Israëliete en vir vreemdelinge wat tydelik tussen julle is.”

<sup>50</sup> Al die Israëliete het dit gedoen. Presies soos die HERE aan Moses en Aäron opdrag gegee het, het hulle dit gedoen. <sup>51</sup> \*Op daardie selfde dag nog het die HERE die Israëliete uit Egipteland uitgelei, leërafdeling vir leërafdeling.\*

## 13

### Voorskrifte oor die ongesuurde brood en eersgeborenes

<sup>1</sup> Die HERE het met Moses gepraat en gesê: <sup>2</sup> \* “Wy al die eersgeborenes aan My. Die eersteling van elke moederskoot onder die Israëliete, van mense en diere, behoort aan My.”

<sup>3</sup> Moses het vir die volk gesê: “Herdenk hierdie dag waarop julle uit Egipte, uit die plek van slawerny,\* weggetrek het; want deur 'n sterk hand het die HERE\* julle hier uitgelei.\* Iets wat suurdeeg bevat, mag nie

---

\* **12:51** Hand 14:17; Heb 11:27; Jud vs 5

\* **12:51 leërafdeling vir leërafdeling:** Eks 6:25

\* **13:2** Eks 3:12-13,15; 22:29-30; 34:19-20; Lev 27:26; Num 3:12-13; 8:16-18; 18:15-18; Deut 15:19-23; Luk 2:22-23

\* **13:3 plek van slawerny:** Eks 20:2; Deut 5:6; Jos 24:17; Rig 6:8; Jer 34:13; Miga 6:4

\* **13:3 sterk ... HERE:** Eks 13:9,14,16; 32:11; Deut 9:26

\* **13:3 Herdenk ... uitgelei:** Eks 12:14

geëet word nie. <sup>4</sup>\*Vandag, in die maand Abib,<sup>c</sup> trek julle weg. <sup>5</sup>Wanneer die HERE jou bring in die land van die Kanaäniete, die Hetiete, die Amoriëte, die Hewiëte en die Jebusiëte, die land wat Hy jou voorvaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning,\* moet jy in hierdie maand die volgende gebruik handhaaf: <sup>6</sup>Sewe dae\* lank moet jy ongesuurde brood eet, en op die sewende dag moet daar 'n fees<sup>d</sup> ter ere van die HERE wees. <sup>7</sup>\*Ongesuurde brood moet vir sewe dae geëet word. Daar mag by jou nie iets met suurdeeg in te sien wees nie; ja, in jou hele grondgebied mag daar nie suurdeeg by jou te sien wees nie. <sup>8</sup>\*Jy moet jou seun op daardie dag inlig en sê, 'Dit is ter herdenking van wat die HERE vir my gedoen het toe ek uit Egipte getrek het.' <sup>9</sup>Dit sal vir jou dien as 'n teken op jou hand en as 'n herinneringsteken op jou voorkop,<sup>e</sup> sodat die wet van die HERE op jou lippe sal wees. Want met 'n sterk hand het die HERE jou uit Egipte uitgelei. <sup>10</sup>Jy moet hierdie vaste voorskrif op die bepaalde tyd, jaar ná jaar, nakom.

<sup>11</sup>\*“Wanneer die HERE jou in die land van die Kanaäniete bring, soos

---

\*13:4-10 Eks 34:18

<sup>c</sup>13:4 **Abib**: Dit is die ouer naam vir die maand •Nisan, in die lente; •Maande; vgl Eks 23:15; 34:18; Deut 16:1.

\*13:5 **Wanneer ... heuning**: Eks 3:8; 23:23-28; 33:2; 34:11; Jos 9:2; Neh 9:8

\*13:6 **7 dae**: Eks 12:15

<sup>d</sup>13:6 **fees**: Die Fees van die Ongesuurde Brood het begin met die •Pasga en het sewe dae lank aangehou, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israëliëte brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

\*13:7 1 Kor 5:7-8

\*13:8 Eks 10:2; 12:26-27; 13:14; Deut 6:20; 32:7; Jos 4:6,21; Ps 78:3-6

<sup>e</sup>13:9 **op jou voorkop**: Letterlik 'tussen jou oë'; vgl Deut 6:8; 11:18; Matt 23:5.

\*13:11-16 Eks 13:2

Hy vir jou en jou voorvaders met 'n eed beloop het, en Hy dit vir jou gee, <sup>12</sup>\* moet jy elke eersteling van die moederskoot aan die HERE afstaan. Elke eersteling van die aanteel van jou vee wat jy kry, die manlikes, behoort aan die HERE. <sup>13</sup>\* Elke eersteling van 'n donkie moet jy loskoop met 'n lam. As jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Elke eersgeborene onder jou seuns moet jy loskoop.

<sup>14</sup>\*“As jou seun jou in die toekoms vra, ‘Wat beteken dit?’, moet jy vir hom sê, ‘Met 'n sterk hand het die HERE ons uit Egipte, uit die plek van slawerny, uitgelei. <sup>15</sup> Toe die farao te koppig was om ons te laat gaan, het die HERE al die eersgeborenes in Egipteland doodgemaak, van die eersgeborenes van mense tot die eersgeborenes van die vee. Daarom offer ek aan die HERE elke manlike eersteling van die vee, maar elke eersgeborene van my seuns koop ek los.’ <sup>16</sup> Dit sal as 'n teken op jou hand en 'n versiering op jou voorkop<sup>f</sup> dien, want met 'n sterk hand het die HERE ons uit Egipte uitgelei.”

### Deurtog deur die Rietsee

<sup>17</sup> Toe die farao die volk laat gaan het, het God hulle nie gelei op die pad na die land van die Filistyne nie, al was dit nader; want God het gesê: “Anders kry die volk spyt wanneer hulle oorlog in die gesig staar,

---

\*13:12,15 Luk 2:23

\*13:13 Eks 13:15; 34:20; Num 3:46-47

\*13:14-15 Eks 13:8

<sup>f</sup>13:16 **versiering ... voorkop:** Letterlik ‘n versiering tussen jou oë’. Die Judeërs het later wanneer hulle bid, 'n leerdosie met die woorde van die Tien Gebooe aan 'n riempie op hulle voorkoppe vasgemaak.

en keer hulle terug na Egipte.”\* <sup>18</sup> God het toe die volk 'n ompad laat neem met die woestyn<sup>g</sup> langs na die Rietsee.<sup>h\*</sup>

Die Israëliete het in slagorde uit Egipteland opgetrek. <sup>19</sup>\* Moses het die beendere van Josef met hom saamgeneem, want Josef het die Israëliete plegtig 'n eed laat aflê; hy het gesê: “God sal beslis na julle omsien, dan moet julle my beendere hiervandaan saam met julle neem.”

<sup>20</sup> Hulle het van Sukkot\* af weggetrek en kamp opgeslaan by Etam,\* aan die rand van die woestyn. <sup>21</sup>\* Die HERE het bedags in 'n wolkkolom voor hulle uitgegaan om hulle op die pad te lei, en snags in 'n vuurkolom om aan hulle lig te verskaf, sodat hulle bedags en snags kon trek. <sup>22</sup> Die wolkkolom het bedags en die vuurkolom snags, nie voor die volk weggegaan nie.

## 14

<sup>1</sup> Die HERE het met Moses gepraat en gesê: <sup>2</sup> “Praat met die Israëliete, sodat hulle van rigting verander en kamp opslaan voor Pi-Hagirot, tussen Migdol en die see. Reg teenoor Baäl-Sefon moet julle kamp opslaan by die see. <sup>3</sup> Die farao sal dan van die Israëliete dink, hulle dwaal verward

---

\***13:17 Anders ... Egipte:** Eks 14:11-12; Num 14:1-4

<sup>g</sup>**13:18 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>h</sup>**13:18 Rietsee:** In die OT word die Hebreëuse pleknaam vertaal “Rietsee”. Die •Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “•Rooisee”.

\***13:18 ompad ... Rietsee:** Eks 14:2; Num 33:7

\***13:19** Gen 50:25; vgl Jos 24:32; Heb 11:22

\***13:20 Sukkot:** Eks 12:37; Num 33:5

\***13:20 Etam:** Num 33:6

\***13:21-22** Eks 14:24; 40:36-38; Num 9:17; 14:13-14; Deut 1:33; Neh 9:12,19; Ps 78:14; 105:39; 1 Kor 10:1

\***14:2** Eks 13:8; 14:9; Num 33:7



rond in die land; die woestyn<sup>i</sup> omsluit hulle. <sup>4</sup> Ek sal die farao se hart verhard\* en hy sal hulle agtervolg, sodat Ek deur my optrede teenoor die farao en sy hele leër, agting kan afdwing, en sodat die Egiptenare sal weet dat Ek die HERE is.\*” Die Israeliete het toe so gemaak.

<sup>5</sup> Toe daar aan die koning van Egipte berig gebring is dat die volk gevlug het, het die farao en sy amptenare van besluit verander oor die volk. Hulle het gesê: “Wat het ons besiel dat ons Israel uit ons diens laat gaan het?” <sup>6</sup> Hy het sy strydwa ingespan en sy manskappe saam met hom geneem. <sup>7</sup> Hy het seshonderd uitgesoekte strydwaens geneem, asook al die ander strydwaens van Egipte, met 'n offisier op elkeen van hulle. <sup>8</sup> Die HERE het die hart van die farao, die koning van Egipte, verhard, en hy het die Israeliete agtervolg, terwyl die Israeliete, gelei deur 'n verhewe hand, uitgetrek het.\*

<sup>9</sup> \*Die Egiptenare het hulle agtervolg. Die hele strydwamag van die farao, sy bemanning en sy leërmag het hulle ingehaal waar hulle by die see besig was om kamp op te slaan by Pi-Hagirot voor Baäl-Sefon. <sup>10</sup> Toe die farao nader kom, kyk die Israeliete op, en daar is die Egiptenare besig om teen hulle op te ruk! Hulle was angsbevange. Die Israeliete roep toe na die HERE om hulp, <sup>11</sup> \* en sê vir Moses: “Is dit omdat daar

---

<sup>i</sup>**14:3 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

\***14:4,17 hart verhard:** Eks 4:21; 7:3,13,22; 8:19; 9:12,35; 10:1,20,27; 11:10; Rom 9:18; vgl 9:17

\***14:4 Ek die HERE is:** Eks 7:5; 10:2; 14:18; Jos 4:24; 1 Kon 20:13; Ps 83:19; vgl Eks 6:6

\***14:8 terwyl ... uitgetrek het:** Num 33:3

\***14:9** Eks 15:9

\***14:10 Israeliete roep ... hulp:** Eks 15:1; Jos 24:7; Neh 9:9

\***14:11-12** Eks 16:2-3; 17:3; Num 11:4-6; 14:1-4; 16:13; 20:2-5; 21:5; Ps 78:40; 106:7

geen grafte in Egipte is nie, dat jy ons saamgeneem het om in die woestyn te sterf? Wat het jy ons aangedoen deur ons uit Egipte uit te lei! <sup>12</sup> Is dit nie presies waarom ons met jou in Egipte gepraat het nie, toe ons gesê het, ‘Laat ons met rus, sodat ons vir die Egiptenare kan werk! Dit is immers vir ons beter om vir die Egiptenare te werk as om in die woestyn te sterf.’ ”

<sup>13</sup> \*Maar Moses het vir die volk gesê: “Moenie bang wees nie!\* Staan stil en aanskou die verlossing van die HERE wat Hy vandag vir julle gaan bewerk. Want die Egiptenare wat julle vandag sien, sal julle nooit weer sien nie.\* <sup>14</sup> Die HERE self sal vir julle veg. Julle moet net stil bly.”

<sup>15</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Wat roep jy na My? Praat met die Israeliete, sodat hulle verder trek. <sup>16</sup> En jy, lig jou staf op, strek jou hand uit oor die see en kloof dit oop, sodat die Israeliete op droë grond in die middel van die see kan ingaan. <sup>17</sup> En wat My betref, kyk, Ek gaan die hart van die Egiptenare verhard, sodat hulle agter hulle ingaan. Dan sal Ek agting afdwing deur my optrede teenoor die farao en sy hele leër, sy strydwaens en bemanning. <sup>18</sup> Die Egiptenare sal weet dat Ek die HERE is wanneer Ek agting afdwing deur my optrede teenoor die farao, sy strydwaens en bemanning.”

<sup>19</sup> Die Engel van God,<sup>j</sup> wat die hele tyd voor die leër van Israel uit getrek het, het toe agter hulle in beweeg. Die wolkkolom het ook van voor hulle weggeskuif en agter hulle plek ingeneem. <sup>20</sup> Dit het tussen die

---

\*14:13-14 Eks 14:25,30; Deut 1:30; 3:22; 20:4; 2 Kron 20:29

\*14:13 Moenie ... wees nie: Jes 41:10,13,14

\*14:13 Egiptenare ... sien nie: Eks 10:28-29

\*14:15-31 Deut 11:4

<sup>j</sup>14:19 Die Engel van God: Dit is die boodskapdraer en verteenwoordiger van die hemelse hofhouding wat as boodskapper van God direk namens Hom praat; vgl Eks 23:20-23. Word ook vertaal “die Boodskapper van God”.

leër van Egipte en die leër van Israel ingeskuif. Die wolk het daar gebly en toe dit donker word, het dit die nag verlig. Maar die hele nag lank het die een nie nader aan die ander beweeg nie.

<sup>21</sup> \*Moses het sy hand oor die see uitgestrek,\* en die HERE het met 'n sterk oostewind, wat die hele nag lank gewaai het, die see laat terugtrek. Hy het die see droë grond gemaak; die water is oopgekloof.

<sup>22</sup> Die Israeliete het op droë grond in die middel van die see ingegaan, terwyl die water vir hulle 'n muur aan hulle linker- en regterkant was.

<sup>23</sup> Die Egiptenare het hulle agtervolg, en al die perde van die farao, sy strydwaens en bemanning het agter hulle ingegaan na die middel van die see. <sup>24</sup> Teen die laaste nagwaak<sup>k</sup> het die HERE uit die vuurkolom en die wolk\* afgekyk na die leër van Egipte. Toe het Hy verwarring veroorsaak in die leër van die Egiptenare. <sup>25</sup> Hy het die wiele van hulle strydwaens laat vasval,<sup>1</sup> sodat hulle met moeite vorentoe kon beweeg. Toe sê die Egiptenare: “Ons moet van Israel af wegvlug, want die HERE self veg vir hulle teen Egipte.”

<sup>26</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Strek jou hand uit oor die see, sodat die water terugstroom oor die Egiptenare, oor hulle strydwaens en die bemanning.” <sup>27</sup> Moses het sy hand uitgestrek oor die see, en die see het teen die oggend na sy gewone plek teruggestroom. Die Egiptenare het gevlug vir die naderende water. Maar die HERE het die Egiptenare in die

---

\***14:21-31** Deut 11:4; Ps 77:20-21; 78:13,53; 106:9-11; 136:13-15; Jes 43:16-17; 51:10; 63:11-13; Nah 1:4; vgl 1 Kor 10:1-2; Heb 11:29

\***14:21 hand ... uitgestrek:** Eks 7:19-20; 8:5-6,16-17; 9:22-23; 10:12-13,21; 14:26-27; Hand 7:36

<sup>k</sup>**14:24 laaste nagwaak:** Die •bronteks lui “nagwaak van die oggend”.

\***14:24 vuurkolom ... wolk:** Eks 13:21-22; 40:36-38; Num 9:17; 14:13-14; Deut 1:33; Neh 9:12,19; Ps 78:14; 105:39; 1 Kor 10:1

<sup>1</sup>**14:25 laat vasval:** Die •Septuagint, •Samaritaanse Pentateug en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “verwyder”.

middel van die see gewerp. <sup>28</sup> Toe die water terugstroom, het dit die strydwaens en bemanning van die farao se hele leër wat agter die Israelite in die see ingegaan het, verswelg. Nie eers een van hulle het oorgebly nie. <sup>29</sup> Die Israelite het deur die middel van die see op droë grond getrek, terwyl die water vir hulle 'n muur was aan hulle linker- en regterkant.

<sup>30</sup> Die HERE het Israel op daardie dag uit die hand van die Egiptenare verlos. Israel het die Egiptenare dood sien lê aan die kant van die see. <sup>31</sup> Toe Israel die magtige daad<sup>m</sup> sien wat die HERE teen Egipte gedoen het, het die volk vir die HERE ontsag gehad en hulle vertrou in die HERE en in sy dienskneg, Moses, gestel.

## 15

### Oorwinningslied by die Rietsee

<sup>1</sup> \*Toe het Moses en die Israelite hierdie lied vir die HERE gesing.  
Hulle het gesê:

“Ek wil sing vir die HERE,<sup>\*</sup>  
want Hy is hoog verhewe.

Die perd en sy ruiters  
het Hy in die see geslinger.

<sup>2</sup> My krag en sterkte is die HERE,  
en Hy was my redding.\*

Hy is my God,  
en Hom sal ek loof,  
die God van my vader,

---

<sup>m</sup>14:31 magtige daad: Die bronteks lui “groot hand”.

\*15:1-21 Deut 11:4; vgl Ps 66:6; 106:11; Jes 51:10

\*15:1 Ek ... HERE: Rig 5:3; Ps 13:6; 106:12; Jes 12:5; Op 15:3

\*15:2 My ... redding: Ps 118:14; Jes 12:2

en Hom sal ek verheerlik.

<sup>3</sup> “Die HERE is 'n krygsman,  
HERE is sy Naam.

<sup>4</sup> \*Die farao se strydwaens en sy leër  
het Hy in die see geslinger;  
die keur van sy offisiere  
het weggesink in die Rietsee.<sup>n</sup>

<sup>5</sup> Die watermassa<sup>o</sup> het hulle verswelg;  
in die dieptes het hulle afgesak soos 'n klip.

<sup>6</sup> “\*U regterhand, HERE — majestueus in krag;  
U regterhand, HERE, vernietig die vyand.

<sup>7</sup> In u hoë verhewenheid breek U hulle af  
wat teen U opstaan.

U gee u toornvloed vrye teuels,  
dit verteer hulle soos strooi.

<sup>8</sup> \*Deur die asem uit u neus\*  
het die water opgedam,  
het die seestrome gaan staan  
soos in 'n dam,  
het die watermassa

---

\*15:4-5 Neh 9:11

<sup>n</sup>15:4 **Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal “Rietsee”. Die Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “•Rooisee”.

<sup>o</sup>15:5 **watermassa:** Die woord kan ook verwys na die mitiese oerwater; vgl Gen 1:2.

\*15:6 Ps 118:15-16

\*15:8 Ps 78:13

\*15:8 **asem ... neus:** Ps 18:16

in die hart van die see gestol.

<sup>9</sup> “Die vyand het gesê,  
‘Ek sal agtervolg, inhaal, buit verdeel;  
my begeerte sal vervul word.  
Ek sal my swaard trek,  
my hand sal hulle onderwerp.’

<sup>10</sup> \*U het met u asem geblaas,  
die see het hulle verswelg;  
soos lood het hulle gesink\*  
in die magtige waters.

<sup>11</sup> “\*Wie is soos U\* onder die gode, HERE?  
Wie is soos U, majestueus in heiligheid,  
ontsagwekkend in lofwaardige dae?  
U wat wonders doen,

<sup>12</sup> U het u regterhand uitgestrek;  
die aarde het hulle ingesluk.

<sup>13</sup> “Deur u troue liefde  
sal U die volk lei wat U gered het.  
Deur u krag\* sal U hulle begelei  
na u heilige woonplek.\*

---

\*15:10 Eks 15:8

\*15:10 lood ... gesink: Eks 15:5

\*15:11 Op 15:3

\*15:11 Wie is soos U: Deut 33:26; 2 Sam 7:22; 1 Kon 8:23; Ps 86:8; Jes 40:18;  
Jer 10:6; Miga 7:18

\*15:13 Deur u krag: Ps 77:15

\*15:13 U hulle ... woonplek: Ps 78:54

<sup>14</sup> Volke sal dit hoor, hulle sal sidder;\*

benoudheid pak die inwoners

van Filistea beet.

<sup>15</sup> \*Dan raak die stamhoofde

van Edom beangs,

bewing pak die leiers van Moab beet;

al die inwoners van Kanaän sidder.

<sup>16</sup> Verskrikking en vrees sal hulle oorval;

vanweë u magtige arm

raak hulle stil soos 'n klip,

totdat u volk, HERE, verbytrek,

totdat die volk wat U gekoop het, verbytrek.

<sup>17</sup> U sal hulle inbring en plant

op die berg van u erfgrond,

die plek wat U voorberei het vir u verblyf,

HERE,

die heiligdom, my Heer,

wat u hande gevestig het.

<sup>18</sup> “\*Die HERE sal regeer vir altyd en ewig.

<sup>19</sup> \*Want die perde van die farao,

met sy strydwaens en bemanning,

het in die see ingegaan,

en die HERE het die water van die see

oor hulle laat terugvloei.

---

\* **15:14** Volke ... sidder: Num 14:14

\* **15:15** Jos 5:1

\* **15:18** Ps 10:16; 29:10; Op 11:15; 19:6

\* **15:19** Eks 14:27-29

Maar die Israeliete het op droë grond  
in die middel van die see deurgetrek.”

<sup>20</sup> Toe het Mirjam, \* die profetes, \* die suster van Aäron, 'n tamboeryn in haar hand geneem, en al die vroue het agter haar aan uitgegaan met tamboeryne en in 'n kring gedans.<sup>p\*</sup> <sup>21</sup> \*Mirjam het vir hulle die refrein gesing:

“Sing vir die HERE,  
want Hy is hoog verhewe.  
Die perd en sy ruiter  
het Hy in die see geslinger.”

### **Bitter water by Mara**

<sup>22</sup> Moses het die Israeliete laat wegtrek van die Rietsee,<sup>q</sup> en hulle het uitgegaan na die Surwoestyn. Hulle het drie dae lank in die woestyn<sup>r</sup> getrek en nie water gekry nie. <sup>23</sup> Toe hulle by Mara aankom, kon hulle die water van Mara nie drink nie, want dit was bitter. Daarom word die plek Mara<sup>s</sup> genoem.

<sup>24</sup> Die volk het teenoor Moses gemor en gesê: “Wat moet ons drink?”

<sup>25</sup> Hy het na die HERE om hulp geroep; en die HERE het hom 'n stuk

---

\* **15:20 Mirjam:** Eks 2:4; Num 12:1,10; 26:59; Deut 24:9; 1 Kron 6:3; Miga 6:4

\* **15:20 profetes:** Vgl Rig 4:4; 2 Kon 22:14; Neh 6:14; Luk 2:36; Hand 21:9

<sup>p</sup>**15:20 in 'n ... gedans:** Die Hebreeuse woord dui gewoonlik aan dat daar deur meisies in 'n kring gedans word.

\* **15:20 tamboeryne ... gedans:** Eks 32:19; Rig 11:34; 21:21; 1 Sam 18:6-7; 2 Sam 6:5; Ps 149:3; 150:4

\* **15:21** Eks 15:1

<sup>q</sup>**15:22 Rietsee:** Vgl voetnoot by Eks 15:4.

<sup>r</sup>**15:22 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>s</sup>**15:23 Mara:** In Hebreeus beteken die naam ‘bitter’; vgl Num 33:8.



hout gewys. Moses het dit in die water gegooi, en die water het soet geword.\* Daar het die HERE<sup>t</sup> vir hulle 'n vaste voorskrif en 'n bepaling neergelê; daar het Hy hulle getoets.\*<sup>26</sup> Hy het gesê: “As jy noukeurig luister na die stem van die HERE jou God, doen wat reg is in sy oë, aandag gee aan sy gebooie en al sy vaste voorskrifte nakom, dan sal Ek nie een van die siektes\* wat Ek op die Egiptenare gelaai het, oor jou bring nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.\*”<sup>27</sup> \*Hierna het hulle by Elim aangekom, waar daar twaalf fonteine en sewentig dadelpalms was. Hulle het daar langs die water kamp opgeslaan.

## 16

### Kwartels en manna in die woestyn<sup>u</sup>

<sup>1</sup> \*Die Israëliete het van Elim af weggetrek en die hele volksvergadering<sup>v</sup> van die Israëliete het in die Sinwoestyn<sup>w</sup> aangekom, wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende dag van die tweede maand nadat hulle uit Egipteland uitgetrek het. <sup>2</sup> \*Die hele

---

\*15:25 hout ... geword: Vgl 2 Kon 2:21

<sup>t</sup>15:25 die HERE: Die •bronteks lui “Hy”.

\*15:25 Hy hulle getoets: Eks 16:4; Deut 8:2,16

\*15:26 siektes: Eks 9:8-12; Deut 7:15; 28:27,60

\*15:26 gesond maak: Deut 32:39; Ps 103:3; 107:20

\*15:27 Num 33:9

<sup>u</sup>16:0 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

\*16:1 Num 33:10-11

<sup>v</sup>16:1 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

<sup>w</sup>16:1 Sinwoestyn: Daar is onsekerheid oor die ligging van die Sinwoestyn. Dit was waarskynlik die gebied langs die westelike rand van die Sinaiplato.

\*16:2-3 Eks 14:11-12; 17:3; Num 11:1,4-6; 14:1-4; 16:13; 20:2-5; 21:5; Ps 78:17-20,40; 106:7

volksvergadering van die Israëliete het teen Moses en Aäron gemor in die woestyn. <sup>3</sup> Die Israëliete het vir hulle gesê: “As ons maar deur die hand van die HERE in Egipteland gesterf het toe ons by die vleispotte gesit en ons versadig geëet het aan brood! Maar julle het ons na hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele gemeenskap van honger te laat sterf.”

<sup>4</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Kyk, Ek gaan vir julle brood uit die hemel laat reën;\* dan moet die volk uitgaan en genoeg vir elke dag bymekaarmaak, sodat Ek hulle kan toets of hulle my wet sal volg of nie. <sup>5</sup> \*Op die sesde dag moet hulle voorberei wat hulle inbring; dit moet dan twee maal soveel wees as wat hulle daaglik bymekaarmaak.”

<sup>6</sup> Moses en Aäron het vir al die Israëliete gesê: “Vanaand sal julle weet dat dit die HERE is wat julle uit Egipteland uitgelei het, <sup>7</sup> en môreoggend sal julle die heerlikheid van die HERE beleef,\* omdat Hy julle gemor teen die HERE gehoor het. Wie is ons, dat julle teen ons mor?\*” <sup>8</sup> “Ja,” het Moses bygevoeg, “wanneer die HERE vir julle vleis in die aand gee om te eet en brood in die oggend om julle versadig te eet, omdat die HERE julle gemor gehoor het wat julle teen Hom gerig het. Wie is ons? Dit is nie teen ons wat julle gemor het nie, maar teen die HERE.”\*

<sup>9</sup> Moses sê toe vir Aäron: “Sê vir die hele volksvergadering van die Israëliete, ‘Kom nader voor die HERE, want Hy het julle gemor gehoor.’ ”

<sup>10</sup> \*Net nadat Aäron met die hele volksvergadering van die Israëliete gepraat het, het hulle in die rigting van die woestyn gedraai, en kyk, die

---

\* **16:4 brood ... reën:** Ps 78:24; 105:40; Joh 6:31-32; 1 Kor 10:3

\* **16:5** Eks 16:22-30

\* **16:7 heerlikheid ... beleef:** Eks 16:10; 2 Kor 3:18

\* **16:7 Wie ... mor:** Num 1:11

\* **16:8 omdat ... teen die HERE:** 1 Sam 8:7; Luk 10:16; Rom 13:2

\* **16:10** Eks 16:7

heerlikheid van die HERE het in 'n wolk\* verskyn! <sup>11</sup> Die HERE sê toe vir Moses: <sup>12</sup> “Ek het die gemor van die Israeliete gehoor. Praat met hulle en sê, ‘Laatmiddag<sup>x</sup> sal julle vleis eet, en in die oggend sal julle versadig wees van brood. Dan sal julle weet dat Ek, die HERE, julle God is.’ ”\*

<sup>13</sup> In die aand het kwartels\* oorgekom en die kamp bedek, en in die oggend was daar 'n laag dou rondom die kamp. <sup>14</sup> Toe die doulaag verdamp — kyk, toe is daar op die oppervlakte van die woestyn iets wat fyn en skilferagtig is, so fyn soos ysryp op die grond. <sup>15</sup> Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: “Wat is dit?” Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Moses sê toe vir hulle: “Dit is die brood\* wat die HERE vir julle gegee het om te eet. <sup>16</sup> Dit is die opdrag wat die HERE gegee het, ‘Elkeen van julle moet soveel bymekaarmaak as wat die aantal persone by julle kan eet — 'n omer<sup>y</sup> per kop. Dan moet elkeen van julle dit neem vir wie in sy tent is.’ ”

<sup>17</sup> Die Israeliete het toe so gemaak; hulle het bymekaargemaak, die een baie en die ander een min. <sup>18</sup> \*Toe hulle dit met 'n omer meet, het dié wat baie opgetel het, nie te veel gehad nie, en dié wat min opgetel het, nie te min gehad nie. Wat elkeen nodig gehad het om te eet, het hulle bymekaargemaak.

---

\***16:10 wolk:** Eks 33:9; 40:36-38; Num 9:17; 1 Kor 10:1; Ps 99:7

<sup>x</sup>**16:12 Laatmiddag:** Die •bronteks lui “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmoed is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag. Volgens Josefus is die •pasgalam in die tempel geslag tussen drie-uur en vyfuur die middag •Nag en dag.

\***16:12 Ek, die ... God is:** Eks 6:6; Deut 4:35; Joël 2:27; 3:17; vgl Eks 7:4-5; Jes 45:3

\***16:13 kwartels:** Num 11:31; Ps 78:27-29; 105:40

\***16:14-15 doulaag ... brood:** Num 11:7-9; Joh 6:31-32,49

<sup>y</sup>**16:16 omer:** Ongeveer 2,2 ℓ; •Inhoudsmate.

\***16:18** 2 Kor 8:15

<sup>19</sup> \*Moses sê toe vir hulle: “Niemand moet daarvan oorhou tot die oggend nie.” <sup>20</sup> Maar hulle het nie na Moses geluister nie. Party het daarvan oorgehou tot die volgende oggend, maar dit was vol maaiers en het gestink. Moses was woedend vir hulle.

<sup>21</sup> Hulle het dit elke oggend bymekaargemaak, elkeen soveel as wat hy kon eet; maar as die son warm word, het dit weggesmelt. <sup>22</sup> \*Op die sesde dag het hulle twee keer soveel brood bymekaargemaak, twee omer vir elkeen. Al die leiers<sup>z</sup> van die volksvergadering<sup>a</sup> het gekom en dit vir Moses vertel. <sup>23</sup> Hy sê toe vir hulle: “Dit is wat die HERE gesê het, ‘Môre is dit 'n buitengewone Sabbat,<sup>b</sup> 'n heilige Sabbat tot eer van die HERE. Wat julle wil bak, moet julle bak, en wat julle wil kook, moet julle kook. Alles wat te veel is, moet julle veilig bêre tot die oggend.’ ”

<sup>24</sup> Hulle het dit weggesit tot die oggend soos Moses beveel het. Dit het nie gestink nie en daar was nie maaiers in nie.\* <sup>25</sup> Moses het gesê: “Eet dit vandag, want vandag is 'n Sabbat ter ere van die HERE. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie. <sup>26</sup> Vir ses dae moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag, op 'n Sabbat, sal daar nie wees nie.”

<sup>27</sup> Op die sewende dag het van die mense uitgegaan om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie. <sup>28</sup> Die HERE sê toe vir Moses: “Hoe lank gaan julle weier om my gebooie en wette na te kom? <sup>29</sup> Julle moet insien dat die HERE vir julle die Sabbat gegee het — daarom gee Hy op

---

\*16:19 Eks 12:10

\*16:22 Eks 16:5

<sup>z</sup>16:22 leiers: In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

<sup>a</sup>16:22 volksvergadering: Vgl voetnoot by Eks 16:1.

<sup>b</sup>16:23 buitengewone Sabbat: Dit was 'n dag van volkome rus wat op 'n besondere wyse gevier is deur die streng nakoming van voorskrifte; vgl Eks 31:15; 35:2.

\*16:24 nie maaiers in nie: Eks 16:20

die sesde dag twee dae se brood. Elkeen moet bly waar hy is; niemand mag op die sewende dag sy blyplek verlaat nie.”<sup>30</sup> Die volk het toe op die sewende dag gerus.<sup>31</sup> \*Die huis van Israel het dit man<sup>c</sup> genoem. Dit was wit soos koljandersaad, en dit het geproe soos soetgebak met heuning.

<sup>32</sup> Moses het gesê: “Dit is wat die HERE beveel het, “n Volle omer daarvan moet bewaar word vir julle nageslagte, sodat hulle die brood kan sien waarmee Ek julle in die woestyn gevoed het toe Ek julle uit Egipteland uitgelei het.”<sup>33</sup> \*Daarom het Moses vir Aäron gesê: “Neem een kruik, plaas 'n volle omer manna daarin, en sit dit voor die HERE neer om te bewaar vir julle nageslagte.”

<sup>34</sup> Soos die HERE Moses beveel het, het Aäron dit toe later voor die Getuienis<sup>d</sup> geplaas vir bewaring.<sup>35</sup> \*Die Israeliete het die manna veertig jaar lank geëet, totdat hulle by bewoonde land gekom het. Die manna het hulle geëet totdat hulle by die grens van die land Kanaän aangekom het.<sup>36</sup> 'n Omer is 'n tiende van 'n efa.<sup>e</sup>

## 17

### Water uit die rots

<sup>1</sup> \*Die hele volksvergadering<sup>f</sup> van die Israeliete het op bevel van die

---

\***16:31** Num 11:7-8

<sup>c</sup>**16:31 man:** Die Hebreeuse woord *man* is die vraagwoord “wat?”, waarvan die woord ‘manna’ afgelei is; vgl Eks 16:15.

\***16:33-34** Heb 9:4

<sup>d</sup>**16:34 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

\***16:35** Deut 8:2-3; Jos 5:12; Neh 9:21; Hand 13:18; 1 Kor 10:3-4

<sup>e</sup>**16:36** ⅓ ... **efa:** Ongeveer 2,2 ℓ; •Inhoudsmate.

\***17:1** Num 33:12-14

<sup>f</sup>**17:1 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

HERE, volgens hulle trekgrøpe, weggetrek uit die Sinwoestyn.<sup>8</sup> Hulle het by Refidim kamp opgeslaan, maar daar was nie vir die volk water om te drink nie. <sup>2</sup> Die volk het Moses verwyet;\* hulle het gesê: “Gee vir ons water sodat ons kan drink!” Moses het hulle geantwoord: “Waarom verwyet julle my? Waarom daag julle die HERE uit?\*

<sup>3</sup> \*Maar die volk het daar gesmag na water, en die volk het teen Moses gemor\* en gesê: “Waarvoor het jy ons uit Egipte laat optrek? Om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat sterf?” <sup>4</sup> Moses het na die HERE om hulp geroep en gesê: “Wat moet Ek maak met hierdie volk? Hulle is op die punt om my te stenig.\*” <sup>5</sup> Die HERE sê toe vir Moses: “Gaan voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam. Die staf waarmee jy die Nyl geslaan het, moet jy in jou hand neem.\* Gaan dan! <sup>6</sup> \*Kyk, Ek sal daar voor jou staan op die rots by Horeb.<sup>h</sup> Jy moet op die rots slaan, dan sal daar water uitkom, en die volk sal drink.”

Moses het dit toe gedoen ten aanskoue van die oudstes van Israel. <sup>7</sup> Hy het die plek Massa en Meriba<sup>i</sup> genoem, na aanleiding van die Israëliete

---

<sup>8</sup>**17:1 Sinwoestyn:** Daar is onsekerheid oor die ligging van die Sinwoestyn. Dit was waarskynlik die gebied langs die westelike rand van die Sinaiplato.

\***17:2 Moses verwyet:** Num 20:3

\***17:2 daag ... uit:** Ps 78:18,41

\***17:3-6** Ps 105:41

\***17:3 en die ... gemor:** Eks 14:11-12; 16:2-3; Num 11:4-6; 14:1-4; 16:13; 20:2-5; 21:5; Ps 78:40; 106:7

\***17:4 Hulle ... stenig:** Eks 8:26; Num 14:10

\***17:5 staf ... neem:** Eks 4:2-3,17; 7:9-10,19-20; 8:5-6,16-17; 9:23; 10:13

\***17:6** Num 20:10-11; Ps 78:15,16,20; Jes 48:21; vgl 1 Kor 10:4

<sup>h</sup>**17:6 Horeb:** Eks 3:1; Deut 1:2; 1 Kon 8:9; 2 Kron 5:10; Ps 106:19; Mal 4:4; ook genoem Sinai in Eks 19:11-23.

<sup>i</sup>**17:7 Massa en Meriba:** Die name hou verband met die woorde vir ‘uitdaag’ en ‘verwyet’; vgl Heb 3:8.

se verwyte, en omdat hulle die HERE uitgedaag het deur te sê: “Is die HERE in ons midde of nie?”

### Oorwinning oor die Amalekiete

<sup>8</sup> \*\*Toe die Amalekiete kom om teen Israel te veg by Refidim, <sup>9</sup> het Moses vir Josua\* gesê: “Kies vir ons manne en trek uit, veg teen Amalek. Mōre sal Ek op die heuweltop gaan staan met die staf van God in my hand.”\* <sup>10</sup> Josua het toe, soos Moses vir hom gesê het, gereedgemaak om teen Amalek te veg; en Moses, Aäron en Hur het opgeklim na die heuweltop.

<sup>11</sup> Wanneer Moses sy hand omhoog hou, het Israel die oorhand gekry; maar wanneer hy sy hand laat rus, het Amalek die oorhand gekry.

<sup>12</sup> Toe Moses se hande swaar word, het hulle 'n klip geneem en onder hom neergesit. Hy het daarop gaan sit. Aäron en Hur het, een aan elke kant, sy hande gestut. Sy hande het bestendig omhoog gebly totdat die son ondergegaan het. <sup>13</sup> Josua het Amalek en sy volk oorwin met die skerpte van die swaard.

<sup>14</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Skryf dit in\* 'n •boekrol neer as 'n blywende herinnering, en stel dit duidelik aan Josua,<sup>j</sup> dat Ek beslis die naam Amalek onder die hemel gaan uitwis.\*”

---

\*17:8-16 Vgl Deut 25:17-19

\*17:8 Gen 36:12; 1 Sam 15:2

\*17:9 Josua: Eks 33:11; Hand 7:45

\*17:9 staf ... hand: Eks 4:2-4,17; 7:8-10,15,17,19-20; 8:5-6,16-17; 9:23; 10:13; 17:5

\*17:14 Skryf dit in: Eks 34:27; vgl Jes 30:8; Jer 30:2; Op 21:5

<sup>j</sup>17:14 stel ... Josua: Die Hebreëuse idioom is ‘plaas dit in Josua se ore’.

\*17:14 Amalek ... uitwis: Eks 3:17; Num 24:20; Deut 25:19; 1 Sam 15:3,7; 27:8; 30:1; 2 Sam 8:12; 1 Kron 4:43

<sup>15</sup> Moses het 'n altaar gebou\* en dit genoem, Die HERE is my banier.<sup>k</sup>

<sup>16</sup> Hy het gesê:

“Omdat 'n hand teen die troon  
van die HERE was,<sup>1</sup>  
is daar oorlog vir die HERE teen Amalek  
van geslag tot geslag.”

## 18

### Jetro se besoek

<sup>1</sup> Jetro,<sup>m</sup> priester van Midian, en die skoonpa van Moses, het alles gehoor wat God vir Moses en vir sy volk Israel gedoen het — hoe die HERE Israel uit Egipte uitgelei het. <sup>2</sup> Jetro, die skoonpa van Moses, het toe vir Sippora, die vrou van Moses, vir wie Moses vroeër huis toe gestuur het,\* saamgeneem, <sup>3</sup>\* ook haar twee seuns.\*

Die naam van die een was Gersom, “want,” het Moses gesê, “ek was 'n vreemdeling<sup>n</sup> in 'n vreemde land<sup>o</sup>”; <sup>4</sup> en die naam van die

---

\***17:15 altaar gebou:** Eks 20:24-26; 21:14

<sup>k</sup>**17:15 Die HERE ... banier:** In Hebreeus *Jahweh nissi*.

<sup>1</sup>**17:16 Omdat ... was:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit kan verskillend vertaal word.

<sup>m</sup>**18:1 Jetro:** Eks 3:1; 4:18; ook genoem Reüel in Eks 2:18; Num 10:29 en Gobab in Rig 4:11.

\***18:2 vrou ... gestuur het:** Eks 4:26

\***18:3-4** 1 Kron 23:15; Hand 7:29

\***18:3 twee seuns:** Hand 7:29

<sup>n</sup>**18:3 vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Hulle was geregtig op die beskerming van die plaaslike leiers.

<sup>o</sup>**18:3 Gersom ... land:** In Hebreeus klink die naam Gersom byna soos ‘vreemdeling daar’; vgl Eks 2:22.



ander een was Eliëser, “want,” het hy gesê, “die God van my vader is my hulp.<sup>p</sup> Hy het my van die swaard van die farao gered.”

<sup>5</sup> Jetro, die skoonpa van Moses, het met die seuns en Moses se vrou in die woestyn<sup>q</sup> na Moses gegaan waar hy by die berg van God\* kamp opgeslaan het. <sup>6</sup> Hy het vir Moses laat weet: “Ek, jou skoonvader Jetro, kom na jou met jou vrou en haar twee seuns saam met haar.”

<sup>7</sup> Moses het uitgegaan om sy skoonpa te ontmoet. Hy het diep gebuig en hom gesoen.\* Hulle het na mekaar se welstand gevra, en die tent binnegegaan. <sup>8</sup> Moses het sy skoonpa alles vertel wat die HERE aan die farao en aan die Egiptenare gedoen het ter wille van Israel, en van al die moeilikhede wat hulle op pad ondervind het, en hoe die HERE hulle uitgered het. <sup>9</sup> Jetro was verheug oor al die goeie dinge wat die HERE aan Israel gedoen het, dat Hy hulle uit die hand van die Egiptenare gered het. <sup>10</sup>\* Jetro het gesê: “Die HERE moet geprys word, Hy wat julle gered het uit die hand van die Egiptenare en van die farao, en wat die volk onder die hand van die Egiptenare uit gered het. <sup>11</sup> Nou weet ek dat die HERE groter is as al die gode,\* dat dit in hierdie saak daarvoor gaan dat die Egiptenare brutaal opgetree het teen die Israeliete.” <sup>12</sup>\* Jetro, Moses se skoonpa, het toe 'n brandoffer en maaltydoffer geneem om voor God te bring. Aäron en al die oudstes van Israel het gekom om in die teenwoordigheid van God 'n maaltyd te eet saam met Moses se skoonpa.

---

<sup>p</sup>**18:4 Eliëser ... hulp:** Die naam beteken ‘my God is 'n hulp’.

<sup>q</sup>**18:5 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

\***18:5 berg van God:** Eks 3:1; 4:27; 24:13; Num 10:33; 1 Kon 19:8

\***18:7 Hy ... gesoen:** Gen 29:13; 33:4-7; 2 Sam 14:33; 19:39

\***18:10** Vgl 2 Sam 18:28

\***18:11 HERE ... gode:** 2 Kron 2:5; Ps 135:5

\***18:12** Gen 31:54; Eks 24:11; Deut 12:7,22; 1 Kron 29:21,22

<sup>13</sup> \*Die volgende dag het Moses gaan sit om as regter op te tree vir die mense. Die mense het van die oggend af tot die aand toe om Moses gestaan. <sup>14</sup> Toe Moses se skoonpa sien wat hy alles vir die mense doen, het hy gevra: “Wat is dit wat jy vir die mense doen? Waarom sit jy alleen, terwyl al die mense van die oggend tot die aand toe om jou bly staan?” <sup>15</sup> \*Moses het sy skoonpa geantwoord: “Omdat die mense na my toe kom om God te raadpleeg. <sup>16</sup> Wanneer hulle 'n geskil het, kom dit voor my; dan beslis ek tussen die persoon en sy naaste, en maak God se vaste voorskrifte en wette bekend.”

<sup>17</sup> Moses se skoonpa sê toe vir hom: “Dit is nie goed dat jy die saak so hanteer nie. <sup>18</sup> \*Jy gaan jousef heeltemal uitput — jy sowel as hierdie mense wat by jou is. Want dit is te veeleisend vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie. <sup>19</sup> Luister nou na my! Ek sal vir jou raad gee, en mag God met jou wees! Tree jy vir die volk in by God,\* en bring jy die sake voor God. <sup>20</sup> \*Waarsku hulle oor die vaste voorskrifte en wette, en lig hulle in oor die pad wat hulle moet volg en die werk wat hulle moet doen. <sup>21</sup> \*Maar wees jy op die uitkyk na bekwame manne onder die hele volk, betroubare manne wat ontsag het vir God, wat 'n weersin het in oneerlike wins. Stel hulle oor die volk aan as aanvoerders oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. <sup>22</sup> Hulle moet te alle tye die volk se regsake behartig. Elke groot saak moet hulle na jou bring, maar oor elke klein saak moet hulle self beslis. Maak dit ligter vir jousef, en laat hulle saam met jou die las dra. <sup>23</sup> As jy dít doen, en as God jou so beveel, sal jy staande kan bly, en al

---

\*18:13-26 Deut 1:9-18

\*18:15-16 Deut 1:17

\*18:18 Num 11:14,17; Deut 1:9,12

\*18:19 Tree ... by God: Eks 20:19; Deut 5:5

\*18:20 Eks 24:12; Deut 4:14; 5:31; 6:1

\*18:21 Deut 1:13,15; 16:18; 2 Kron 19:5-10

hierdie mense sal ook tevrede na hulle blyplekke kan gaan.”

<sup>24</sup> Moses het na sy skoonpa geluister en alles gedoen wat hy gesê het.

<sup>25</sup> \*Moses het onder die hele Israel bekwame manne uitgesoek, en hulle as hoofde oor die volk aangestel, as aanvoerders oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien. <sup>26</sup> Hulle het te alle tye die volk se regsake behartig. Die moeilike sake het hulle na Moses gebring, maar oor al die maklike sake het hulle self beslis. <sup>27</sup> Moses het sy skoonpa weggesien, en hy het na sy eie land\* gegaan.

## 19

### Verbondsluiting by Sinai

<sup>1</sup> \*In die derde maand ná die Israeliete se uittog uit Egipteland, op dieselfde dag, het hulle in die Sinaiwoestyn aangekom. <sup>2</sup> Hulle het van Refidim\* af weggetrek, in die Sinaiwoestyn aangekom, en in die woestyn<sup>r</sup> kamp opgeslaan. Israel het daar, reg voor die berg,<sup>s</sup> kamp opgeslaan.

<sup>3</sup> Moses het opgeklim na God, en die HERE het van die berg af na hom geroep en gesê: “So moet jy vir die huis van Jakob sê, sodat jy die Israeliete kan inlig, <sup>4</sup> ‘Julle het self gesien wat Ek aan die Egiptenare gedoen het, en hoe Ek julle op arendsvlerke\* gedra en julle na My

---

\*18:25 Eks 18:21

\*18:27 eie land: Eks 3:1

\*19:1-6 Hand 7:38

\*19:2 Refidim: Num 33:15

<sup>r</sup>19:2 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>s</sup>19:2 berg: Horeb in Eks 17:6; 33:6; Deut 1:2; 1 Kon 8:9; 19:8; 2 Kron 5:10; Ps 106:19; Mal 4:4; ook genoem Sinai in Eks 19:11,18,20,23.

\*19:4 op arendsvlerke: Deut 32:11; Jes 40:31

gebring het. <sup>5</sup>\* As julle dan nou getrou luister na my stem en my verbond nakom, dan sal julle onder al die volke my persoonlike eiendom wees, al behoort die hele aarde aan My. <sup>6</sup> Vir My sal julle 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees.' Dit is die woorde wat jy aan die Israeliete moet oordra.”

<sup>7</sup> Moses het gegaan, die oudstes van die volk ontbied, en aan hulle al hierdie woorde wat die HERE hom beveel het, voorgehou. <sup>8</sup> Die hele volk het eenparig geantwoord; hulle het gesê: “Alles wat die HERE gesê het, sal ons doen.”\* Moses het die volk se antwoord na die HERE teruggeneem.\* <sup>9</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Kyk, Ek gaan na jou kom in 'n digte wolk,\* sodat die volk kan hoor wanneer Ek met jou praat en hulle jou dan ook altyd kan vertrou.” Daarop het Moses die antwoord van die volk aan die HERE oorgedra.

<sup>10</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan na die volk en heilig hulle vandag en môre. Laat hulle hulle klere was.\* <sup>11</sup> Hulle moet gereed wees op die derde dag, want op die derde dag sal die HERE, voor die oë van die hele volk, op die berg Sinai neerdaal.\* <sup>12</sup>\* Baken rondom die berg<sup>t</sup> 'n grens vir die volk af en sê vir hulle, ‘Wees versigtig dat julle nie teen die berg opklim, en selfs aan die voet daarvan raak nie. Elkeen wat aan die berg

---

\***19:5-6** Gen 17:9; Deut 7:6; 14:2; 26:18; 1 Kon 8:53; Ps 135:4; Jes 62:12; Am 3:2; Tit 2:14; 1 Pet 2:5,9-10; Op 1:6; 5:10; vgl Eks 33:16

\***19:8 Alles ... doen:** Eks 24:3,7; Deut 5:27; vgl Jer 42:20

\***19:8 Moses ... teruggeneem:** Hand 7:38

\***19:9 digte wolk:** Eks 19:16; 20:21; 24:15-16; 34:5; 40:34; Lev 16:2; Num 11:25; Eseg 1:4; Matt 17:5

\***19:10 klere was:** Gen 35:2; Eks 19:14; Num 8:21; Heb 10:22

\***19:11 HERE ... neerdaal:** Eks 19:16,18

\***19:12-13** Heb 12:20

<sup>t</sup>**19:12 die berg:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

raak, moet beslis doodgemaak word. <sup>13</sup> Geen hand mag aan so iemand raak nie, maar hy moet beslis gestenig of met pyle geskiet word. Of dit nou 'n dier of 'n mens is, hy mag nie bly leef nie. Wanneer daar lank op die ramshoring geblaas word, mag hulle teen die berg opklim.’ ”

<sup>14</sup> Moses het van die berg afgekom na die volk. Hy het die volk geheilig, en hulle het hulle klere gewas.\* <sup>15</sup> Hy het vir die volk gesê: “Wees gereed op die derde dag; moenie naby 'n vrou kom nie.”

<sup>16</sup>\* Op die derde dag, toe dit oggend word, was daar donderslae en weerlig en 'n swaar wolk oor die berg, en ook die baie harde geluid van 'n ramshoring. Die hele volk in die kamp het gebewe. <sup>17</sup>\* Moses het die volk uit die kamp uitgelei om God te ontmoet. Hulle het by die voet van die berg gaan staan. <sup>18</sup> Die hele berg Sinai het in rook gestaan, omdat die HERE in vuur daarop neergedaal het. Die rook<sup>u</sup> het opgestyg soos rook uit 'n oond. Die hele berg het hewig geskud, <sup>19</sup> en die geluid van die ramshoring het algaande baie harder geword. Moses het gepraat, en God het hom met 'n donderslag geantwoord.\*

<sup>20</sup>\* Toe die HERE op die berg Sinai neergedaal het, op die kruin van die berg, het die HERE vir Moses na die kruin van die berg geroep, en Moses het opgeklim. <sup>21</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan af en waarsku die volk, anders breek hulle deur die grens<sup>v</sup> na die HERE om te kyk, en kom daar baie van hulle om. <sup>22</sup> Ook die priesters wat gewoonlik die HERE nader, moet hulleself heilig, anders slaan die HERE hulle uitmekaar.”

---

\***19:14 hulle klere gewas:** Eks 19:10

\***19:16-19** Heb 12:18-19,21,26; Op 4:5; 8:5; 11:19; 16:18

\***19:17-18** Deut 4:10-11; vgl Eks 24:17

<sup>u</sup>**19:18 Die rook:** Die bronteks lui “sy rook”.

\***19:19 God ... geantwoord:** Ps 18:4; 81:8

\***19:20,24** Op 4:1

<sup>v</sup>**19:21 die grens:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. Dieselfde geld vir Eks 19:24.

<sup>23</sup> Moses het vir die HERE gesê: “Die volk kan nie die berg Sinai uitklim nie, omdat U self ons gewaarsku het, ‘Baken die berg af en verklaar dit heilig.’ ” <sup>24</sup> Die HERE het hom geantwoord: “Gaan af, en kom dan weer op, jy en Aäron saam met jou. Maar die priesters en die volk moet nie deur die grens breek om na die HERE op te klim nie, anders slaan Hy hulle uitmekaar.” <sup>25</sup> Moses het toe afgegaan na die volk en dit vir hulle gesê.

## 20

### Afkondiging van die Tien Gebooe

<sup>1</sup> \*Toe het God al hierdie woorde gespreek:

<sup>2</sup> “\*Ek is die HERE jou God, wat jou uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het.

<sup>3</sup> \*Jy mag naas My nie ander gode hê nie.<sup>w</sup>

<sup>4</sup> \*Jy mag nie vir jou 'n gesnede beeld maak nie — enige afbeelding van wat in die hemelruim daar bo, of op die aarde hier onder, of in die water onder die aarde is nie. <sup>5</sup> \*Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie,<sup>x</sup> want Ek, die HERE jou God, is 'n besitlike God,<sup>y</sup> wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers,<sup>\*</sup> selfs die derde en vierde geslag van

---

\*20:1-17 Deut 5:6-21

\*20:2 Lev 26:13; Num 15:41; Ps 81:11; Miga 6:4; vgl Gen 15:7

\*20:3 Deut 6:14; 2 Kon 17:35

<sup>w</sup>20:3 naas ... hê nie: Word ook vertaal “voor My hê nie”.

\*20:4 Deut 4:16; 27:15

\*20:5 Eks 34:14; Deut 4:24; Jos 24:19

<sup>x</sup>20:5 jy mag hulle ... nie: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks kan vertaal word “jy mag jou nie daartoe laat bring om hulle te dien nie”.

<sup>y</sup>20:5 besitlike God: Die woorde in die bronteks verwys daarna dat God Hom hartstogtelik beywer vir sy kinders, en dat Hy geen teenstand duld nie.

\*20:5 kinders ... ouers: Joh 9:2

hulle wat My verwerp, <sup>6</sup> \* maar troue liefde bewys aan duisende, aan hulle wat My liefhet en my gebooie nakom.

<sup>7</sup> \* Jy mag die Naam van die HERE jou God nie misbruik nie, want die HERE sal hulle wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat nie.

<sup>8</sup> \* Gedenk die Sabbatdag deur dit heilig te hou. <sup>9</sup> Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet, <sup>10</sup> maar die sewende dag is 'n Sabbat ter ere van die HERE jou God. \* Jy mag geen werk doen nie, nie jy en jou seun en jou dogter, jou slaaf en jou slavin, jou diere en jou vreemdeling<sup>z</sup> wat by jou<sup>a</sup> is nie. \* <sup>11</sup> \* Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde en die see gemaak, en alles wat daarin is, maar op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die HERE die Sabbatdag geseën en dit geheilig.

<sup>12</sup> \*\* Behandel jou vader en jou moeder met eerbied, sodat jy lank kan leef op die grond wat die HERE jou God vir jou gaan gee.

<sup>13</sup> \* Jy mag nie moord pleeg nie.

---

\*20:6 Deut 7:9

\*20:7 Lev 19:12; vgl Lev 18:21; 24:16; Jak 5:12

\*20:8-10 Eks 31:13-16; Lev 23:3; 26:2; Matt 12:2; Mark 2:27; Luk 13:14; Luk 23:56

\*20:10 Sabbat ... God: Eseg 20:12

<sup>z</sup>20:10 vreemdeling: Dit is 'n persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

<sup>a</sup>20:10 by jou: Letterlik 'in jou poorte'. Poorte verwys na enige woonplek in die land.

\*20:10 vreemdeling ... is nie: Vgl Neh 13:16

\*20:11 Gen 2:2; Eks 31:17; Neh 9:6; Hand 4:24; 14:15; Op 10:6; 14:7

\*20:12-16 Matt 19:18-19; Mark 10:19; Luk 18:20; Rom 13:9

\*20:12 Lev 19:3; 20:9; Deut 5:16; Matt 15:4; Mark 7:10; Ef 6:2-3

\*20:13 Matt 5:21; Jak 2:11

<sup>14</sup> \*Jy mag nie egbreuk<sup>b</sup> pleeg nie.

<sup>15</sup> Jy mag nie steel nie.

<sup>16</sup> Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie.

<sup>17</sup> \*Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie. Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, ook nie.”

<sup>18</sup> \*Toe die hele volk die donderslae hoor en die weerlig sien, asook die geluid van die ramshoring, en die berg wat rook, was hulle bang en het gebewe. Hulle het op 'n afstand bly staan <sup>19</sup> en vir Moses gesê: “Praat u met ons, en ons sal luister. Maar God moet nie met ons praat nie, sodat ons nie sterf nie.” <sup>20</sup> Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie, want dit is om julle te toets dat God gekom het, sodat die ontsag vir Hom deel van julle lewe sal wees<sup>c</sup> en julle nie sondig nie.” <sup>21</sup> \*Die volk het op 'n afstand bly staan, en Moses het nadergegaan na die diep duisternis waar God was.

<sup>22</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “So moet jy vir die Israeliete sê, ‘Julle het self gesien dat Ek uit die hemel met julle praat.’ <sup>23</sup> \*Julle mag nie gode van silwer en goud maak en naas My vereer nie; julle mag dit nie vir julle maak nie. <sup>24</sup> 'n Altaar van grond moet jy vir My maak, en

---

\*20:14 Lev 20:10; Deut 22:22; Matt 5:27-28; Rom 13:9

<sup>b</sup>20:14 egbreuk: Die OT maak 'n onderskeid tussen egbreuk en egskeiding; vgl Deut 24:1,3; Matt 5:31; 19:7; Mark 10:4.

\*20:17 Rom 7:7; 13:9

\*20:18-19 Eks 19:8; Deut 5:25; 18:16; Heb 12:18-21

<sup>c</sup>20:20 deel ... wees: Letterlik ‘op julle gesigte sal wees’.

\*20:21 Deut 4:11; 5:22; vgl Ps 97:2

\*20:22 Ek ... praat: Deut 4:36; Neh 9:13

\*20:23 Eks 20:3-4; Lev 26:1



daarop jou brandoffers en jou maaltydoffers,<sup>d</sup> jou kleinvee en beeste offer. Op elke plek waar Ek toelaat dat my Naam genoem word,\* sal Ek na jou kom en jou seën. <sup>25</sup> \*En as jy 'n altaar van klip vir My maak, mag jy dit nie bou met gekapte klip nie. As jy jou beitel daaroor beweeg, ontheilig jy dit. <sup>26</sup> Jy mag nie met trappe op my altaar klim, dat jou naaktheid daarop ontbloot word nie.' ”

## 21

### Bepalings van die verbond

<sup>1</sup> “Dit is die bepalings wat jy aan hulle moet voorhou:

<sup>2</sup> “\*Wanneer jy 'n Hebreuse<sup>e</sup> slaaf koop, moet hy ses jaar lank werk, maar in die sewende jaar moet hy as 'n vry man weggaan, sonder om iets te betaal. <sup>3</sup> As hy alleen was toe hy in diens getree het, moet hy alleen weggaan; as hy getroud was, moet sy vrou saam met hom weggaan. <sup>4</sup> As sy eienaar vir hom 'n vrou gegee en sy vir hom seuns of dogters in die wêreld gebring het, behoort die vrou en haar kinders aan die eienaar, en moet hy alleen weggaan. <sup>5</sup> As die slaaf egter uitdruklik sê, ‘Ek het my eienaar, my vrou en my kinders lief, ek wil nie as 'n vry man weggaan nie,’ <sup>6</sup> moet sy eienaar hom na God bring.<sup>f</sup> Hy moet hom na die deur of die

---

<sup>d</sup>**20:24 maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

\***20:24 Op ... word:** Deut 12:5,11,21; Neh 1:9

\***20:25** Jos 8:31; 1 Kon 5:17

\***21:2-6** Lev 25:39-43; Deut 15:12-18; Jer 34:14; Joh 8:35

<sup>e</sup>**21:2 Hebreuse:** Dit dui in hierdie geval 'n etniese groep aan wat op een of ander wyse aan die Israeliete verbonde was.

<sup>f</sup>**21:6 na God bring:** Dit verwys na die heiligdom.

deurkosyn bring, en daar moet sy eienaar sy oor met 'n els deursteek. Hy moet dan vir altyd vir hom werk.

<sup>7</sup> Wanneer 'n man sy dogter as 'n slavin verkoop,\* mag sy nie op dieselfde manier as die manlike slawe vrygelaat word nie. <sup>8</sup> As haar eienaar, wat haar vir homself wou hê, haar onaanvaarbaar vind, moet hy haar laat vrykoop. Hy het nie die reg om haar aan enige vreemde volk te verkoop nie, omdat hy bedrieglik teenoor haar opgetree het. <sup>9</sup> As hy haar vir sy seun wou hê, moet hy ooreenkomstig die reg van dogters teenoor haar optree. <sup>10</sup> As hy vir hom 'n ander vrou neem, mag hy haar kos, haar klere en omgang met haar nie verminder nie. <sup>11</sup> As hy hierdie drie dinge nie aan haar bied nie, mag sy weggaan sonder om enige geld te betaal.

<sup>12</sup> \*Wie iemand só slaan dat hy sterf, moet beslis doodgemaak word.

<sup>13</sup> Maar as hy dit nie beplan het nie, en God dit beskik het dat hy 'n hand daarin het, dan sal Ek vir julle 'n plek aanwys<sup>g</sup> waarheen hy kan vlug. <sup>14</sup> Wanneer iemand egter met voorbedagte rade optree deur sy medemens met slinksheid om die lewe te bring, moet jy hom selfs van my altaar af wegneem<sup>h</sup> om te sterf.

<sup>15</sup> Wie sy pa of sy ma slaan, moet beslis sterf.

<sup>16</sup> \*Wie iemand ontvoer, en hom verkoop of nog in sy besit het, moet beslis sterf.

---

\***21:7 dogter ... verkoop:** Neh 5:5

\***21:12** Gen 9:6; Lev 24:17; Num 35:16,30-31; Matt 5:21; 26:52

<sup>g</sup>**21:13 plek aanwys:** Die asielstede; vgl Num 35:6-28; Deut 4:41-42; 19:3-7; Jos 20:3-6.

<sup>h</sup>**21:14 van ... wegneem:** 'n Vlugteling kon asiel soek deur die uitstaande hoeke van die altaar vas te gryp; vgl 1 Kon 1:50-51; 2:28.

\***21:16** Deut 24:7

- <sup>17</sup> \*Wie sy pa of ma vervloek, moet beslis sterf.
- <sup>18</sup> Wanneer mans rusie maak, en een slaan 'n ander met 'n klip of met die vuig, en hy nie sterf nie, maar bedlêend raak, <sup>19</sup> sal die een wat geslaan het, vry wees as die man opstaan en met sy kiere buite rondloop. Hy moet hom net vergoed vir die tyd wat hy sonder verdienste was. Hy moet toesien dat hy ten volle herstel.
- <sup>20</sup> Wanneer iemand sy slaaf of slavin met 'n stok só slaan dat hy onder sy hand sterf, moet dit beslis gewreek word. <sup>21</sup> Maar as hy 'n dag of twee oorleef, moet dit nie gewreek word nie, want die slaaf is met sy geld gekoop.<sup>i</sup>
- <sup>22</sup> Wanneer mans baklei en hulle beseer 'n swanger vrou, sodat haar kind te vroeg gebore word, maar daar nie 'n ernstige besering is nie, moet die een wat haar beseer het,<sup>j</sup> beslis die boete betaal wat die vrou se eggenoot hom oplê. Hy moet dit vasstel met die hulp van beregters. <sup>23</sup> Maar as daar 'n ernstige besering is, moet jy bepaal: 'n lewe vir 'n lewe,\* <sup>24</sup> \*'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet, <sup>25</sup> 'n brandwond vir 'n brandwond, 'n wond vir 'n wond, 'n kneusplek vir 'n kneusplek.
- <sup>26</sup> Wanneer iemand die oog van sy slaaf of slavin raakslaan en hy sy oog verloor, moet hy die persoon as 'n vrygelate wegstuur as vergoeding vir die oog. <sup>27</sup> As iemand die tand van sy slaaf of slavin uitslaan, moet hy die persoon as 'n vrygelate wegstuur as vergoeding vir die tand.

---

\*21:17 Matt 15:4; Mark 7:10

<sup>i</sup>21:21 want ... gekoop: Die bronteks lui “want dit is sy geld”.

<sup>j</sup>21:22 een ... beseer het: Die bronteks lui “hy”.

\*21:23 lewe ... lewe: Deut 19:21

\*21:24 Lev 24:20; Deut 19:21; Matt 5:38

<sup>28</sup> \*Wanneer 'n bees 'n man of 'n vrou stoot, sodat die persoon sterf, moet die bees beslis gestenig word. Sy vleis mag nie geëet word nie, maar die eienaar van die bees is onskuldig. <sup>29</sup> As die bees egter voorheen al stoterig was, en sy eienaar gewaarsku is, maar hy dit nie opgepas het nie, en die bees maak dan 'n man of vrou dood, moet die bees gestenig word, en ook sy eienaar moet sterf. <sup>30</sup> \* As hy 'n losprys opgelê word, moet hy die afkoopprys vir sy lewe gee, soveel as wat hom opgelê word. <sup>31</sup> Ook wanneer die bees 'n seun of 'n dogter stoot, moet daar ooreenkomstig hierdie bepaling teenoor die eienaar opgetree word. <sup>32</sup> As dit 'n slaaf of slavin is wat deur die bees gedood is, moet daar dertig sikkel<sup>k</sup> silwer vir hulle eienaar gegee word, en die bees moet gestenig word.

<sup>33</sup> Wanneer iemand 'n opgaarput<sup>l</sup> oop laat, of iemand 'n opgaarput uitkap en dit nie bedek nie, en 'n bees of 'n donkie val daarin, <sup>34</sup> moet die eienaar van die opgaarput vergoeding betaal. Hy moet vir die eienaar geld gee, en die dooie dier sal dan aan hom behoort.

<sup>35</sup> Wanneer iemand se bees sy medemens se bees stoot, en hy vrek, moet hulle die bees wat nog leef, verkoop en die geld deel. Ook die dooie bees moet hulle deel. <sup>36</sup> Maar as dit bekend is dat die bees voorheen al stoterig was, en sy eienaar hom nie opgepas het nie, moet hy beslis 'n bees gee as vergoeding vir die bees. Die dooie dier sal dan aan hom behoort.

---

\***21:28** Gen 9:5; Eks 21:32

\***21:30** Eks 30:12; Num 35:31

<sup>k</sup>**21:32 30 sikkel:** Ongeveer 342 g; •Geldeenhede; vgl Matt 26:15.

<sup>l</sup>**21:33 opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekop is en waarin daar water of graan gestoor is.

## 22

- <sup>1</sup> “<sup>m</sup>Wanneer iemand 'n bees of 'n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy daarvoor vergoed met vyf stuks grootvee vir 'n bees, en met vier stuks kleinvee vir 'n skaap.
- <sup>2</sup> As 'n dief tydens 'n inbraak betrap word en só geslaan word dat hy sterf, is daar geen bloedskuld<sup>n</sup> nie. <sup>3</sup> As dit egter ná sonop gebeur,<sup>o</sup> rus daar bloedskuld op die een wat hom geslaan het.<sup>p</sup> 'n Dief moet volle vergoeding betaal. As hy niks besit nie, moet hy vir sy diefstal verkoop word. <sup>4</sup> As gesteelde goed wel lewendig in sy besit gevind word, moet hy dubbeld daarvoor vergoed,<sup>\*</sup> of dit nou 'n bees of 'n donkie of 'n skaap is.
- <sup>5</sup> Wanneer iemand 'n veld of 'n wingerd laat beweï, en hy sy vee loslaat sodat hulle in iemand anders se veld wei, moet hy daarvoor vergoed, met die beste van sy veld of met die beste uit sy wingerd.
- <sup>6</sup> As 'n brand uitbreek, dit na die dorings versprei, en stapels gerwe, of ongeoste graan, of die land, afbrand, moet die een wat die brand begin het, ten volle daarvoor vergoed.
- <sup>7</sup> Wanneer iemand vir sy medemens silwer of goedere gee om te bewaar, en dit word uit die man se huis gesteel, moet die dief dubbeld daarvoor vergoed as hy betrap word. <sup>8</sup> <sup>\*</sup> As die dief nie

---

<sup>m</sup>22:1-31 Die •bronteks nommer hierdie verse as Eks 21:37 — 22:30.

<sup>\*</sup>22:1 2 Sam 12:6; Luk 19:8

<sup>n</sup>22:2 **bloedskuld:** Bloedskuld ontstaan wanneer 'n persoon iets doen wat die dood verdien.

<sup>o</sup>22:3 **As dit ... gebeur:** Die bronteks lui “As die son oor hom opgaan”.

<sup>p</sup>22:3 **rus ... geslaan het:** Die bronteks lui “is daar bloedskuld vir hom”.

<sup>\*</sup>22:4 **dubbeld ... vergoed:** Eks 22:7,9

<sup>\*</sup>22:8 Vgl Deut 17:8-9

betrap word nie, moet die eenaar van die huis voor God nader gebring word<sup>9</sup> om vas te stel of hy nie sy hande op sy medemens se besittings gelê het nie.

<sup>9</sup>In enige geval van misdaad wat verband hou met 'n bees, 'n donkie, 'n skaap, klere of enige verlore eiendom waarvan iemand sê, 'Dit is myne!', moet die twee se saak voor God gebring word. Die een vir wie God skuldig verklaar, moet sy medemens dubbeld daarvoor vergoed. <sup>10</sup> Wanneer iemand vir sy medemens 'n donkie, 'n bees, 'n skaap of enige ander dier gee om op te pas, en dit vrek, of word beseer, of dit word weggevoer sonder dat iemand dit sien, <sup>11</sup> moet 'n eed voor die HERE\* tussen die twee beslis. As die persoon nie sy hande op sy medemens se besitting gelê het nie, moet die eenaar dit aanvaar en hoef die ander persoon niks daarvoor te vergoed nie. <sup>12</sup>\* Maar as dit wel van hom gesteel is, moet die persoon die eenaar vergoed. <sup>13</sup> As die dier verskeur is, moet hy dit as bewys bring. Dan hoef hy nie vergoeding te betaal vir die verskeurde dier nie.

<sup>14</sup> Wanneer iemand 'n dier by sy medemens leen en die dier word beseer of vrek terwyl die eenaar nie teenwoordig is nie, moet hy die volle vergoeding daarvoor betaal. <sup>15</sup> As die eenaar wel teenwoordig was, hoef hy nie vergoeding daarvoor te betaal nie. As dit 'n gehuurde dier was, dek die huurgeld die verlies.

<sup>16</sup>\* Wanneer iemand 'n jongmeisie wat nie verloof is nie, verlei en by haar slaap, moet hy beslis die bruidsprys\* vir haar betaal, sodat sy

---

<sup>9</sup>**22:8 voor God ... word:** Die persoon is na die heiligdom geneem waar hy voor God 'n eed moes aflê.

\***22:11 eed ... HERE:** Heb 6:16

\***22:12-13** Gen 31:39

\***22:16** Deut 22:28-29

\***22:16 bruidsprys:** Gen 34:12

sy vrou word. <sup>17</sup> As haar pa volstrek weier om haar aan hom te gee, moet hy die silwer afweeg wat ooreenstem met die bruidsprys vir jongmeisies.

<sup>18</sup> \*'n Townares mag jy nie laat leef nie.

<sup>19</sup> \*Elkeen wat met 'n dier gemeenskap het, moet beslis sterf.

<sup>20</sup> Iemand wat aan enige god offer, uitgesonderd die HERE, \* moet onder die ban geplaas word.<sup>r</sup>

<sup>21</sup> \*\*'n Vreemdeling<sup>s</sup> mag jy nie mishandel of verdruk nie, omdat julle vreemdelinge in Egipteland was.

<sup>22</sup> Geen weduwee of vaderlose kind<sup>t</sup> mag jy onderdruk nie. <sup>23</sup> As jy hulle op enige manier onderdruk, sal Ek beslis hulle noodroep hoor wanneer hulle dringend na My om hulp roep. \* <sup>24</sup> My toorn sal ontbrand en Ek sal julle met die swaard ombring. Dan sal julle vroue weduwees word en julle kinders vaderloos.\*

<sup>25</sup> \*As jy aan my volk, aan die magteloses by jou, geld leen, mag jy nie

---

\* **22:18** Lev 20:27; vgl Lev 19:26,31; 20:6; Deut 18:9-12; 1 Sam 28:3,9

\* **22:19** Lev 18:23; 20:15-16; Deut 27:21

\* **22:20 enige ... HERE:** Eks 20:3-5; Jos 23:16

<sup>r</sup>**22:20 onder ... geplaas word:** Dit beteken dat die persoon uit die samelewing onttrek en doodgemaak moet word; •Banvloek.

\* **22:21-22** Deut 24:17; 27:19; Ps 94:6; Mal 3:5

\* **22:21** Eks 23:9; Lev 19:33-34; Deut 10:19

<sup>s</sup>**22:21 Vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

<sup>t</sup>**22:22 vaderlose kind:** Gewoonlik 'n kind waarvan die pa oorlede is en geen verteenwoordiger in die stadspoort het nie. Word ook vertaal “weeskind”.

\* **22:23 Ek ... roep:** Job 34:28; Ps 145:19

\* **22:24 Dan ... vaderloos:** Ps 109:9

\* **22:25** Lev 25:35-37

teenoor hulle soos 'n skuldeiser optree nie: Julle mag nie van hulle rente eis nie. <sup>26</sup> As dit wel sou gebeur dat jy jou medemens se oorkleed as pand neem, moet jy dit voor sonder vir hom teruggee, <sup>27</sup> want dit is sy enigste bedekking; dit is die kleed waarmee hy sy vel bedek. Waarin moet hy slaap?\* Wanneer hy na My om hulp roep, sal Ek hoor; want Ek is genadig.\*

<sup>28</sup> God mag jy nie laster nie,\* en oor 'n leier<sup>u</sup> in jou volk mag jy nie 'n vervloeking uitspreek nie.\*

<sup>29</sup> Offers uit jou volle graanoes en die opbrengs van jou parskuip mag jy nie terughou nie.<sup>v</sup>

Die eersgeborene van jou seuns moet jy aan My afstaan.\* <sup>30</sup> \*Jy moet dieselfde doen met jou beeste en jou kleinvee. Sewe dae lank moet die dier by sy ma bly, en op die agtste dag moet jy hom vir My gee.

<sup>31</sup> Julle moet mense wees wat aan My gewy is.\*

Vleis wat in die veld verskeur is, mag julle nie eet nie. Vir die honde moet julle dit gooi.\*”

---

\*22:26-27 As ... slaap: Deut 24:12-13,17

\*22:27 Wanneer ... genadig: Eks 22:23; 34:6; Neh 9:17; Ps 86:15; 103:8; 145:8; Klaagl 3:22-23; Jona 4:2

\*22:28 God ... laster nie: Lev 24:15-16

<sup>u</sup>22:28 leier: In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

\*22:28 oor ... uitspreek nie: 2 Sam 19:21; Hand 23:5

<sup>v</sup>22:29 offers ... terughou nie: Letterlik ‘Jou volheid en jou druppels mag jy nie terughou nie.’ Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “Of jou oes nou groot of klein is, jy mag dit nie terughou nie.”

\*22:29 eersgeborene ... afstaan: Eks 13:2

\*22:30 Lev 22:27; Deut 15:19

\*22:31 Julle ... gewy is: Eks 19:5-6; Deut 14:2; 1 Pet 2:9

\*22:31 Vleis ... gooi: Eseg 4:14



# 23

- <sup>1</sup> “\*Jy mag nie valse gerugte versprei nie. Moenie saamspan met 'n skuldige deur 'n kwaadwillige getuie te wees nie. <sup>2</sup> Jy mag nie die meerderheid volg in verkeerde dade nie. Jy mag nie in 'n saak getuig en die reg verdraai deur jou by die meerderheid te skaar nie. <sup>3</sup> \*'n Arm persoon mag jy nie in sy regsak bevoordeel nie.
- <sup>4</sup> \*Wanneer jy afkom op jou vyand se bees of donkie wat ronddwaal, moet jy dit beslis na hom terugneem. <sup>5</sup> Wanneer jy iemand wat jou haat se donkie onder sy vrag sien lê, mag jy dit nie aan hom oorlaat nie. Jy moet hom beslis daarmee help.<sup>w</sup>
- <sup>6</sup> \*Jy mag die reg van die behoeftiges by jou nie verdraai in hulle regsake nie. <sup>7</sup> Van vals beskuldigings moet jy wegbly. Die onskuldige en regverdige moet jy nie om die lewe bring nie,<sup>x</sup> want Ek sal 'n skuldige nie regverdig verklaar nie. <sup>8</sup> \*Omkoopgeskenke mag jy nie aanvaar nie, want 'n omkoopgeskenk verblind hulle wat kan sien en verdraai die woorde van regverdiges.

---

\***23:1** Eks 20:16; Deut 5:20; Ps 35:11

\***23:3** Eks 23:6; Lev 19:15

\***23:4-5** Deut 22:1-4; Matt 5:44

<sup>w</sup>**23:5 oorlaat ... help:** Kan ook anders vertaal word. Daar is woordspel in die bronteks: Die woorde wat vertaal is as “oorlaat” en “help”, klink in Hebreeus dieselfde.

\***23:6** Eks 23:3; Deut 27:19; Jes 10:2; Jer 5:28

<sup>x</sup>**23:7 onskuldige ... bring nie:** Dit verwys na die doodsvonnis wat uitgespreek kan word op grond van vals beskuldigings.

\***23:8** Deut 16:19; vgl 1 Sam 8:3; Eseg 22:12

<sup>9</sup> \*'n Vreemdeling<sup>y</sup> mag jy nie verdruk nie. Julle weet self hoe dit voel om 'n vreemdeling te wees, want julle was vreemdelinge in Egipteland.

<sup>10</sup> “\*Ses jaar lank mag jy jou lande saai en die opbrengs daarvan insamel; <sup>11</sup> maar die sewende jaar moet jy dit onbewerk en braak laat lê, sodat die behoeftiges onder jou volk kan eet, en wat hulle laat oorbly, kan die wilde diere eet. Jy moet dieselfde doen met jou wingerde en jou olyfboorde.

<sup>12</sup> \*Ses dae lank moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy ophou werk, sodat jou beeste en jou donkies kan rus, en jou slavinne se seuns en die vreemdelinge kan asemskep.

<sup>13</sup> Alles wat Ek vir julle gesê het, moet julle nakom. Die name van ander gode mag julle nie aanroep nie; dit mag nie uit julle monde gehoor word nie.\*

<sup>14</sup> \*Drie keer per jaar moet julle tot my eer 'n fees vier. <sup>15</sup> Die Fees van die Ongesuurde Brood<sup>z</sup> moet jy onderhou. Soos Ek jou beveel het, moet jy op die vasgestelde tyd in die maand Abib vir sewe dae ongesuurde brood eet; want in daardie maand het jy uit Egipte

---

\*23:9 Eks 22:21

<sup>y</sup>23:9 **Vreemdeling:** 'n Persoon wat om politieke of ekonomiese redes sy eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

\*23:10-11 Lev 25:1-7

\*23:12 20:8-11; Deut 5:13-15

\*23:13 **Die name ... word nie:** Jos 23:7; Hos 2:16

\*23:14 Eks 34:23; Deut 16:16; 2 Kron 8:13

<sup>z</sup>23:15 **Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is; vgl Eks 12:17; •Feeste.

weggetrek. Niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.

<sup>16</sup> Onderhou ook die Fees van die Oes<sup>a</sup> met die eerste vrugte van jou arbeid, met dit wat jy in die land gesaai het. Onderhou ook die Fees van die Insameling<sup>b</sup> aan die einde van die jaar<sup>c</sup> wanneer jy die vrug van jou arbeid op die lande insamel. <sup>17</sup> Drie keer per jaar moet al die manlike persone by jou voor die Heer, die HERE, verskyn.

<sup>18</sup> \*Jy mag die bloed van my slagoffers nie offer<sup>d</sup> saam met iets wat suurdeeg bevat nie. Die vet van die feesoffer aan My mag nie tot die oggend oorstaan nie.

<sup>19</sup> \*Die keur van die eerste vrugte van jou grond moet jy na die huis van die HERE jou God bring.

Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”

### God se belofte van bystand aan Israel

<sup>20</sup> “Kyk, Ek gaan 'n engel voor jou uit stuur\* om jou op die pad te

---

<sup>a</sup>**23:16 Fees ... Oes:** Ook genoem Fees van die Weke, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die HERE aangebied moes word; Lev 23:9-13; Deut 16:9-12. Dit het gewoonlik gebeur teen Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) ná Pasga gevier is. In die NT staan dit bekend as Pinksterfees.

<sup>b</sup>**23:16 Fees ... Insameling:** Ook genoem die •Huttefees. Dit was 'n sewedaagse oesfees wat op 15-22 •Tisri, die sewende maand, ook genoem •Etanim, gevier is; Lev 23:34-36; Deut 16:13-14.

<sup>c</sup>**23:16 einde ... jaar:** Dit verwys na die einde van die landboujaar in die herfs.

\***23:18** Eks 34:25; Lev 2:11

<sup>d</sup>**23:18 bloed ... offer:** Die bloed is nie verbrand nie, maar teen die altaar gespreinkel, want die beskouing was dat die lewe in die bloed is; vgl Lev 1:11; 17:11.

\***23:19** Eks 34:26; Deut 14:21

\***23:20 Ek gaan ... stuur:** Eks 14:19; 32:34; 33:2; Mal 3:1; Matt 11:10; Mark 1:2; Luk 7:27

beskerm en jou te bring na die plek wat Ek gereedgemaak het. <sup>21</sup> \*Wees versigtig, omdat hy teenwoordig is, en luister na sy stem. Moenie teen hom opstandig wees nie,<sup>e</sup> want hy sal julle oortreding nie vergewe nie; hy tree immers in my Naam op.<sup>f</sup> <sup>22</sup> \*Maar as jy aandagtig luister na sy stem en alles doen wat Ek sê, sal Ek vyandig optree teenoor jou vyande en jou aanvallers aanval.

<sup>23</sup> “\*Wanneer my engel voor jou uit gaan en jou neem na die Amoriëte, die Hetiëte, die Feresiëte, die Kanaäniete, die Hewiëte en die Jebusiëte, sal Ek hulle uitwis. <sup>24</sup> Jy mag nie voor hulle gode in aanbidding buig nie en jy mag hulle nie dien nie.<sup>g</sup> Jy mag hulle dade nie nadoen nie, maar jy moet hulle godebeelde<sup>h</sup> heeltemal vernietig en hulle gedenkstene<sup>i</sup> in stukke breek.\* <sup>25</sup> Julle moet die HERE julle God dien. Hy sal jou voedsel en water seën. Ek sal siektes uit jou midde verwyder. <sup>26</sup> Geen vrou sal in jou land 'n miskraam hê of onvrugbaar wees nie. Ek sal jou 'n lang lewe gee.<sup>j</sup>”

---

\*23:21 Ps 78:40,56

<sup>e</sup>23:21 Moenie ... wees nie: Hierdie lesing volg die •Septuagint wat anders vokaliseer as die bronteks. Die bronteks lui “Moenie verbitter wees teen hom nie”.

<sup>f</sup>23:21 tree ... op: Die bronteks lui “want my Naam is in sy midde”.

\*23:22 Gen 12:3; Deut 30:7

\*23:23 Gen 15:19-21; Eks 3:17; 13:5; 23:20; 33:2; 34:11; Neh 9:8; Jos 2:9

<sup>g</sup>23:24 Jy ... dien nie: jy mag hulle ... nie: Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks kan vertaal word “jy mag jou nie daartoe laat bring om hulle te dien nie”; vgl Eks 20:5.

<sup>h</sup>23:24 godebeelde: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>i</sup>23:24 gedenkstene: Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk; vgl Gen 28:18; 31:45.

\*23:24 godebeelde ... breek: Eks 34:13; Deut 7:5,25; 12:3

<sup>j</sup>23:26 Ek ... gee: Die Hebreeuse idioom is ‘Ek sal die getal van jou jare vol maak.’

\*23:26 Ek ... lewe gee: Eks 20:12; Deut 4:40

<sup>27</sup> “Die vrees vir My sal Ek voor jou uit stuur\* en Ek sal elke volk by wie jy kom, in verwarring bring. Ek sal sorg dat al jou vyande die hakskene vir jou wys.<sup>k</sup> <sup>28</sup> \*Ek sal 'n vlaag paniek<sup>l</sup> voor jou uit stuur, en dit sal die Hewiete, die Kanaäniete en die Hetiete voor jou uit verdryf.

<sup>29</sup> “\*Ek sal hulle egter nie in een jaar voor jou uit verdryf nie, anders word die land 'n woesteny en die wilde diere te veel vir jou. <sup>30</sup> Ek sal hulle stuk vir stuk voor jou uit verdryf, totdat jy so vrugbaar is dat jy die land as erfdeel kan ontvang. <sup>31</sup> \*Ek sal jou grense vasstel vanaf die Rietsee<sup>m</sup> tot by die see van die Filistyne,<sup>n</sup> en vanaf die woestyn<sup>o</sup> tot by die Rivier,<sup>p</sup> want Ek sal die inwoners van die land in julle hand gee, en jy sal hulle voor jou uit verdryf.\*

<sup>32</sup> “\*Jy mag nie met hulle of hulle gode 'n verbond sluit nie. <sup>33</sup> \*Hulle mag in jou land nie woon nie, anders laat hulle jou teen My sondig. Want jy sal hulle gode dien; ja, dit sal vir jou 'n valstrik word.”

---

\***23:27 Die vrees ... stuur:** Eks 15:16; Deut 11:25; Jos 2:9

<sup>k</sup>**23:27 hakskene ... wys:** Die Hebreeuse idioom is ‘die nek gee’.

\***23:28** Deut 7:20; Jos 24:12

<sup>l</sup>**23:28 vlaag paniek:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “perdebye”.

\***23:29** Deut 7:22

\***23:31** Gen 15:18; Deut 11:24; Jos 1:4; 1 Kon 4:21,24

<sup>m</sup>**23:31 Rietsee:** In die OT word die Hebreeuse pleknaam vertaal “Rietsee”. Die Septuagint, wat deur die NT gebruik is (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit “•Rooisee”.

<sup>n</sup>**23:31 see ... Filistyne:** Die Middellandse See.

<sup>o</sup>**23:31 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

<sup>p</sup>**23:31 die Rivier:** Dit verwys na die Eufraat.

\***23:31 hulle ... verdryf:** Jos 21:44

\***23:32** Eks 34:12,15; Deut 7:2

\***23:33** Deut 7:16; Jos 23:13; Rig 2:3; Ps 106:36

## Verbondsluiting by Sinai

<sup>1</sup> Vir Moses het Hy gesê: “Klim op na die HERE, jy en Aäron, Nadab en Abihu\* en sewentig van die oudstes van Israel,\* maar buig van ver af al in aanbidding. <sup>2</sup>\*Moses alleen mag nader aan die HERE gaan; hulle mag egter nie nadergaan nie, en die volk mag nie saam met hom opklim nie.”

<sup>3</sup>\*Moses het gegaan en aan die volk al die woorde van die HERE, en al die bepalings oorgedra. Die hele volk het eenstemmig geantwoord en gesê: “Alles wat die HERE gesê het, sal ons doen.”\*

<sup>4</sup> Moses het al die woorde van die HERE neergeskryf.\* Hy het vroeg die oggend opgestaan en aan die voet van die berg 'n altaar opgerig en twaalf gedenkstene<sup>q</sup> vir die twaalf stamme van Israel. <sup>5</sup>\*Hy het jong manne uit die Israeliete gestuur, en hulle het brandoffers geoffer, en vir die HERE bulle geslag as maaltydoffers.<sup>r</sup> <sup>6</sup> Moses het die helfte van die

---

\*24:1 Nadab en Abihu: Eks 6:22; 28:1

\*24:1 70 ... Israel: Num 11:16

\*24:2 Eks 19:12,21,24; 20:21; vgl Heb 12:20

\*24:3 Heb 9:19

\*24:3 Alles ... doen: Eks 19:8; 24:7; Deut 5:27

\*24:4 Moses ... neergeskryf: Deut 31:9

<sup>q</sup>24:4 gedenkstene: Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk; vgl Gen 28:18; 31:45.

\*24:5 Eks 20:24

<sup>r</sup>24:5 maaltydoffers: Dieroffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

bloed geneem en in bakke gegooi. Die ander helfte van die bloed het hy teen die altaar gesprinkel.\*

<sup>7</sup> Toe neem hy die •Boekrol van die Verbond en lees dit duidelik hoorbaar aan die volk voor. Hulle het gesê: “Alles wat die HERE gesê het, sal ons doen en gehoorsaam.”<sup>s</sup>

<sup>8</sup> \*Moses het toe die bloed geneem en dit oor die volk gesprinkel<sup>t</sup> en gesê: “Kyk, dit is die bloed van die verbond\* wat die HERE met julle sluit op grond van al hierdie woorde.”

<sup>9</sup> Daarna het Moses en Aäron, Nadab en Abihu en sewentig van die oudstes van Israel die berg uitgeklim. <sup>10</sup> Hulle het die God van Israel gesien.\* Onder sy voete was dit soos 'n plaveisel van saffier, so helder soos die hemelruim self.\* <sup>11</sup> Teen hierdie vernames van die Israeliete het God sy hand nie uitgesteek nie. Hulle het God aanskou en toe geëet en gedrink.<sup>u</sup>

### Verdere opdragte aan Moses

<sup>12</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Kom na My toe op die berg en bly daar. Ek sal vir jou die kliptafels gee met die wet, met die opdragte wat Ek

---

\*24:6 bloed het ... gesprinkel: Heb 9:18-20

<sup>s</sup>24:7 Alles ... gehoorsaam: Dit is die derde keer wat die volk onderneem om die verbondsvoorwaardes na te kom; vgl Eks 19:8; 24:3. Eers daarna vind die verbondsluitingseremonie plaas.

\*24:8 Eks 24:6; Heb 13:20; 1 Pet 1:2

<sup>t</sup>24:8 bloed ... gesprinkel: Dit beteken dat die volk met hulle bloed, dit wil sê hulle lewens, verbind is aan die nakoming van die verbond.

\*24:8 bloed van die verbond: Matt 26:28; Mark 14:24; Luk 22:20; 1 Kor 11:25; 2 Kor 3:6

\*24:10 God van ... gesien: Gen 32:30; Eks 35:20,23; Jes 6:1,5

\*24:10 Onder ... self: Vgl Eseg 1:26-28; Op 4:3

<sup>u</sup>24:11 geëet en gedrink: Verbondsluiting is altyd met 'n maaltyd afgesluit; vgl Gen 31:54; Eks 18:12.

\*24:12 Eks 31:18; 32:15-16; 2 Kor 3:3

geskryf het, om hulle te onderrig.”<sup>13</sup> Moses en Josua,\* sy helper, het gereedgemaak, en Moses het die berg van God uitgeklim.<sup>14</sup> Vir die oudstes het hy gesê: “Wag hier vir ons, totdat ons na julle terugkom. Kyk, Aäron en Hur\* is by julle, en wie ook al regsake het, kan na hulle toe gaan.”

<sup>15</sup> \*Moses het die berg uitgeklim en die wolk het die berg bedek.<sup>16</sup> Die heerlijkheid van die HERE\* het op die berg Sinai vertoef en die wolk het die berg ses dae lank bedek. Die HERE het op die sewende dag uit die wolk na Moses geroep.<sup>17</sup> Die heerlijkheid van die HERE het vir die Israeliete gelyk soos 'n verterende vuur\* op die kruin van die berg.<sup>18</sup> Moses het in die wolk ingegaan en die berg verder uitgeklim. Moses was veertig dae en veertig nagte lank op die berg.\*

## 25

### Opdragte vir die bou van die tabernakel

<sup>1</sup> \*Die HERE het met Moses gepraat en gesê:<sup>2</sup> “Praat met die Israeliete, sodat hulle vir My 'n wydingsgeskenk<sup>v</sup> bring. Van elkeen wie se hart hom daartoe aanspoor,\* moet julle vir My 'n wydingsgeskenk aanvaar.

<sup>3</sup> Dit is die wydingsgeskenk wat julle van hulle moet aanvaar: goud,

---

\*24:13 Josua: Eks 33:11

\*24:14 Hur: Eks 17:10,12

\*24:15 Eks 19:9,16; Matt 17:5

\*24:16 heerlijkheid ... die HERE: Eks 16:10; Num 14:10; 2 Kor 3:18

\*24:17 verterende vuur: Eks 19:18; Deut 4:36; Heb 12:18,29

\*24:18 Moses was ... berg: Eks 34:28; Deut 9:9

\*25:1-7 Eks 35:4-9

<sup>v</sup>25:2 wydingsgeskenk: Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

\*25:2 Van ... aanspoor: Eks 35:5,21,29; 1 Kron 29:5,6; Esra 1:6; 2 Kor 9:7



silwer en brons; <sup>4</sup>\* pers, purperrooi en karmosynrooi wol, fyn linnedraad en bokhaar; <sup>5</sup> rooi gekleurde ramsvelle, sagte leer<sup>w</sup> en doringhout; <sup>6</sup> olie vir die kandelaar,<sup>x</sup>\* speserye vir die salfolie\* en vir die geurige reukwerk;\* <sup>7</sup> oniksstene en edelstene as monterings vir die efod<sup>y</sup> en die borstas.

<sup>8</sup> “Hulle moet vir my 'n heiligdom\* maak, dat Ek in hulle midde kan vertoef.\* <sup>9</sup>\* Volgens alles wat Ek vir jou gaan wys — die voorbeeld van die •tabernakel en die voorbeeld van al sy toebehore — presies so moet julle dit maak.

<sup>10</sup> “\*Hulle moet 'n ark van doringhout maak. Dit moet twee en 'n halwe el lank, 'n halwe el breed en een en 'n halwe el<sup>z</sup> hoog wees. <sup>11</sup> Jy moet dit met suiwer goud oortrek, aan die binnekant en aan die buitekant moet jy dit oortrek. Dan moet jy aan die bokant, reg rondom, 'n goue rand aanbring.\* <sup>12</sup> Jy moet vier goue ringe daarvoor giet en dit aan die vier pote heg — twee ringe aan die een kant en twee aan die ander

---

\*25:4-5 Eks 26:1,31,36; 28:5; 35:23; 39:1

<sup>w</sup>25:5 sagte leer: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “robbevelle”.

<sup>x</sup>25:6 die kandelaar: Letterlik ‘die lig’.

\*25:6 olie ... kandelaar: Eks 27:20

\*25:6 speserye ... salfolie: Eks 30:23

\*25:6 geurige reukwerk: Eks 31:11

<sup>y</sup>25:7 efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

\*25:8 heiligdom: Lev 21:12; Hand 7:44; Heb 9:1,2

\*25:8 Ek ... vertoef: Eks 29:45; 1 Kon 6:13; 2 Kor 6:16; Op 21:3

\*25:9 Eks 25:40; Hand 7:44

\*25:10 Eks 37:1; Deut 10:3; Heb 9:4

<sup>z</sup>25:10 2½ ... 1½ el: Ongeveer 1,1 x 0,2 x 0,7 m; •Lengtemate.

\*25:11 Dan ... aanbring: Eks 25:24,25

kant. <sup>13</sup> Jy moet draaghoute van doringhout maak en dit met goud oortrek. <sup>14</sup> \*Dan moet jy die draaghoute deur die ringe aan die kante van die ark steek om die ark daarmee te dra. <sup>15</sup> Die draaghoute moet in die ringe van die ark bly; dit mag nie daaruit verwyder word nie.

<sup>16</sup> “\*Jy moet die Getuienis<sup>a</sup> wat Ek vir jou sal gee, in die ark sit. <sup>17</sup> \*Jy moet 'n versoendeksel van suiwer goud maak, twee en 'n halwe el lank en een en 'n halwe el<sup>b</sup> breed. <sup>18</sup> \*Dan moet jy twee gerubs<sup>c</sup> van goud maak, met pletwerk moet jy hulle op die twee punte van die versoendeksel maak. <sup>19</sup> Maak een gerub op die een punt en een gerub op die ander punt. As 'n deel van die versoendeksel moet jy die gerubs op die twee punte maak. <sup>20</sup> \*Die gerubs moet so wees dat hulle, met hulle vlerke oopgesprei na bo, die versoendeksel beskut met hulle vlerke. Met hulle gesigte na mekaar moet die gerubs na die versoendeksel kyk. <sup>21</sup> \*Jy moet die versoendeksel bo-op die ark neersit, en in die ark moet jy die Getuienis plaas wat Ek jou sal gee. <sup>22</sup> \*Daar sal Ek jou ontmoet. Van bo die versoendeksel af, van tussen die twee gerubs wat op die ark met die

---

\*25:14-15 Eks 25:26-28; 1 Kon 8:8; 1 Kron 15:15

\*25:16 Eks 16:33-34; Deut 31:26; Heb 9:4

<sup>a</sup>25:16 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Op 15:5; •Ark.

\*25:17 Eks 37:6

<sup>b</sup>25:17 2½ ... 1½ el: Ongeveer 1,1 x 0,7 m.

\*25:18 Eks 37:7; Heb 9:5

<sup>c</sup>25:18 gerubs: Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

\*25:20 1 Kon 8:7; 1 Kron 28:18; Heb 9:5

\*25:21 Eks 26:34; 40:20

\*25:22 Eks 30:6; Lev 16:2; Num 7:89

Getuienis is, sal Ek met jou praat oor al die opdragte vir die Israeliete wat Ek jou gaan gee.

<sup>23</sup> \* “Jy moet 'n tafel van doringhout maak, twee el lank, een el breed en een en 'n halwe el<sup>d</sup> hoog. <sup>24</sup> Jy moet dit met suiwer goud oortrek en reg rondom 'n goue rand vir die tafel maak: <sup>25</sup> Maak reg rondom 'n strook<sup>e</sup> van een handbreedte, en bring dan op die strook 'n goue randversiering aan. <sup>26</sup> Jy moet vier goue ringe daarvoor maak, en die ringe dan aan die vier hoeke van die vier pote vassit. <sup>27</sup> Die ringe moet naby die strook wees, as houers vir die draaghoute om die tafel mee te dra. <sup>28</sup> Jy moet die draaghoute van doringhout maak en dit met goud oortrek, sodat die tafel daarmee gedra kan word.

<sup>29</sup> “Jy moet skottels, bakke, bekere en komme, waarmee drankoffers uitgegiet word, daarvoor maak. Van suiwer goud moet jy dit maak.

<sup>30</sup> \* Jy moet dan die vertoonbrode<sup>f</sup> op die tafel plaas sodat dit die hele tyd voor My sal wees.

<sup>31</sup> “\* Jy moet 'n menora<sup>g</sup> van suiwer goud maak. Met pletwerk moet jy die menora — dit is sy voetstuk en sy staander — maak. Die kelke, blomknoppe en blomme moet deel daarvan wees. <sup>32</sup> Ses arms moet uit die kante vertak, drie arms van die menora uit die een kant en drie arms van die menora uit die ander kant. <sup>33</sup> Daar moet drie kelke,

---

\*25:23-30 Eks 37:10-16; 40:22; Heb 9:2

<sup>d</sup>25:23 2 ... 1½ el: Ongeveer 0,9 x 0,45 x 0,7 m.

<sup>e</sup>25:25 rondom 'n strook: Daar is onsekerheid oor die posisie van die strook om die tafel.

\*25:30 Lev 24:5-8; vgl 1 Sam 21:1-6; Matt 12:4

<sup>f</sup>25:30 vertoonbrode: Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die •tabernakel uitgestal is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet.

\*25:31-39 Eks 37:17-24; Heb 9:2

<sup>g</sup>25:31 menora: Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

gevorm soos amandelbloeisels, met 'n blomknop en blom op een arm wees; en drie kelke, gevorm soos amandelbloeisels, met 'n blomknop en blom op elke volgende arm. So moet dit wees aan die ses arms wat uit die staander vertak. <sup>34</sup> Op die staander self moet daar vier kelke wees, gevorm soos amandelbloeisels met hulle blomknoppe en blomme. <sup>35</sup> Vir die ses arms wat uit die staander vertak, moet daar 'n blomknop wees onder aan die eerste twee arms, 'n blomknop onder aan die tweede twee arms, en 'n blomknop onder aan die derde twee arms. <sup>36</sup> Die blomknoppe en arms moet deel wees van die staander, die geheel daarvan geplet uit suiwer goud.

<sup>37</sup> “\*Jy moet sewe lampe daarvoor maak. Jy moet<sup>h</sup> sy lampe so plaas dat dit aan die voorkant lig verskaf. <sup>38</sup> Die snuiters en bakkies daarvan moet van suiwer goud wees.

<sup>39</sup> “Van 'n kikkari suiwer goud moet jy<sup>j</sup> dit maak — ook al hierdie toebehore. <sup>40</sup> \*Sorg dat jy dit maak volgens die voorbeelde wat aan jou op die berg gewys gaan word.”

---

\*25:37 Lev 24:3-4; 2 Kron 13:11

<sup>h</sup>25:37 Jy moet: Die •Samaritaanse Pentateug, •Septuagint, •Peshitta, •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die •bronteks lui “Hy moet”.

<sup>i</sup>25:39 'n kikkari: Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

<sup>j</sup>25:39 moet jy: Sommige Hebreuse mss, die Samaritaanse Pentateug, Septuagint, Peshitta en 'n ms van die Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “moet hy”.

\*25:40 Eks 26:30; 27:8; Num 8:4; 1 Kron 28:19; Hand 7:44; Heb 8:5

### Uitleg van die tabernakel

<sup>1</sup> \* “Die •tabernakel moet jy van tien tentdoeke fyn dubbeldraadlinne en pers, purperrooi en karmosynrooi\* wol maak, met gerubs<sup>k</sup> daarop — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>2</sup> Die lengte van elke tentdoek moet agt-en-twintig el wees en die breedte van elke tentdoek vier el.<sup>l</sup> Al die tentdoeke moet dieselfde afmetings hê. <sup>3</sup> Vyf van die tentdoeke moet aan mekaar vasgewerk word, en so ook die ander vyf tentdoeke. <sup>4</sup> Jy moet lussies van pers wol op die soom van die een tentdoek aanbring — al langs die kant op die een stel. Op dieselfde manier moet jy ook lussies op die tweede stel aanbring op die soom van die buitenste tentdoek. <sup>5</sup> Jy moet vyftig lussies op die een tentdoek aanbring, en vyftig lussies op die kant van die tentdoek aan die tweede stel. Die lussies moet regoor mekaar wees. <sup>6</sup> Jy moet vyftig goue hakies maak en die tentdoeke met die hakies aan mekaar vasmaak, sodat die tabernakel een geheel vorm.

<sup>7</sup> “Jy moet tentdoeke van bokhaar maak om te dien as 'n tent oor die tabernakel. Elf van hierdie tentdoeke moet jy daarvoor maak. <sup>8</sup> Elke tentdoek moet dertig el lank wees en vier el<sup>m</sup> breed. Die elf tentdoeke moet dieselfde afmetings hê. <sup>9</sup> Jy moet vyf tentdoeke aan mekaar

---

\*26:1-37 Eks 36:8-38

\*26:1 fyn ... karmosynrooi: Eks 25:4-5; 26:31,36; 28:5; 35:23; 39:1

<sup>k</sup>26:1 gerubs: Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

<sup>l</sup>26:2 28 ... 4 el: Ongeveer 12,6 x 1,8 m; •Lengtemate.

<sup>m</sup>26:8 30 ... 4 el: Ongeveer 13,5 x 1,8 m.

vaswerk om 'n eenheid te vorm, en so ook die ander ses tentdoeke. Aan die voorkant van die tent moet jy die sesde tentdoek in die helfte terugvou.<sup>n 10</sup> Jy moet vyftig lussies aanbring op die soom van die een buitenste tentdoek van die een stel en vyftig lussies op die soom van die tweede stel tentdoeke.<sup>11</sup> Jy moet vyftig bronshakies maak en die hakies deur die lussies steek, en so die tent heg, sodat dit een geheel vorm.

<sup>12</sup>Die oortollige deel van die ekstra strook<sup>o</sup> wat aan die tent se tentdoeke is, dit wil sê die helfte van die strook wat ekstra<sup>p</sup> is, moet aan die agterkant van die tabernakel hang.<sup>q 13 r</sup>Die ekstra el aan albei kante op die lengte van die tent se tentdoeke, moet oor die sykante van die tabernakel hang, om die tabernakel aan weerskante te bedek.

<sup>14</sup>“Jy moet vir die tent 'n bedekking van rooi gekleurde ramsvelle maak en nog 'n bedekking van sagte leer<sup>s</sup> bo-oor.

<sup>15</sup>“Jy moet vir die tabernakel planke van doringhout maak wat regop moet staan.<sup>16</sup> Elke plank moet tien el lank wees, en een en 'n half el<sup>t</sup>

---

<sup>n</sup>**26:9 in ... terugvou:** Die bronteks lui “verdubbel”. Dit beteken dat 2 el van die 4 el breë strook materiaal oor die ander 2 el gevou word.

<sup>o</sup>**26:12 ekstra strook:** Een van die twee eenhede wat die tent uitmaak, het ses stroke gehad; vgl Eks 26:8-9.

<sup>p</sup>**26:12 helfte ... ekstra:** 2 el van die 11 stroke is reeds dubbel gevou bo die ingang van die tabernakel; vgl Eks 26:9.

<sup>q</sup>**26:12 hang:** Die bronteks lui “oorhang”. Hierdie 2 el van die ekstra strook het in werklikheid aan die agterkant van die tabernakel op die grond gelê.

<sup>r</sup>**26:13** Die tabernakel was 10 el hoog en 10 el breed. Die lengte van die stroke wat aanmeakaargewerk en in die dwarste oor die tabernakel gespan is, was 28 el, vgl Eks 26:1-2. Dit het daarom nie aan die sykante tot op die grond gestrek nie. Die tent waarvan die stroke 30 el was, vgl Eks 26:7-8, moes dus daardie openinge bedek.

<sup>s</sup>**26:14 sagte leer:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreëuse woord. Word ook vertaal “robbevelle”.

<sup>t</sup>**26:16 10 ... 1½ el:** Ongeveer 4,5 x 0,7 m.

breed. <sup>17</sup> Daar moet twee tappe wees in elke plank<sup>u</sup> waarmee hulle teen mekaar geplaas kan word. Doen dit met al die planke van die tabernakel. <sup>18</sup> Jy moet vir die suidekant van die tabernakel twintig planke<sup>v</sup> maak. <sup>19</sup> Veertig silwervoetstukke moet jy dan onder die twintig planke aanbring — twee voetstukke onder een plank vir sy twee tappe, en twee voetstukke onder die ander plank vir sy twee tappe. <sup>20</sup> Vir die ander sykant, aan die noordekant van die tabernakel, moet daar ook twintig planke wees, <sup>21</sup> met hulle veertig silwervoetstukke — twee voetstukke onder elk van die planke.

<sup>22</sup> “Vir die agterkant van die tabernakel, aan die westekant, moet jy ses planke maak. <sup>23</sup> Dan moet jy twee planke maak vir elk van die twee agterste hoeke van die tabernakel. <sup>24</sup> Hulle moet van onder af teen mekaar pas en 'n hegte eenheid vorm tot bo by die een ring.<sup>w</sup> Dit is hoe al twee moet wees om die twee agterste hoeke te vorm. <sup>25</sup> Daar moet agt sulke hoekplanke wees met hulle silwervoetstukke; dit is sestien voetstukke — twee voetstukke onder elk van die hoekplanke.

<sup>26</sup> “Jy moet ook dwarshoute van doringhout maak, vyf rye vir die planke aan die een sykant van die tabernakel, <sup>27</sup> en vyf rye dwarshoute vir die planke aan die ander sykant van die tabernakel, asook vyf rye dwarshoute vir die planke aan die agterkant van die tabernakel, aan die westekant. <sup>28</sup> Die middelste ry dwarshoute moet in die middel van die planke wees; dit moet deurloop van die een kant na die ander kant. <sup>29</sup> Die planke moet jy met goud oortrek, en die ringe van die planke, wat die dwarshoute dra, moet jy van goud maak. Jy moet die dwarshoute

---

<sup>u</sup>**26:17 tappe ... plank:** Die tappe was twee punte wat aan die onderkant van elke plank uitgesteek het. Dit is in die voetstuk (vgl Eks 26:19) se gate ingedruk om elke plank regop te laat staan.

<sup>v</sup>**26:18 20 planke:** Dit beteken dat die tabernakel 30 el lank was; ongeveer 13,5 m.

<sup>w</sup>**26:24 een ring:** Dit verwys na een van die ringe wat in Eks 26:29 ter sprake kom.

ook met goud oortrek.

<sup>30</sup> “\*Jy moet dan die tabernakel oprig volgens die model wat vir jou op die berg gewys is.

<sup>31</sup> “Jy moet 'n Voorhangsel<sup>x</sup> maak van pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne, met gerubs daarop — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>32</sup> Jy moet dit met goue hakies ophang aan vier standers van doringhout wat met goud oorgetrek is en wat op vier silwervoetstukke staan. <sup>33</sup> \*Jy moet die Voorhangsel aan die hakies,<sup>y</sup> aan die onderkant, ophang. Neem dan die ark met die Getuienis<sup>z</sup> daarheen, agter die Voorhangsel in. Die Voorhangsel moet vir julle die heilige deel van die tabernakel van die allerheiligste deel<sup>a</sup> skei. <sup>34</sup> \*Jy moet die versoendeksel<sup>b</sup> op die ark met die Getuienis in die Allerheiligste plaas. <sup>35</sup> \*Dan moet jy die tafel voor die Voorhangsel neersit, en die menora<sup>c</sup> aan die suidekant van die tabernakel, teenoor die tafel. Die tafel moet jy aan die noordekant plaas.

---

\*26:30 Eks 25:40; 27:8; Num 8:4; 1 Kron 28:19; Hand 7:44; Heb 8:5

<sup>x</sup>26:31 **Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die tabernakel geskei het van die allerheiligste deel; vgl Matt 27:51.

\*26:33 Vgl Heb 9:4

<sup>y</sup>26:33 **hakies:** Dit verwys na die hakies wat in Eks 26:6 ter sprake is.

<sup>z</sup>26:33 **die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>a</sup>26:33 **heilige ... allerheiligste deel:** Letterlik ‘tussen die heilige en die Allerheiligste’.

\*26:34-35 Eks 25:21

<sup>b</sup>26:34 **versoendeksel:** Die goue deksel van die verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

\*26:35 Eks 40:22-25; Heb 9:2

<sup>c</sup>26:35 **menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.



<sup>36</sup> “\*Jy moet vir die ingang van die tent 'n gordyn maak van pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne — met die kundigheid van 'n borduurder. <sup>37</sup> Jy moet vir die gordyn vyf staanders van doringhout maak en dit met goud oortrek; hulle hakies moet ook van goud wees en jy moet vyf bronsvoetstukke daarvoor giet.”

## 27

### Brandofferaltaar

<sup>1</sup> “\*Jy moet 'n altaar van doringhout maak, vyf el lank en vyf el breed; die altaar moet vierkantig wees en drie el<sup>d</sup> hoog . <sup>2</sup> Jy moet daarvoor horings maak op elk van die vier hoeke. Die horings moet deel daarvan wees, en jy moet die altaar met brons oortrek. <sup>3</sup> Jy moet houers daarvoor maak om die vetterige as mee te verwyder, asook skoppies,<sup>e</sup> offerbakke,<sup>f</sup> vurke en vuurpanne. Al die altaar se toebehore moet jy van brons maak. <sup>4</sup> Jy moet 'n traliewerk daarvoor maak, 'n maaswerk van brons. Maak dan vier bronsringe op die hoeke van die maaswerk. <sup>5</sup> Dan moet jy dit onder die rand van die altaar vassit, aan die onderkant, sodat die maaswerk tot by die helfte van die altaar strek. <sup>6</sup> Jy moet ook draaghoute vir die altaar maak, draaghoute van doringhout, en dit met brons oortrek. <sup>7</sup> Die draaghoute moet deur die ringe gesteeek word, sodat daar draaghoute aan al twee kante van die altaar is wanneer dit gedra word. <sup>8</sup> Jy moet die altaar van planke maak, hol aan die binnekant.<sup>g</sup>

---

\*26:36 Eks 25:4; 26:1,31; 28:5

\*27:1-8 Eks 38:1-7; Eseg 43:13; Heb 13:10

<sup>d</sup>27:1 5 ... 3 el: Ongeveer 2,25 x 2,25 x 1,3 m; •Lengtemate.

<sup>e</sup>27:3 skoppies: Dit is gebruik om die altaar mee skoon te maak.

<sup>f</sup>27:3 offerbakke: Houers wat in die •tabernakel en •tempel gebruik is vir •drankoffers.

<sup>g</sup>27:8 aan die binnekant: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

Soos Hy jou op die berg gewys het,<sup>\*</sup> presies so moet hulle dit maak.”

## **Binneplein**

<sup>9</sup>“Jy moet 'n binneplein vir die •tabernakel maak. Aan die suidekant moet die behangsels vir die binneplein van fyn dubbeldraadlinne wees, 'n honderd el<sup>h</sup> lank vir die een kant. <sup>10</sup> Dit moet twintig staanders met hulle twintig bronsvoetstukke hê, maar die hakies van die staanders en hulle hegplekke moet van silwer wees. <sup>11</sup> Net so moet daar aan die noordekant behangsels oor 'n lengte van honderd el wees, met twintig staanders en bronsvoetstukke, en die hakies van die staanders en hulle hegplekke moet van silwer wees. <sup>12</sup> Oor die breedte van die binneplein aan die westekant moet daar vyftig el<sup>i</sup> behangsels wees, met hulle tien staanders en tien voetstukke. <sup>13</sup> Die breedte van die binneplein aan die voorkant, die oostekant,<sup>j</sup> moet vyftig el wees. <sup>14</sup> Die behangsels langs die ingang<sup>k</sup> moet vyftien el<sup>l</sup> wees, met drie staanders en drie voetstukke. <sup>15</sup> Aan die ander kant<sup>m</sup> moet die behangsels vyftien el wees, met drie staanders en drie voetstukke. <sup>16</sup> \*By die ingang van die binneplein moet daar 'n gordyn van twintig el<sup>n</sup> wees, gemaak van pers, purperrooi en

---

\*27:8 Soos ... gewys het: Eks 25:40; 26:30; Num 8:4; 1 Kron 28:19; Hand 7:44; Heb 8:5

\*27:9-19 Eks 38:9-20

<sup>h</sup>27:9 100 el: Ongeveer 45 m; •Lengtemate.

<sup>i</sup>27:12 50 el: Ongeveer 22,5 m.

<sup>j</sup>27:13 breedte ... oostekant: Die ingang na die afgeslote ruimte om die tabernakel was aan die oostekant — vgl die volgende verse.

<sup>k</sup>27:14 die ingang: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel. Die •Septuagint gebruik wel die woord “ingang”.

<sup>l</sup>27:14 15 el: Ongeveer 6,8 m.

<sup>m</sup>27:15 ander kant: Dit verwys na die ander kant van die ingang.

\*27:16 Eks 26:36

<sup>n</sup>27:16 20 el: Ongeveer 9 m.

karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne — met die kundigheid van 'n borduurder — met vier staanders en vier voetstukke.

<sup>17</sup> “Al die staanders rondom die binneplein moet van silwer hegplekke voorsien word; hulle hakies moet van silwer en hulle voetstukke van brons wees. <sup>18</sup> Die lengte van die binneplein moet honderd el wees, die breedte regdeur vyftig el,<sup>o</sup> en die hoogte vyf el,<sup>p</sup> die behangsels<sup>q</sup> gemaak van fyn dubbeldraadlinne, en met bronsvoetstukke.

<sup>19</sup> “Wat al die toebehore van die tabernakel betref: Alles vir die dienswerk in die tabernakel, asook al die tentpenne van die tabernakel en die tentpenne van die binneplein, moet van brons wees.”

### Lig vir die tabernakel

<sup>20</sup> “\*Jy self moet die Israëliete beveel dat hulle vir jou suiwer geparste olyfolie bring vir lig, sodat die lampe voortdurend kan brand. <sup>21</sup> In die Tent van Ontmoeting,<sup>r</sup> buite die Voorhangsel<sup>s</sup> wat voor die Getuienis<sup>t</sup> hang, moet Aäron en sy seuns die kandelaar gereedmaak<sup>u</sup> om van die

---

<sup>o</sup>27:18 regdeur 50 el: Die bronteks lui “vyftig met vyftig el”.

<sup>p</sup>27:18 100 el ... 5 el: Ongeveer 45 x 22,5 x 2,25 m.

<sup>q</sup>27:18 die behangsels: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\*27:20 Eks 25:6; 30:7-8; Lev 24:2-3; vgl 1 Sam 3:3

<sup>r</sup>27:21 Tent van Ontmoeting: 'n Ander naam vir die •tabernakel.

<sup>s</sup>27:21 Voorhangsel: Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

<sup>t</sup>27:21 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>u</sup>27:21 kandelaar gereedmaak: Die bronteks lui “dit rangskik”.

aand tot die oggend te brand<sup>v</sup> voor die HERE. Dit is 'n vaste verpligting wat van die kant van die Israeliete op die nageslag van Aäron en sy seuns rus.”\*

## 28

### Kleredrag van priesters

<sup>1</sup> “\* Jy self moet dan jou broer Aäron en sy seuns saam met hom uit die geleedere van die Israeliete na jou laat naderkom, sodat hy as priester vir My kan optree. Dit is Aäron, en ook Nadab en Abihu, Eleasar en Itamar, die seuns van Aäron. \* <sup>2</sup> \* Jy moet heilige klere vir jou broer Aäron maak, ter wille van waardigheid en as versiering. <sup>3</sup> Dan moet jy self ook praat met almal wat vaardig is, vir wie Ek met 'n wyse gees vervul het, sodat hulle Aäron se klere kan maak vir sy wyding om vir My as priester op te tree.

<sup>4</sup> “\* Dit is die klere wat hulle moet maak: 'n borstas, 'n efod,<sup>w</sup> 'n mantel, 'n omsoomde priesterrok, 'n tulband<sup>x</sup> en 'n lyfserp. Hulle moet heilige klere maak vir Aäron, jou broer, en ook vir sy seuns, sodat hulle vir My as priesters kan optree.

---

<sup>v</sup>**27:21 te brand:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***27:21 Dit ... rus:** Eks 28:43; 29:9,28; Lev 16:34; Num 18:8

\***28:1** Num 18:7; Heb 5:4

\***28:1 Nadab ... Aäron:** Eks 6:22; 24:1

\***28:2** Eks 29:5,29; 31:10; 39:1,2; Lev 8:7,30; Num 20:26,28

\***28:4** Eks 25:7; 28:6,15

<sup>w</sup>**28:4 efod:** 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

<sup>x</sup>**28:4 tulband:** 'n Lang strook materiaal wat verskeie kere op 'n sekere manier om die kop gedraai en ingevou is. Dit kon soos 'n hoed opgesit en afgehaal word.

<sup>5</sup> “\*Daardie manne moet daarvoor gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyngeweefde linne ontvang. <sup>6</sup> \*Hulle moet dan die efod maak van gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>7</sup> Dit moet twee skouerbande hê, vasgeheg aan die twee hoeke. Dit moet vasgewerk wees. <sup>8</sup> 'n Versierde gordel wat daaroor kom, moet deel daarvan wees, en op dieselfde manier as die efod gemaak word van gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne.

<sup>9</sup> “\*Jy moet twee oniksstene neem en die name van die seuns van Israel<sup>y</sup> daarop graveer: <sup>10</sup> ses van die name op die een steen, en die name van die oorblywende ses op die tweede steen, in die volgorde van hulle geboorte. <sup>11</sup> \*Met die vakmanskap van 'n bewerker van edelstene moet jy, soos wanneer op 'n seëlring gegraveer word, die twee stene met die name van die seuns van Israel graveer. Jy moet dit dan vassit, omring met monterings van gouddraad. <sup>12</sup> Sit die twee stene vas op die skouerbande van die efod as stene ter herinnering aan die seuns van Israel. Aäron moet hulle name voor die HERE op sy skouers dra as 'n herinnering. <sup>13</sup> Jy moet die monterings van gouddraad maak, <sup>14</sup> en ook twee kettinkies van suiwer goud. Gevleg, op dieselfde wyse as touwerk, moet jy hulle maak, en dan die touvormige kettinkies aan die monterings heg.

<sup>15</sup> “\*Dan moet jy 'n borstas vir beslissing maak — met die kundigheid van 'n vakman. Soos in die geval van die efod, moet jy dit van

---

\*28:5 Eks 25:4-5; 26:1,31,36; 35:23; 39:1

\*28:6-14 Eks 39:2-7

\*28:9 Eks 25:7

<sup>y</sup>28:9 Israel: Dit verwys hier na Jakob.

\*28:11 Eks 28:21

\*28:15 Eks 25:7; 28:4,6

gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne maak. <sup>16</sup> Dit moet vierkantig gevou word, 'n span<sup>z</sup> lank en 'n span breed. <sup>17</sup> Jy moet daarop 'n montering met vier rye edelstene vassit: 'n rooi kornalyn, 'n topaas en 'n smarag in die eerste ry; <sup>18</sup> in die tweede ry 'n malagiet, 'n lasuursteen<sup>a</sup> en 'n akwamaryn; <sup>19</sup> in die derde ry 'n barnsteen, 'n agaat en 'n ametis; <sup>20</sup> en in die vierde ry 'n turkoois, 'n oniks en 'n jaspis.<sup>b</sup> Hulle moet met gouddraad versier word in hulle monterings. <sup>21</sup> \*Die stene moet gerangskik wees volgens die name van die seuns van Israel — twaalf, in ooreenstemming met hulle name. Met gravering soos op 'n seëlring moet elke steen sy naam kry, in ooreenstemming met die twaalf stamme. <sup>22</sup> Jy moet aan die borstas kettinkies maak met suiwer goud, gevleg op dieselfde wyse as touwerk. <sup>23</sup> Jy moet twee goue ringe aan die borstas aanbring. Sit die twee ringe vas aan die twee hoeke van die borstas. <sup>24</sup> Jy moet die twee goue koorde aan die twee ringe op die hoeke van die borstas vasheg, <sup>25</sup> en die twee ander punte van die twee koorde moet jy aan die twee monterings vasheg en dit dan aan die voorkant van die skouerbande van die efod heg. <sup>26</sup> Jy moet twee goue ringe maak en dit aan die twee ander hoeke van die borstas vassit, aan die binnerand, teen die efod. <sup>27</sup> \*Jy moet nog twee goue ringe maak en hulle vasheg aan die onderkant van die twee skouerbande van die efod, aan die voorkant naby die hegpunt van die skouerbande, bo die band van die efod. <sup>28</sup> Die borstas moet met sy ringe

---

<sup>z</sup>**28:16 'n span:** Ongeveer 22 cm; •Lengtemate.

<sup>a</sup>**28:18 lasuursteen:** Seldsame halfedelgesteente met vonkelende blou kleur, lapis lazuli.

<sup>b</sup>**28:17-20 rooi kornalyn ... jaspis:** Daar is onsekerheid oor die kleure en die eiening van hierdie edel- en halfedelstene; •Edelstene.

\***28:21** Op 21:12-13

\***28:27** Eks 28:8

aan die efod se ringe vasgemaak word, met 'n draad pers wol, sodat dit aan die band van die efod kan bly en die borstas nie van die efod af wegskuif nie.

<sup>29</sup> “\*So moet Aäron die name van die seuns van Israel bo sy hart op die borstas vir beslissing dra, as 'n durende herinnering voor die HERE, wanneer hy die heiligdom binnegaan.

<sup>30</sup> “Jy moet in die borstas vir beslissing die Urim en Tummim<sup>c</sup> plaas — dit moet bo Aäron se hart wees wanneer hy daar voor die HERE ingaan. Aäron moet die middele vir beslissing vir die Israëliete altyd bo sy hart dra voor die HERE.

<sup>31</sup> “\*Jy moet die hele mantel van die efod van pers wol maak. <sup>32</sup> Die opening vir die kop moet in die middel daarvan wees. 'n Soom moet rondom die opening aangebring word — met die kundigheid van 'n wewer. Dit moet soos die opening in 'n gevegsmondering wees, sodat dit nie kan skeur nie. <sup>33</sup> Op die soomnate van die mantel moet jy granate borduur met pers, purperrooi en karmosynrooi wol — op al die soomnate reg rondom — en met goue klokkies tussenin: <sup>34</sup> 'n goue klokkie en 'n granaat, 'n goue klokkie en 'n granaat, reg rondom op die soomnate van die mantel. <sup>35</sup> Aäron moet dit aanhê om dienswerk te kan doen. Die geluid van die klokkies moet gehoor word wanneer hy die heiligdom binnegaan, voor die HERE, en wanneer hy uitgaan, sodat hy nie sterf nie.

<sup>36</sup> “Jy moet 'n roset van suiwer goud maak en daarop graveer, soos wanneer 'n seëling gegraveer word,\* ‘Heilig vir die HERE.’\* <sup>37</sup> Jy moet

---

\*28:29 Eks 28:12,30

<sup>c</sup>28:30 Urim en Tummim: Vermoedelik twee stene wat die hoëpriester in sy borstas moes dra en wat hy moes gebruik wanneer hy oor regsake moes beslis

\*28:31-37 Eks 39:22-31

\*28:36 roset ... gegraveer word: Lev 8:9

\*28:36 Heilig vir die HERE: Sag 14:20

dit aan 'n draad pers wol vasbind, sodat dit op die tulband<sup>d</sup> kan wees. Dit moet aan die voorkant van die tulband wees. <sup>38</sup> Dit moet op Aäron se voorkop wees, sodat Aäron enige skuld in verband met die •heilige gawes wat die Israeliete aan die HERE<sup>e</sup> wy, kan wegneem.\* Dit geld vir al hulle heilige geskenke. Die roset moet voortdurend op sy voorkop wees, sodat hulle voor die HERE aanvaarbaar sal wees.\* <sup>39</sup> \*Weef die priesterrok in ruitpatroon met fyn linne. Dan moet jy 'n tulband van fyn linne maak. 'n Lyfserp moet jy ook maak — met die kundigheid van 'n borduurder.

<sup>40</sup> “\*Vir Aäron se seuns moet jy priesterrokke maak. Jy moet ook vir hulle lyfserpe en kopdoeke maak. Jy moet dit vir hulle maak ter wille van waardigheid en as versiering.\*

<sup>41</sup> “\*Jy moet hulle aantrek, Aäron, jou broer, en sy seuns saam met hom. Dan moet jy hulle salf, hulle wy en hulle heilig, sodat hulle vir My as priesters kan optree. <sup>42</sup> \*Jy moet vir hulle linnebroeke maak om hulle geslagsdele te bedek. Dit moet van die heupe tot die dye strek. <sup>43</sup> \*Aäron en sy seuns moet dit aanhê wanneer hulle die Tent van Ontmoeting<sup>f</sup>

---

<sup>d</sup>**28:37 tulband:** Vgl voetnoot by Eks 28:4.

<sup>e</sup>**28:38 aan die HERE:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel; vgl Lev 22:3.

\***28:38 Aäron ... wegneem:** Lev 10:17; Num 18:1; Jes 53:11; Heb 9:28; 1 Pet 2:24

\***28:38 voor ... sal wees:** Lev 1:4; 22:27; Jes 56:7

\***28:39** Eks 28:4,5

\***28:40** Eks 39:27-31,41; Eseg 44:17-18

\***28:40 waardigheid ... versiering:** Eks 28:2

\***28:41** Eks 29:7; 30:30; 40:15

\***28:42** Lev 6:10; 16:4; Eseg 44:18

\***28:43** Eks 28:35

<sup>f</sup>**28:43 Tent van Ontmoeting:** 'n Ander naam vir •tabernakel.



binnegaan, of wanneer hulle naderkom na die altaar om dienswerk te doen in die heiligdom, sodat hulle nie skuld op hulle laai en sterf nie. Dit is 'n voorskrif wat altyd geld vir hom en vir sy nageslag ná hom.”

## 29

### Priesterwyding

<sup>1</sup>\*“Dit is wat jy met hulle moet doen om hulle te heilig, sodat hulle vir My as priesters kan optree: Neem een jong bul en twee ramme sonder gebrek, <sup>2</sup> en ongesuurde brood en ongesuurde ringbrode<sup>g</sup> wat met olyfolie gemeng is, asook ongesuurde platbrode wat met olyfolie gesmeer is. Van gesifte koringmeel<sup>h</sup> moet jy dit bak. <sup>3</sup> Jy moet dit in een mandjie sit en dit in die mandjie naderbring, saam met die bul en die twee ramme. <sup>4</sup>\* Aäron en sy seuns moet jy na die ingang van die Tent van Ontmoeting<sup>i</sup> laat naderkom en hulle met water afspoel. <sup>5</sup>\* Jy moet die klere neem en vir Aäron die priesterrok, die mantel van die efod,<sup>j</sup> die efod en die borstas aantrek, en dan vir hom die efod styf vasmaak

---

\*29:1-46 Lev 8:1-33

<sup>g</sup>29:2 ringbrode: Ringbrode is aan stokke gehang om dit te stoor.

<sup>h</sup>29:2 gesifte koringmeel: Dit verwys nie na hoe fyn die meel gemaal is nie, maar na meel van hoë gehalte.

\*29:4 Eks 40:12; Lev 8:6; Heb 10:22

<sup>i</sup>29:4 ingang ... Ontmoeting: Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

\*29:5 Eks 25:7; 28:4,6,15

<sup>j</sup>29:5 efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het.

met die band. <sup>6</sup> Jy moet die tulband<sup>k</sup> op sy kop sit en die heilige wydingsteken<sup>l</sup> op die tulband vassit. Dit verwys na die roset, gemaak van kosbare metaal en edelstene wat op die hoofband van 'n gewyde persoon soos die hoëpriester aangebring is. <sup>7</sup> \* Jy moet die salfolie neem, dit oor sy kop uitgiet en hom salf. <sup>8</sup> Dan moet jy sy seuns laat naderkom, hulle priesterrokke vir hulle aantrek <sup>9</sup> en die lyfserpe vir hulle, Aäron en sy seuns, ombind. Jy moet hulle<sup>m</sup> kopdoeke vir hulle vasbind. Die priesterdiens sal hulle s'n wees as 'n vaste voorskrif wat altyd geld. So moet jy Aäron en sy seuns wy.

<sup>10</sup> “Jy moet die bul tot voor die Tent van Ontmoeting<sup>n</sup> bring. Aäron en sy seuns moet hulle hande op die bul se kop plaas,<sup>\*</sup> <sup>11</sup> en dan moet jy die bul voor die HERE slag by die ingang van die Tent van Ontmoeting. <sup>12</sup> \* Jy moet van die bul se bloed neem en dit met jou vinger aan die horings van die altaar smeer. Die res van die bloed moet jy teen die basis van die altaar uitgooi. <sup>13</sup> \* Jy moet al die vet wat die binnegoed bedek, neem, ook die lewerlob en die twee niere met die vet daaraan, en dit op die altaar verbrand. <sup>14</sup> \* Maar die vleis van die bul, sy vel en sy pensmis moet jy buite die kamp verbrand. Dit is 'n •reinigingsoffer.

---

<sup>k</sup>**29:6 tulband:** 'n Lang strook materiaal wat verskeie kere op 'n sekere manier om die kop gedraai en ingevou is. Dit kon soos 'n hoed opgesit en afgehaal word.

<sup>l</sup>**29:6 heilige wydingsteken:** Dit verwys na die roset, gemaak van kosbare metaal en edelstene wat aangebring is op die hoofband van 'n gewyde persoon soos die hoëpriester; vgl Eks 28:36-38.

<sup>\*</sup>**29:7** Eks 28:41; 30:30; 40:15

<sup>m</sup>**29:9 hulle:** Dit verwys na Aäron se seuns.

<sup>n</sup>**29:10 Tent van Ontmoeting:** 'n Ander naam vir tabernakel.

<sup>\*</sup>**29:10 hande ... kop plaas:** Eks 29:15,19; Lev 8:22

<sup>\*</sup>**29:12** Lev 4:7,18,25; 8:5

<sup>\*</sup>**29:13** Eks 29:22,25

<sup>\*</sup>**29:14** Lev 4:11,12,21; Heb 13:11

<sup>15</sup> \*Die een ram moet jy neem, en Aäron en sy seuns moet hulle hande op die kop van die ram lê. <sup>16</sup> Dan moet jy die ram slag, sy bloed neem en dit reg rondom teen die altaar sprinkel. <sup>17</sup> Die ram moet jy in stukke opsny, sy binnegoed en pote afspoel, en dit by die stukke en sy kop neersit. <sup>18</sup> Jy moet die hele ram op die altaar verbrand. Dit is 'n •brandoffer vir die HERE. Dit is 'n geurige offer, 'n offergawe\* aan die HERE. <sup>19</sup> \*Jy moet die tweede ram neem, en Aäron en sy seuns moet hulle hande op die kop van die ram lê. <sup>20</sup> \*Dan moet jy die ram slag, van sy bloed neem en dit aan Aäron se regteroorlel smeer, ook aan dié van sy seuns, aan die duime van hulle regterhande en aan die groottone van hulle regtervoete. Jy moet die res van die bloed reg rondom teen die altaar sprinkel. <sup>21</sup> \*Jy moet van die bloed wat teen die altaar is, neem, en ook van die salfolie, en dit op Aäron en sy klere sprinkel, en ook op sy seuns by hom en op sy seuns se klere. Hy en sy klere en saam met hom sy seuns en hulle klere sal dan heilig wees.

<sup>22</sup> “\*Jy moet uit die ram die vet neem, die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek, die lewerlob, die twee niere en die vet wat daaraan is, en ook die regterboud — want dit is die ram vir die priesterwyding — <sup>23</sup> \*asook een ronde brood, een ongesuurde brood wat met olyfolie klam gemaak is, en een platbrood uit die mandjie met ongesuurde brood wat voor die HERE is. <sup>24</sup> Jy moet dit alles op die handpalms van Aäron en die handpalms van sy seuns plaas, en dit voor die HERE

---

\*29:15 Eks 29:41; Lev 1:13; 3:5

\*29:18 geurige ... offergawe: Gen 8:21; Eks 29:25; Ef 5:2; Fil 4:18

\*29:19 Eks 29:10,15; Lev 8:22

\*29:20 Lev 8:23,24

\*29:21 Vgl Num 8:7; Heb 9:22

\*29:22 Eks 29:13; Lev 3:9-10; 7:32-33

\*29:23 Eks 29:2-3

as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg.<sup>o</sup> <sup>25</sup> \*Dan moet jy dit van hulle hande neem en op die altaar verbrand bo-op die brandoffer as 'n geurige offer voor die HERE. Dit is 'n offergawe aan die HERE.

<sup>26</sup> “Jy moet die borsstuk uit die ram vir die priesterwyding van Aäron neem, en dit voor die HERE as 'n gewyde gawe heen en weer beweeg. Dit is dan jou deel.

<sup>27</sup> “\*Jy moet dit wat Aäron en sy seuns uit die ram vir die priesterwyding toekom, heilig verklaar: die borsstuk van die gewyde gawe wat heen en weer beweeg is, en die boud van die wydingsgeskenk<sup>p</sup> wat aangebied is. <sup>28</sup> Dit kom Aäron en sy seuns toe as 'n deel wat hulle altyd moet kry van die kant van die Israeliete, want dit is 'n wydingsgeskenk. Dit moet 'n wydingsgeskenk wees van die kant van die Israeliete uit hulle maaltydoffers,<sup>q</sup> hulle wydingsgeskenk aan die HERE.

<sup>29</sup> “\*Die heilige klere wat aan Aäron behoort, moet aan sy seuns ná hom gaan, om daarin gesalf te word en daarin gewy te word. <sup>30</sup> \*Die een

---

<sup>o</sup>**29:24 as ... beweeg:** Dit is waarskynlik deur bewegings simbolies vir die HERE aangebied by die altaar; •Wydingsgeskenk.

\***29:25** Lev 8:28

\***29:27-28** Lev 7:31-34; 10:14-15

<sup>p</sup>**29:27 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

<sup>q</sup>**29:28 maaltydoffers:** Dieroffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekóm, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

\***29:29** Num 18:8; 20:28

\***29:30** Eks 29:35-37

onder sy seuns wat priester word in sy plek en wat die Tent van Ontmoeting binnegaan om in die heiligdom dienswerk te doen, moet die klere sewe dae lank dra.

<sup>31</sup> “\*Die ram vir die priesterwyding moet jy neem en sy vleis in 'n heilige plek kook. <sup>32</sup> Aäron en sy seuns moet by die ingang van die Tent van Ontmoeting die vleis van die ram eet, en ook die brood wat in die mandjie oor is. <sup>33</sup> Hulle moet dit eet waarmee versoening gedoen\* is om hulle te wy en te heilig; 'n buitestander mag egter nie daarvan eet nie,\* omdat dit heilig is. <sup>34</sup> \*As daar van die vleis vir die priesterwyding, of van die brood, tot die oggend oorstaan, moet jy die oorskiet verbrand. Dit mag nie geëet word nie, want dit is heilig.

<sup>35</sup> “\*Jy moet met Aäron en sy seuns so maak, presies soos Ek jou beveel het. Jy moet sewe dae neem om hulle te wy. <sup>36</sup> 'n Bul moet jy elke dag as reinigingsoffer\* bring vir versoening. Jy moet die altaar reinig wanneer jy daarvoor versoening doen, en dit sal om dit te heilig.\* <sup>37</sup> Vir sewe dae moet jy versoening doen vir die altaar en dit heilig.\* Die altaar sal besonder heilig wees; elkeen wat aan die altaar raak, sal heilig word.\* <sup>38</sup> \*Dit is wat jy gereeld, elke dag,\* op die altaar moet offer: twee jaaroud

---

\*29:31-32 Lev 8:31; 10:14-15; vgl Matt 12:4

\*29:33 versoening gedoen: Num 5:8; 1 Kron 6:49; vgl Rom 3:25-26; 1 Joh 2:2; 4:10

\*29:33 buitestander ... eet nie: Lev 22:10

\*29:34 Lev 8:32

\*29:35 Lev 8:33-35

\*29:36 reinigingsoffer: Eks 29:14; 30:10; vgl Lev 4:1-35

\*29:36 Jy ... heilig: Eks 30:26,28,29; 40:10; Num 7:1

\*29:37 7 dae ... dit heilig: Eseg 43:26; Matt 23:19

\*29:37 elkeen ... word: Eks 30:29

\*29:38-46 Num 28:3-8; 2 Kron 13:11; Esra 3:3; Dan 12:11

\*29:38 elke dag: Heb 10:11

ramlammers. <sup>39</sup> Die een lam moet jy in die oggend offer en die tweede lam teen laatmiddag,<sup>r</sup> <sup>40</sup> met 'n tiende van 'n efa<sup>s</sup> gesifte meel, gemeng met 'n kwart •hin<sup>t</sup> geparste olyfolie, en 'n kwart hin wyn as drankoffer vir die eerste lam. <sup>41</sup> Die tweede ramlam moet jy teen laatmiddag offer. Soos die •graanoffer in die oggend en die bypassende drankoffer, moet jy dit bring as 'n geurige offer, 'n offergawe aan die HERE. <sup>42</sup> Dit moet 'n gereelde brandoffer wees vir julle nageslagte by die ingang van die Tent van Ontmoeting, daar voor die HERE, waar Ek julle sal ontmoet om met jou te praat.\* <sup>43</sup> Ek sal die Israeliete daar ontmoet, en die plek sal geheilig word deur my heerlike teenwoordigheid. <sup>44</sup> Ek sal die Tent van Ontmoeting en die altaar heilig. Aäron en sy seuns sal Ek heilig om vir My as priesters op te tree. <sup>45</sup> \*Ek sal onder die Israeliete vertoef en vir hulle 'n God wees. <sup>46</sup> \*Hulle sal weet dat Ek die HERE hulle God is, wat hulle uit Egipteland gelei het om onder hulle te vertoef. Ek is die HERE hulle God.”

## 30

### Reukofferaltaar

<sup>1</sup> “\*Jy moet 'n reukofferaltaar maak vir die reukoffer; van doringhout moet jy dit maak. <sup>2</sup> Dit moet 'n el lank en 'n el breed wees. Dit moet vierkantig en twee el<sup>u</sup> hoog wees. Die horings moet deel daarvan wees.

---

<sup>r</sup>29:39 laatmiddag: Die •bronteks lui “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmoed is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag; •Nag en dag.

<sup>s</sup>29:40  $\frac{1}{10}$  ... efa: Ongeveer 2,2 ℓ; •Inhoudsmate.

<sup>t</sup>29:40  $\frac{1}{4}$  hin: Ongeveer 1 ℓ.

\*29:42 waar ... praat: Eks 30:6; vgl Eks 25:22

\*29:45 Eks 25:8; Sag 2:10; Op 21:3

\*29:46 Eks 20:2

\*30:1-5 Eks 37:25-28; Eseg 41:22; Heb 9:4; Op 8:3; 9:13

<sup>u</sup>30:2 'n el ... 2 el: Ongeveer 0,45 x 0,45 x 0,9 m; •Lengtemate.

<sup>3</sup> Jy moet dit met suiwer goud oortrek — die bokant, die kante reg rondom en die horings daarvan. Jy moet daarvoor 'n goue rand maak, reg rondom. <sup>4</sup> Twee goue ringe moet jy daarvoor maak, aan die twee sykante onder die rand. Jy moet dit aan weerskante maak, sodat dit kan dien as houers vir die draaghoute waarmee dit gedra word. <sup>5</sup> Jy moet die draaghoute van doringhout maak en dit met goud oortrek. <sup>6</sup> \* Jy moet die altaar neersit voor die Voorhangsel<sup>v</sup> wat by die ark met die Getuienis<sup>w</sup> is, voor die versoendeksel<sup>x</sup> wat oor die Getuienis is, waar Ek jou sal ontmoet.

<sup>7</sup> “\* Aäron moet die geurige reukoffer op die altaar aan die brand steek. Elke oggend wanneer hy die lampe versorg, moet hy dit aan die brand steek. <sup>8</sup> As Aäron laatmiddag<sup>y</sup> die lampe opsteek, moet hy dit voor die HERE as 'n gereelde reukoffer aan die brand steek. Dit geld ook vir julle nageslagte.

<sup>9</sup> “Julle mag nie 'n ongeoorloofde reukoffer, brandoffer of •graanoffer daarop bring nie.\* 'n Drankoffer mag julle ook nie daarop uitgiet nie.

---

\***30:6** Eks 25:22; Lev 16:2; Num 7:89

<sup>v</sup>**30:6 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

<sup>w</sup>**30:6 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; •Ark.

<sup>x</sup>**30:6 versoendeksel:** Die goue deksel van die verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

\***30:7** Eks 27:20-21; Luk 1:9

<sup>y</sup>**30:8 laatmiddag:** Die •bronteks lui “tussen die twee aande”. Volgens die •Talmud is dit tussen sononder en donkernag, maar volgens die •Misjna is dit teen halfdrie die middag. Volgens Josefus is die pasgalam in die tempel geslag tussen drie-uur en vyfuur die middag •Nag en dag.

\***30:9 ongeoorloofde ... bring nie:** Lev 10:1

<sup>10</sup> “Aäron moet een keer per jaar op die horings daarvan versoening doen. Met die bloed van die reinigingsoffer vir die versoening moet hy een keer per jaar daarop versoening doen. Dit geld ook vir julle nageslagte.\* Die altaar is besonder heilig vir die HERE.”

### Losgeld by die tel van weerbare manne

<sup>11</sup> Die HERE het met Moses gepraat en vir hom gesê: <sup>12</sup> “Wanneer jy 'n hoofdelike telling hou<sup>z</sup> van die Israëliete, van dié wat ingeskryf is,\* moet elkeen van hulle vir die HERE losgeld vir sy lewe gee wanneer hulle getel word,<sup>a</sup> sodat wanneer hulle getel word, daar geen plaag onder hulle sal uitbreek nie. <sup>13</sup> Dit is wat elkeen moet gee wanneer hy getel is:<sup>b</sup> 'n halwe sikkels volgens die standaardgewig van die heiligdom,<sup>c</sup> — twintig gera<sup>d</sup> is 'n sikkels. Die halwe sikkels is 'n wydingsgeskenk<sup>e</sup> aan die HERE. <sup>14</sup> Elkeen wat getel is, van twintig jaar en ouer, moet die HERE se wydingsgeskenk gee.\* <sup>15</sup> Rykes moet nie meer gee nie, en armes nie minder nie as die

---

\***30:10 Aäron ... nageslagte:** Lev 16:18,23,29; Heb 9:7

<sup>z</sup>**30:12 Wanneer ... hou:** Letterlik ‘wanneer jy die koppe lig’. Dit verwys na die koppe van die weerbare manne wat getel is.

\***30:12 Wanneer ... is:** Num 1:1 — 4:49

<sup>a</sup>**30:12 elkeen ... gee wanneer hulle getel word:** Dit was gevaarlik om 'n sensus te hou; vgl 2 Sam 24:1-15.

<sup>b</sup>**30:13 getel is:** Letterlik ‘oorgaan na die geteldes’.

<sup>c</sup>**30:13 ½ sikkels volgens ... heiligdom:** Ongeveer 5,7 g geweeg. Die “standaardgewig van die heiligdom” verwys waarskynlik na die gewone maat wat in die heiligdom gehou is as standaard; •Geldeenhede; vgl Lev 27:25.

<sup>d</sup>**30:13 gera:** Ongeveer 0,6 g.

<sup>e</sup>**30:13 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

\***30:13-14 Die halwe ... gee:** Eks 38:26; Matt 17:24



halwe sikkkel wat gegee moet word as die HERE se wydingsgeskenk om versoening te doen vir julle lewens.<sup>16</sup> Jy moet die silwer vir die versoening van die Israelite in ontvangs neem, en dit gebruik vir die dienswerk in die Tent van Ontmoeting.<sup>f</sup> Dit sal vir die Israelite dien as herinnering voor die HERE om versoening te doen vir julle lewens.”

### Bronswaskom

<sup>17</sup> Die HERE het met Moses gepraat en vir hom gesê: <sup>18</sup> “Jy moet 'n bronswaskom<sup>g</sup> met sy bronsvoetstuk<sup>\*</sup> maak om uit af te spoel. Jy moet dit tussen die Tent van Ontmoeting<sup>h</sup> en die altaar plaas. Jy moet water daarin gooi,<sup>19</sup> sodat Aäron en sy seuns hulle hande en hulle voete daaruit kan afspoel. <sup>20</sup> Wanneer hulle in die Tent van Ontmoeting ingaan, moet hulle hulleself met water afspoel, sodat hulle nie sterf nie. Of wanneer hulle naby die altaar kom om dienswerk te doen, om 'n offergawe vir die HERE te verbrand,<sup>21</sup> moet hulle hulle hande en voete afspoel, sodat hulle nie sterf nie. Dit is 'n vaste reël wat altyd geld vir Aäron en sy nageslag, vir al hulle nageslagte.”

### Salfolie

<sup>22</sup> Die HERE het met Moses gepraat en vir hom gesê: <sup>23</sup> “Neem jy self keurgraad speserye: 500 sikkkel<sup>i</sup> verpoeierde mirre,<sup>j</sup> die helfte soveel

---

<sup>f</sup>30:16 Tent ... Ontmoeting: 'n Ander naam vir tabernakel.

<sup>g</sup>30:18 bronswaskom: In 1 Kon 7:23; 2 Kron 4:2 “die •See” genoem.

<sup>\*</sup>30:18 bronswaskom ... bronsvoetstuk: Eks 30:17-21; 38:8

<sup>h</sup>30:18 Vgl voetnoot by Eks 30:16.

<sup>\*</sup>30:19 Eks 40:31,32

<sup>i</sup>30:23 500 sikkkel: Ongeveer 6 kg; •Geldeenhede.

<sup>j</sup>30:23 verpoeierde mirre: •Mirre is 'n welriekende gomhars wat, verkry word van 'n struik wat in Arabië en Oos-Afrika voorkom, en as baie waardevol beskou is. Dit is as wierook gebrand, asook in medisyne, parfuums, olies en rome gebruik. Sommige vertalings lui “vloeibare mirre”.

geurige kaneel — dit is 250 sikkel<sup>k</sup> — en 250 sikkel geurige riet,  
<sup>24</sup> asook 500 sikkel<sup>l</sup> kassia, volgens die standaardgewig in die heiligdom,  
met 'n hin<sup>m</sup> olyfolie. <sup>25</sup> Jy moet daarvan heilige salfolie maak, met die  
kundigheid van 'n salfmenger — 'n besondere mengsel. Dit moet heilige  
salfolie wees. <sup>26</sup> Jy moet daarmee die Tent van Ontmoeting<sup>n</sup> en die ark  
met die Getuienis<sup>o</sup> salf, <sup>27</sup> asook die tafel en al sy toebehore, die menora<sup>p</sup>  
en sy toebehore, die reukofferaltaar, <sup>28</sup> die brandofferaltaar met al sy  
toebehore en die waskom met sy voetstuk. <sup>29</sup> \* Jy moet dit heilig, dan sal  
dit besonder heilig wees; elkeen wat daaraan raak, sal heilig word.

<sup>30</sup> “\*Ook Aäron en sy seuns moet jy salf en hulle heilig, sodat hulle vir  
My as priesters kan optree.

<sup>31</sup> “Met die Israeliete moet jy praat en vir hulle sê, ‘Dit moet my  
gewyde salfolie wees vir al julle nageslagte. <sup>32</sup> Op die liggaam van 'n  
gewone mens mag dit nie uitgegiet word nie, en met dieselfde  
bestanddele mag julle nie iets soortgelyks maak nie. Dit is heilig, en dit  
moet vir julle heilig wees. <sup>33</sup> \* Iemand wat iets soortgelyks voorberei, of

---

<sup>k</sup>**30:23 250 sikkel:** Ongeveer 2,85 kg.

<sup>l</sup>**30:23-24 sikkel:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word  
veronderstel.

<sup>m</sup>**30:24 'n hin:** Ongeveer 3,8 ℓ; •Inhoudsmate.

<sup>n</sup>**30:26 Tent van Ontmoeting:** Vgl voetnoot by Eks 30:16.

<sup>o</sup>**30:26 die Getuienis:** Vgl voetnoot by Eks 30:6.

<sup>p</sup>**30:27 menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van  
die tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.

\* **30:29** Eks 29:37; 30:10,36; 40:10

\* **30:30** Eks 29:7-9

\* **30:33** Eks 30:38

wat daarvan op 'n buitestander<sup>q</sup> laat kom, sal van sy volk afgesny word.\*' ”

## Reukwerk

<sup>34</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Neem vir jou geurige stowwe: harpui, skellak,<sup>r</sup> vinkel,<sup>s</sup> hierdie geurige stowwe,<sup>\*</sup> en suiwer wierook. Dit moet gelyke hoeveelhede wees. <sup>35</sup> \* Jy moet reukwerk daarvan maak, met sout by, suiwer en heilig — 'n mengsel gemaak met die kundigheid van 'n salfmenger. <sup>36</sup> Jy moet daarvan fynstamp tot 'n poeier en daarvan voor die Getuienis in die Tent van Ontmoeting<sup>t</sup> plaas, waar Ek jou sal ontmoet. \* Dit moet vir julle besonder heilig\* wees.

<sup>37</sup> “Die reukwerk wat jy moet maak, mag julle nie vir julleself maak van dieselfde bestanddele nie. Dit moet vir jou heilig aan die HERE wees. <sup>38</sup> Iemand wat iets soortgelyks maak om die geur te geniet, moet van sy volk afgesny word.”

---

<sup>q</sup>**30:33 buitestander:** Dit verwys hier na 'n persoon wat nie deel is van die diensdoende priesters nie.

<sup>\*</sup>**30:33 van ... afgesny word:** Gen 17:14; Eks 12:15; Lev 7:20,21,25,27

<sup>r</sup>**30:34 skellak:** Daar is onsekerheid oor die eiening van hierdie bestanddeel. Dit kan 'n sekere soort plant of die skulp van 'n weekdier wees.

<sup>s</sup>**30:34 vinkel:** Een van die ferula-plantte waarvan die gom, wanneer dit gebrand word, die geur van ander bestanddele versterk.

<sup>\*</sup>**30:34 geurige stowwe:** Eks 25:6; 30:7; 37:29

<sup>\*</sup>**30:35** Eks 30:25

<sup>t</sup>**30:36 Tent van Ontmoeting:** Vgl voetnoot by Eks 30:16.

<sup>\*</sup>**30:36 waar Ek ... ontmoet:** Eks 29:42

<sup>\*</sup>**30:36 besonder heilig:** Eks 30:10,29; 40:10

# 31

## Besaleël en Oholiab

<sup>1</sup> Die HERE het met Moses gepraat en gesê: <sup>2</sup>“Kyk, Ek het Besaleël, seun van Uri, seun van Gur, van die stam van Juda, by die naam geroep.<sup>u</sup> <sup>3</sup>\* Ek het hom met die Gees van God vervul — met wysheid, insig en kennis, en met al die nodige vakmanskap, <sup>4</sup> om vindingryke planne te beraam vir die werk met goud, silwer en brons, <sup>5</sup> en vir die bewerking van edelstene vir monterings, en die bewerking van hout, om dit te doen met al die nodige vakmanskap.

<sup>6</sup>“En Ek, kyk, Ek het Oholiab, seun van Agisamag, van die stam van Dan, as sy bystand gegee; en in die hart van elkeen wat vaardig is, het Ek wysheid gegee, sodat hulle alles kan maak wat Ek jou beveel het: <sup>7</sup> die Tent van Ontmoeting,<sup>v</sup> die ark vir die Getuienis,<sup>w</sup> die versoendeksel wat daarop kom,<sup>\*</sup> al die toebehore van die tent, <sup>8</sup> die tafel en sy toebehore,<sup>\*</sup> die menora van suiwer goud en al sy toebehore,<sup>\*</sup> die

---

\*31:2 Eks 35:30; 36:1; 1 Kron 2:20

<sup>u</sup>31:2 by ... geroep: Dit beteken dat die persoon uitgekies is om 'n besondere taak te vervul.

\*31:3 Eks 35:31

\*31:6 Eks 35:34-35

<sup>v</sup>31:7 Tent van Ontmoeting: 'n Ander naam vir •tabernakel.

<sup>w</sup>31:7 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

\*31:7 ark ... kom: Eks 25:10-22; 37:1-9

\*31:8 tafel ... toebehore: Eks 25:23-29; 37:10-16

\*31:8 menora ... toebehore: Eks 25:31-40; 37:17-24

reukofferaltaar,<sup>\*</sup> <sup>9</sup> die brandofferaltaar en al sy toebehore,<sup>\*</sup> die waskom en sy voetstuk,<sup>\*</sup> <sup>10</sup> die geweeftde klere<sup>x</sup> — dit is die heilige klere vir Aäron, die priester, en die klere van sy seuns, vir die priesterdiens — <sup>11</sup> die salfolie<sup>\*</sup> en die geurige reukwerk<sup>\*</sup> vir die heiligdom. Presies soos Ek jou beveel het, moet hulle dit maak.”

### Sabbat van volkome rus

<sup>12</sup> Die HERE het vir Moses gesê: <sup>13</sup> “Jy self moet vir die Israeliete sê, ‘My Sabbatte moet julle beslis onderhou, want dit dien as 'n teken tussen My en julle vir al julle komende geslagte, sodat julle kan weet dat Ek, die HERE, die Een is wat julle heilig. <sup>14</sup> Julle moet die Sabbat onderhou, want dit is heilig vir julle. Wie dit ontheilig, moet beslis sterf. As enigiemand op dié dag werk, moet daardie persoon onder sy volk uitgeroei word. <sup>15</sup> Ses dae lank mag daar gewerk word, maar op die sewende dag is dit 'n buitengewone Sabbat,<sup>y</sup> gewy aan die HERE. Elkeen wat op die Sabbatdag werk doen, moet beslis sterf. <sup>16</sup> Die Israeliete moet die Sabbat onderhou deur die Sabbat in hulle komende geslagte te vier

---

<sup>\*</sup>31:8 reukofferaltaar: Eks 30:1-5; 37:25-28

<sup>\*</sup>31:9 brandofferaltaar ... toebehore: Eks 27:1-8; 38:1-7

<sup>\*</sup>31:9 waskom ... voetstuk: Eks 38:8

<sup>\*</sup>31:10 Eks 35:19

<sup>x</sup>31:10 geweeftde klere: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Word ook vertaal “ampsdrag”.

<sup>\*</sup>31:11 salfolie: Eks 30:25,31

<sup>\*</sup>31:11 geurige reukwerk: Eks 30:7,34

<sup>\*</sup>31:13-17 Eks 20:8-11; 23:12; 35:2

<sup>y</sup>31:15 buitengewone Sabbat: Letterlik ‘Sabbat van Sabbatsviering’. Dit was 'n dag van volkome rus wat op 'n besondere wyse gevier is deur die streng nakoming van voorskrifte; vgl Eks 16:32; 35:2.

as 'n ewige verbond. <sup>17</sup> Dit dien as 'n ewige teken tussen My en die Israëliete.\* Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is Hy verkwik.’ ”

<sup>18</sup>\*Nadat die HERE klaar met Moses gepraat het, het Hy vir hom op die berg Sinai die twee tafels met die Getuienis<sup>z</sup> gegee — kliptafels waarop daar deur die vinger van God geskryf is.

## 32

### Israel se sonde met die goue kalf

<sup>1</sup>\*\*\*Toe die volk merk dat Moses lank neem om van die berg af te kom, het die volk by Aäron byeengekom en vir hom gesê: “Komaan, maak vir ons gode wat voor ons uit kan gaan; want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het, ons weet nie wat met hom gebeur het nie.”

<sup>2</sup>Aäron sê toe vir hulle: “Ruk die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, seuns en dogters is, en bring dit vir my.”

<sup>3</sup>Die hele volk het toe die goue ringe wat aan hulle ore was, afgeruk, en dit vir Aäron gebring. <sup>4</sup>\*Hy het dit uit hulle hand aanvaar. Toe het hy dit in 'n vorm gegiet en 'n gegote kalf<sup>a</sup> daarvan gemaak. Hulle sê toe: “Dit is jou gode, Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.”

---

\*31:17 Dit ... Israëliete: Eseg 20:12,20

\*31:18 Eks 24:12; 32:15-16; Deut 4:13; 5:22; Joh 1:17; 2 Kor 3:3

<sup>z</sup>31:18 die Getuienis: Vgl voetnoot by Eks 31:7.

\*32:1-35 Deut 9:7-29

\*32:1-14 Ps 106:19-23

\*32:1 Eks 24:18; Hand 7:40

\*32:4 Deut 9:16; Neh 9:18; Ps 106:19; Hand 7:41

<sup>a</sup>32:4 gegote kalf: Die kalf is waarskynlik uit hout gevorm en met goudfoelie oorgetrek; vgl Eks 32:20.

<sup>5</sup> Toe Aäron sien wat gebeur, het hy 'n altaar voor die beeld gebou. Aäron roep toe uit en sê: “Môre is daar 'n fees vir die HERE!” <sup>6</sup> Hulle het vroeg die volgende dag opgestaan, brandoffers geoffer en maaltydoffers<sup>b</sup> nadergebring. Die volk het gaan sit om te eet en te drink. Toe het hulle opgestaan om hulleself te vermaak.<sup>c\*</sup>

<sup>7</sup> \*Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan af, want jou volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, het hulle wangedra. <sup>8</sup> \*Hulle het gou weggedraai van die pad wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle 'n gegote kalf gemaak; hulle het voor die kalf in aanbidding gebuig en offers daarvoor gebring. Hulle het gesê, ‘Dit is jou gode, Israel, wat jou uit Egipteland laat optrek het.’ ”

<sup>9</sup> \*Die HERE het ook vir Moses gesê: “Ek het hierdie volk deurgekyk — hulle is inderdaad 'n hardnekkige volk. <sup>10</sup> \*Laat My dan nou met rus, sodat my toorn teen hulle kan ontbrand en Ek hulle kan vernietig. Ek sal jou dan 'n groot nasie maak.”

<sup>11</sup> \*Moses het egter die HERE sy God goedgesind probeer stem en gesê: “Waarom, HERE, moet u toorn brand teen u volk vir wie U uit Egipteland gelei het met groot krag en 'n sterk hand? <sup>12</sup> Waarom sou die

---

<sup>b</sup>**32:6 maaltydoffers:** Diereoffers (nie voëls nie) waarvan die binnevet, niere en lewerlob op die altaar verbrand is, en die res in 'n pot gaargemaak is. 'n Deel daarvan het die priester toegekomp, en die res is as offermaaltyd deur die offeraar en sy gesin by die heiligdom geëet; •Offers.

<sup>c</sup>**32:6 hulleself te vermaak:** Kan ook vertaal word “laat lag” en “spot”. Dit kan ook dui op losbandige optrede.

\***32:6 Die volk ... vermaak:** 1 Kor 10:7

\***32:7** Deut 9:12

\***32:8** Eks 20:3,4,23

\***32:9** Hand 7:51

\***32:10** Num 14:12; Deut 9:14

\***32:11-12** Num 14:13-16; Deut 9:26-29; Ps 106:23

Egiptenare sê, ‘Met 'n bese plan het Hy hulle uitgelei, om hulle in die berge om te bring en hulle van die aangesig van die aarde af uit te delg’? Laat vaar u brandende toorn en kry tog spyt oor die onheil teen u volk! <sup>13</sup> \*Dink aan Abraham, Isak en Israel, u diensknegte vir wie U by Usself gesweer en vir hulle gesê het, ‘Ek sal julle nageslag so baie laat word soos die sterre aan die hemelruim; en hierdie hele land wat Ek gesê het Ek vir julle nageslag sal gee, sal hulle vir altyd as erfdeel ontvang.’ ” <sup>14</sup> \*Die HERE het toe spyt gekry oor die onheil wat Hy gesê het Hy sy volk sou aandoen.

<sup>15</sup> \*Moses het omgedraai en van die berg afgegaan met die twee tafels met die Getuienis<sup>d</sup> in sy hand, tafels waarop aan al twee kante geskryf was; op die voorkant en op die agterkant was daar geskryf. <sup>16</sup> Die tafels, dit was God se werk, en die skrif, dit was God se skrif, gegraveer op die tafels.

<sup>17</sup> Josua<sup>e\*</sup> het die geluide van die volk gehoor toe hulle skreeu. Hy sê toe vir Moses: “Daar kom oorlogsgeluide uit die kamp.” <sup>18</sup> Maar hy het geantwoord:

“Dit is nie die klank van liedere  
ná 'n oorwinning nie,  
ook nie die klank van liedere  
ná 'n nederlaag nie;  
die klank van sang,  
dit is wat ek hoor.”

---

\*32:13 Gen 22:16-18; Heb 6:13-14; 11:12

\*32:14 Vgl 2 Sam 24:16; Ps 106:45; Jer 18:7-10; Joël 2:13; Am 7:1-6; Jona 3:10; 4:2

\*32:15-16 Eks 24:12; 31:18; Deut 4:13; 5:22; 2 Kor 3:3

<sup>d</sup>32:15 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>e</sup>32:17 Josua: Josua het halfpad teen die berg op gewag; vgl 24:13.

\*32:17 Josua: Eks 33:11



<sup>19</sup> \*Toe hy naby die kamp kom en die kalf en die kringdansen sien, het Moses kwaad geword. Hy het die kliptafels wat in sy hande was, neergesmyt en dit aan die voet van die berg verpletter. <sup>20</sup> Hy het die kalf wat hulle gemaak het, gevat, dit verbrand en dit fyngestamp, totdat dit soos poeier was. Toe het hy dit op die water uitgestrooi en die Israeliete dit laat drink.

<sup>21</sup> Moses het vir Aäron gesê: “Wat het hierdie volk jou aangedoen dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?” <sup>22</sup> Aäron het geantwoord: “Die toorn van my heer moet tog nie ontbrand nie. U ken self die volk, dat hulle tot kwaad geneig is. <sup>23</sup> \*Hulle het vir my gesê, ‘Maak vir ons gode wat voor ons uit trek, want hierdie Moses, die man wat ons uit Egipteland laat optrek het — ons weet nie wat met hom gebeur het nie.’ <sup>24</sup> Ek het toe vir hulle gesê, ‘Wie goud het, ruk dit af!’ Hulle het dit vir my gegee en ek het dit in die vuur gegooi; en toe kom hierdie kalf daar uit.”

<sup>25</sup> Moses het gesien dat die volk losbandig is, want Aäron het hulle losbandig laat word; sodat hulle 'n bespotting by hulle teenstanders geword het. <sup>26</sup> Moses het toe by die ingang na die kamp gaan staan en gesê: “Wie vir die HERE is, kom hier na my toe!” Al die Leviete het by hom byeengekom. <sup>27</sup> Hy sê toe vir hulle: “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Maak elkeen van julle sy swaard aan sy heup vas! Beweeg heen en weer deur die kamp, van ingang tot ingang, en bring elkeen van julle sy broer en sy vriend en sy bloedverwant om die lewe!’ ”

<sup>28</sup> Die Leviete het toe gemaak soos Moses gesê het, en daar het daardie dag ongeveer drieduisend man van die volk geval. <sup>29</sup> Moses het gesê: “Julle het julle vandag aan die HERE gewy,<sup>f</sup> omdat elkeen van julle teen

---

\*32:19-21 Deut 9:16-17,21

\*32:23 Eks 32:1

<sup>f</sup>32:29 Julle ... gewy: Die •Septuagint, •Vulgaat en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “Wy julle vandag aan die HERE”.

sy seun en sy broer was. Dit bring vandag 'n seën oor julle.”

<sup>30</sup> Die volgende dag het Moses vir die volk gesê: “Julle het 'n groot sonde gedoen.\* Daarom moet ek nou na die HERE opklim; miskien kan ek vir julle sonde versoening doen.” <sup>31</sup> Moses het toe na die HERE teruggekeer en gesê: “Ag,<sup>8</sup> hierdie volk het 'n groot sonde gedoen. Hulle het vir hulle 'n god van goud gemaak.\* <sup>32</sup> As U nou maar hulle sondes sal vergewe! Maar as U nie wil nie, wis my dan maar uit u •boekrol wat U geskryf het,\* uit.”

<sup>33</sup> Die HERE het egter vir Moses gesê: “Wie ook al teen my gesondig het, hom sal Ek uit my boekrol uitwis. <sup>34</sup> \*Gaan dan nou, lei die volk na die plek waaroor Ek met jou gepraat het. Kyk, my engel gaan voor jou uit. Maar die dag wanneer Ek rekenskap eis, sal Ek hulle tot verantwoording roep oor hulle sonde.”

<sup>35</sup> Die HERE het die volk met 'n plaag getref oor die kalf wat hulle gemaak het, die kalf wat Aäron gemaak het.

## 33

<sup>1</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Gaan, trek hiervandaan op, jy en die volk wat jy uit Egipteland laat optrek het, na die land wat Ek met 'n eed beloop het aan Abraham, Isak en Jakob, deur te sê, ‘Aan jou nageslag sal Ek dit gee.’” <sup>2</sup> Ek sal 'n engel voor jou uit stuur,\* en Ek sal die

---

\***32:30 Julle ... sonde gedoen:** Eks 32:21,31; 1 Sam 12:20

<sup>8</sup>**32:31 Ag:** Die Septuagint lui “Ag HERE.”

\***32:31 Ag ... gemaak:** Eks 20:23; Deut 9:18

\***32:32 boekrol ... het:** Ps 56:9; 69:29; Dan 12:1; Luk 10:20; Fil 4:3; Op 3:5; 13:8; 17:8; 20:12,15; 21:27

\***32:34** Eks 23:20; 33:2,3

\***33:1 Aan jou ... gee:** Gen 12:7; Eks 6:3; 32:13; Deut 1:8

\***33:2 Ek ... stuur:** Eks 23:20; 32:34

Kanaäniete, die Amoriëte, die Hetiëte, die Feresiëte, die Hewiëte en die Jebusiëte\* verdryf. <sup>3</sup>Trek op, Israel,<sup>h</sup> na 'n land wat oorloop van melk en heuning. Ek sal egter nie in jou midde optrek nie, omdat jy 'n hardnekkige volk\* is, anders vernietig Ek jou op pad.”

<sup>4</sup>Toe die volk hierdie woord van onheil hoor, het hulle getreur. Niemand het sy juwele aangesit nie. <sup>5</sup>Die HERE het immers vir Moses gesê: “Sê vir die Israëliëte, julle is 'n hardnekkige volk. As Ek vir een oomblik saam met jou sou optrek,\* sal Ek jou vernietig. Haal dan nou jou juwele af, sodat Ek kan weet wat Ek met jou moet doen.” <sup>6</sup>Vanaf die berg Horeb<sup>i</sup> het die Israëliëte toe hulle juwele afgehaal.

### Tent vir raadpleging

<sup>7</sup>Moses het telkens 'n tent geneem en dit buite die kamp opgeslaan, ver van die kamp af. Hy het dit 'n ontmoetingstent<sup>j</sup> genoem. Elkeen wat die HERE wou raadpleeg, moes uitgaan na die ontmoetingstent wat buite die kamp was. <sup>8</sup>Telkens wanneer Moses uitgegaan het na die tent, het die hele volk opgestaan, en dan het elkeen sy plek ingeneem by die ingang van sy tent. Hulle het Moses agternagekyk totdat hy by die tent ingegaan het. <sup>9</sup>Telkens wanneer Moses die tent binnegegaan het, het

---

\***33:2 Amoriëte ... Jebusiëte:** Gen 15:19-21; Eks 3:17; 13:5; 23:23-28; 34:11; Jos 9:2; Neh 9:8

<sup>h</sup>**33:3 Trek op, Israel:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

\***33:3 hardnekkige volk:** Eks 32:9; Deut 9:6

\***33:5 saam ... optrek:** Eks 33:14-16

<sup>i</sup>**33:6 Horeb:** Eks 3:1; 17:6; Deut 1:2; 1 Kon 8:9; 2 Kron 5:10; Ps 106:19; Mal 4:4; ook genoem Sinai in Eks 19:11-23.

<sup>j</sup>**33:7 ontmoetingstent:** Die bedoeling was dat die volk voor die bou van die tabernakel toegang tot God kon hê.

die wolkkolom\* afgekom en by die ingang van die tent gaan staan. Dan het die HERE<sup>k</sup> met Moses gepraat. <sup>10</sup> Wanneer die hele volk die wolkkolom by die ingang van die tent sien staan, het die hele volk opgestaan en elkeen by die ingang van sy tent in aanbidding gebuig. <sup>11</sup> Die HERE het met Moses van aangesig tot aangesig gepraat, soos 'n man met sy vriend praat.\* Dan het Moses<sup>l</sup> teruggekeer na die kamp, maar sy helper, Josua, seun van Nun, 'n jong man, het nie die tent verlaat nie.

### God se heerlikheid

<sup>12</sup> Moses het vir die HERE gesê: “Kyk, U sê vir my, ‘Laat hierdie volk optrek,’ maar self maak U nie aan my bekend wie U saam met my sal stuur nie.\* U is die Een wat gesê het, ‘Ek ken jou by die naam, en jy het ook guns gevind in my oë.’ <sup>13</sup> Daarom, as ek wel guns gevind het in u oë, maak tog aan my u paaie bekend,\* dat ek U kan ken, sodat ek guns bly vind in u oë; besef tog dat hierdie nasie u volk is.”\* <sup>14</sup> Die HERE<sup>m</sup> het gesê: “Moet my teenwoordigheid saamgaan, en moet Ek vir jou rus gee?\*” <sup>15</sup> \*Hy het vir die HERE<sup>n</sup> gesê: “As u teenwoordigheid nie saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat optrek nie. <sup>16</sup> Waaraan

---

\***33:9 wolkkolom:** Eks 16:10; 40:36-38; Num 9:17; Ps 99:7; 1 Kor 10:1

<sup>k</sup>**33:9 die HERE:** Die bronteks lui “Hy”.

\***33:11 Die ... praat:** Num 12:8; Deut 34:10

<sup>l</sup>**33:11 Moses:** Die bronteks lui “hy”.

\***33:12 wie ... stuur nie:** Eks 23:20; 32:34; 33:2,3

\***33:13 maak ... bekend:** Ps 25:4; 27:11; 119:33

\***33:13 hierdie ... volk is:** Deut 9:26,29; 1 Kron 17:22; Neh 1:10; Jes 64:9; Joël 2:17

<sup>m</sup>**33:14 Die HERE:** Die bronteks lui “Hy”.

\***33:14 Ek ... gee:** Deut 3:20; Jos 21:44; 22:4; 23:1; Ps 95:11

\***33:15 Eks 33:1-3; 34:9**

<sup>n</sup>**33:15 die HERE:** Die bronteks lui “vir Hom”.

sou mense dan weet dat ek guns gevind het in u oë, ek en u volk? Is dit nie wanneer U met ons saamgaan, dat ons onderskei sal word, ek en u volk, van elke ander volk op die aardbodem nie?”<sup>17</sup> Die HERE sê toe vir Moses: “Ook aan hierdie versoek wat jy uitgespreek het, sal Ek voldoen, omdat jy guns gevind het in my oë,<sup>\*</sup> en Ek jou by die naam ken.<sup>\*</sup>”

<sup>18</sup> Moses<sup>o</sup> sê toe: “Toon asseblief u heerlikheid aan my.”<sup>19</sup> Maar Hy het geantwoord: “Ek sal al my goedheid<sup>p</sup> reg voor jou laat verbygaan, en Ek self sal die Naam ‘die HERE’ uitroep. Ek is genadig oor wie Ek genadig wil wees, en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm.”<sup>\*</sup> <sup>20</sup> Hy het verder gesê: “Jy kan nie my gesig sien nie, want 'n mens kan My nie sien en bly leef nie.”<sup>21</sup> Toe sê die HERE: “Hier is 'n plek by My waar jy kan gereedstaan op die rots.<sup>22</sup> \*Wanneer my heerlikheid dan verbygaan, sal Ek jou in die rotsskeur sit en Ek sal jou met die palm van my hand toehou, totdat Ek verby is.<sup>23</sup> Dan sal Ek my handpalm wegneem, en jy sal My van agter sien. Maar my gesig mag nie gesien word nie.”<sup>\*</sup>

---

\***33:16 dat ons ... aardbodem nie:** Eks 19:5-6; Deut 33:29; 2 Sam 7:23; vgl Kol 3:12; 1 Pet 2:9

\***33:17 jy guns ... oë:** Eks 33:13

\***33:17 Ek jou ... ken:** Eks 3:12

<sup>o</sup>**33:18 Moses:** Die bronteks lui “hy”.

<sup>p</sup>**33:19 goedheid:** 'n Omvattende term vir God se genade, sy liefde, sy trou en goeie gesindheid.

\***33:19 Ek ontferm ... ontferm:** Rom 9:15

\***33:20** Gen 32:30; Deut 5:24; Rig 6:22; 13:22; 16:13; Jes 6:5; Joh 1:18; 1 Tim 6:16

\***33:22-23** Vgl 1 Kon 19:11-13

\***33:23 Maar ... word nie:** Eks 3:20; Joh 1:18; 1 Tim 6:16; 1 Joh 4:12

### Hernuwing van die verbond

<sup>1</sup> Die HERE het vir Moses gesê: “Kap vir jou twee kliptafels uit, soos die eerstes.\* Ek sal op die tafels die woorde skryf wat op die eerste tafels was, wat jy aan stukke gebreek het.\* <sup>2</sup>Wees teen die oggend gereed. Klim dan die berg Sinai in die oggend uit, en staan gereed vir My daar op die kruin van die berg.\* <sup>3</sup>\*Niemand mag saam met jou opklim nie. Ook mag niemand op die hele berg te sien wees nie. Selfs kleinvee of grootvee mag nie voor hierdie berg wei nie.”

<sup>4</sup>Nadat hy twee kliptafels soos die eerstes uitgekapt het, het Moses vroeg die oggend opgestaan en teen die berg Sinai uitgeklim, net soos die HERE hom beveel het. Hy het die twee kliptafels met hom saamgeneem.<sup>q</sup> <sup>5</sup>Die HERE het in die wolk neergedaal en daar by hom plek ingeneem en die Naam “die HERE” uitgeroep.\* <sup>6</sup>\*Die HERE het reg voor hom verbygegaan en uitgeroep:

“Die HERE, die HERE,  
 'n barmhartige en genadige God,\*  
 geduldig, oorvloedig in troue liefde en waarheid,  
<sup>7</sup>wat troue liefde vir duisende  
 bly handhaaf,

---

\***34:1 Kap ... eerstes:** Eks 34:28; Deut 10:1; 2 Kor 3:3

\***34:1 jy verpletter het:** Eks 32:19; Deut 10:2

\***34:2 kruin ... berg:** Eks 9:20; 24:12

\***34:3** Eks 19:12,21-22

<sup>q</sup>**34:4 met hom saamgeneem:** Letterlik ‘in sy hand geneem’.

\***34:5 Naam ... uitgeroep:** Eks 33:19

\***34:6** Jak 5:11

\***34:6 Die HERE ... God:** Neh 9:17; Ps 86:15; 103:8; 145:8; Klaagl 3:22-23; Jona 4:2

wat skuld, oortreding en sonde vergewe,  
maar wat beslis niks ongestraf laat nie,  
wat vir die sondeskuld van ouers,  
kinders en kleinkinders laat boet,  
ook die derde en vierde geslag.\*”

<sup>8</sup> Moses het haastig op die grond gekniel en in aanbidding gebuig.

<sup>9</sup> \*Toe sê hy: “As ek wel guns gevind het in u oë, my Heer, moet my Heer asseblief in ons midde saamtrek. Al is dit 'n hardnekkige volk, moet U ons skuld en ons sonde vergewe, en ons as u eiendom aanvaar.”

<sup>10</sup> \*Die HERE<sup>r</sup> het gesê: “Kyk, Ek gaan 'n verbond sluit. Voor jou hele volk sal Ek wonders doen wat op die hele aarde of onder al die nasies nog nie deur My<sup>s</sup> verrig<sup>t</sup> is nie. Dan sal die hele volk tussen wie jy is, die werk van die HERE sien. Want ontsagwekkend is dit wat Ek met jou gaan doen. <sup>11</sup> \*Kom dit na wat Ek jou vandag beveel, kyk, Ek gaan die Amoriëte, Kanaäniete, Hetiëte, Feresiëte, Hewiëte en Jebusiëte\* voor jou uit verdryf.\*

---

\***34:7** maar ... geslag: Eks 20:5-6; 34:7; Nah 1:3

\***34:9** Eks 33:1-3

\***34:10** Ps 77:15; 78:12

<sup>r</sup>**34:10** HERE: Die •bronteks lui “Hy”.

<sup>s</sup>**34:10** deur My: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>t</sup>**34:10** verrig: Die Hebreeuse werkwoord verwys na 'n handeling wat slegs deur God uitgevoer kan word.

\***34:11-16** Num 33:51-52

\***34:11** Amoriëte ... Jebusiëte: Gen 15:19-21; Eks 3:17; 13:5; 23:23-28; 33:2; Jos 9:2; Neh 9:8

\***34:11** Ek gaan ... verdryf: Eks 33:2

<sup>12</sup> “\*Wees op jou hoede dat jy nie 'n verdrag sluit met die inwoners van die land waarheen jy op pad is nie, anders word dit 'n valstrik in jou midde.

<sup>13</sup> \*Hulle altare moet julle egter afbreek, hulle gedenkstene<sup>u</sup> moet julle stukkend slaan, hulle asjeras<sup>v</sup> moet julle afkap, <sup>14</sup> want jy mag nie voor 'n ander god in aanbidding buig nie, omdat die HERE wie se Naam “Besitlik”<sup>w</sup> is, 'n besitlike God is.

<sup>15</sup> Wees op jou hoede<sup>x</sup> dat jy nie 'n verdrag sluit met die inwoners van die land nie. Wanneer hulle agter hulle gode aan hoereer<sup>y</sup> en vir hulle gode offer, \* sal jy genooi word, \* en jy sal van hulle<sup>z</sup> offers eet; \* <sup>16</sup> \* en jy sal van hulle dogters vir jou seuns neem, en hulle dogters sal agter hulle gode aan hoereer en veroorsaak dat jou seuns ook agter hulle gode aan hoereer.

---

\***34:12** Eks 23:32-33; Rig 2:2

\***34:13** Deut 7:5; 12:3

<sup>u</sup>**34:13 gedenkstene:** Regopstaande klippe wat 'n verbondsluiting of 'n goddelike verskyning moes herdenk; vgl Gen 28:18; 31:45.

<sup>v</sup>**34:13 asjeras:** Voorwerpe wat in die Baälgodsdiens gedien het as simbool van die moedergodin •Asjera; •Baäl.

<sup>w</sup>**34:14 Besitlik:** Die woord in die bronteks verwys daarna dat God Hom hartstogtelik beywer vir sy kinders, en dat Hy geen teenstand duld nie; vgl Eks 20:3-5; Deut 4:24.

<sup>x</sup>**34:15 Wees ... hoede:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>y</sup>**34:15 agter ... hoereer:** Dit verwys na die vrugbaarheidsgodsdiens waarvan tempelprostitusie 'n deel was. Dit was 'n teken van volslae ontrow aan die HERE.

\***34:15 Wanneer ... offer:** Deut 31:16; Rig 2:17

\***34:15 sal jy genooi word:** Num 25:2; 1 Kor 10:27

<sup>z</sup>**34:15 hulle:** Letterlik ‘sy’.

\***34:15 en jy ... eet:** Ps 106:28; Eseg 33:25; 1 Kor 8:4,7,10

\***34:16** Deut 7:3,4; Rig 3:6; 1 Kon 11:2; Esra 9:2; Neh 13:25



<sup>17</sup> Gegote beelde<sup>a</sup> mag jy nie vir jou maak nie.

<sup>18</sup> \*Die Fees van die Ongesuurde Brood<sup>b</sup> moet jy onderhou. Vir sewe dae lank moet jy ongesuurde brood eet, soos Ek jou beveel het.\*  
Doen dit op die vasgestelde tyd in die maand Abib,<sup>c</sup> want in die maand Abib het jy uit Egipte weggetrek.\*

<sup>19</sup> \*Elke eersteling van die moederskoot behoort aan My — dit is al jou manlike vee, die eerstelinge van beeste en kleinvee. <sup>20</sup> Die eersteling van 'n donkie moet jy loskoop met 'n lam, en as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Al jou eersgebore seuns moet jy loskoop.

Niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.\*

<sup>21</sup> Ses dae moet jy werk, maar op die sewende dag moet jy rus;<sup>d\*</sup> selfs in die ploegtyd en oestyd moet jy rus.

<sup>22</sup> Die Fees van die Weke<sup>e</sup> moet jy vier met die eerste opbrengs van die

---

<sup>a</sup>**34:17 Gegote beelde:** Ook houtbeelde, oorgetrek met goud- of silwerfoelie.

\***34:18-26** Eks 23:14-19

<sup>b</sup>**34:18 Fees ... Brood:** 'n Fees wat begin het met die •Pasga en wat sewe dae lank aangehou het, van 14 tot 21 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is. In daardie sewe dae moes die Israëliete brood eet wat nie suurdeeg in het nie; •Feeste.

\***34:18 7 ... beveel het:** Eks 12:15; 23:15

<sup>c</sup>**34:18 Abib:** Dit is die ouer naam vir die maand •Nisan, in die lente; •Maande.

\***34:18 maand Abib ... weggetrek:** Eks 13:4

\***34:19-20** Eks 13:2,11-16; 22:29

\***34:20 Niemand ... verskyn nie:** Eks 23:15

<sup>d</sup>**34:21 rus:** Word ook vertaal “ophou werk”.

\***34:21 Ses ... dag moet jy rus:** Eks 20:9; 23:12; 31:16-17; vgl Luk 13:14

<sup>e</sup>**34:22 Fees ... Weke:** Ook genoem Fees van die Oes, of Pinksterfees, is gevier sewe weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die HERE aangebied moes word. Dit het gewoonlik gebeur teen •Pasga, sodat die Fees van die Weke sewe weke (vyftig dae) ná Pasga gevier is. In die NT staan dit bekend as Pinksterfees.

koringoes; en die Fees van die Insameling<sup>f</sup> teen die wending van die jaar.<sup>g</sup> <sup>23</sup> \*Drie keer per jaar moet al die manlike persone wat by jou is voor die Heer, die HERE, die God van Israel, verskyn.

<sup>24</sup> Omdat Ek nasies voor jou uit sal verdryf\* en jou grondgebied sal vergroot,\* sal niemand jou land begeer wanneer jy drie keer per jaar opgaan om voor die HERE jou God te verskyn nie.

<sup>25</sup> Jy mag nie so slag dat die bloed van my offer naby suurdeeg is nie;\* en die offer by die fees van die Pasga<sup>h</sup> mag nie tot die oggend oorstaan nie.\*

<sup>26</sup> \*Die keur van die eerste vrugte van jou grond moet jy na die huis van die HERE jou God bring.

Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”

<sup>27</sup> Die HERE het toe vir Moses gesê: “Skryf jy hierdie woorde neer, want in ooreenstemming met hierdie woorde het Ek met jou en met Israel 'n verbond gesluit.”

---

<sup>f</sup>**34:22 Fees ... Insameling:** Ook genoem die •Huttefees. Dit was 'n sewedaagse oesfees wat op 15-22 •Tisri, die sewende maand, ook genoem •Etanim, gevier is; Lev 23:34-36; Deut 16:13-14; •Feeste.

<sup>g</sup>**34:22 wending ... jaar:** Dit verwys na die einde van die landboujaar in die herfs van die noordelike halfrond.

\***34:23 Eks 23:14,17**

\***34:24 Omdat ... verdryf:** Eks 33:2; Ps 78:55

\***34:24 grondgebied sal vergroot:** Deut 12:20; 19:8

\***34:25 Jy ... is nie:** Eks 23:18

<sup>h</sup>**34:25 Pasga:** Die fees wanneer elke gesin in Israel 'n lam moes slag en dit moes eet saam met bitter kruie en ongesuurde brood. Hulle moes die fees vier op 14 •Abib of •Nisan, soos die maand later genoem is, tydens die volmaannag in Maart-April; •Feeste.

\***34:25 die offer ... oorstaan nie:** Eks 12:10

\***34:26 Eks 23:19**

<sup>28</sup> \*Hy was daar by die HERE veertig dae en veertig nagte lank. Brood het hy nie geëet nie en water het hy nie gedrink nie.\* Hy<sup>i</sup> het op die kliptafels die woorde van die verbond, die Tien Gebooie,<sup>j</sup> geskryf. \*

<sup>29</sup> \*Toe Moses van die berg Sinai afkom — die twee kliptafels met die Getuienis<sup>k</sup> was in Moses se hand toe hy van die berg afkom — het Moses nie geweet dat die vel van sy gesig stralend was<sup>l</sup> omdat hy met God gepraat het nie. <sup>30</sup> Toe Aäron en al die Israëliete Moses sien, was die vel van sy gesig stralend! Hulle was toe te bang om naby hom te kom. <sup>31</sup> Maar Moses het na hulle geroep, en Aäron en al die leiers<sup>m</sup> in die volksvergadering<sup>n</sup> het teruggedraai na hom, en toe het Moses met hulle gepraat. <sup>32</sup> \*Daarna het al die Israëliete ook nadergekom, en hy het hulle alles beveel wat die HERE vir hom op die berg Sinai gesê het.

<sup>33</sup> \*Toe Moses klaar met hulle gepraat het, het hy 'n sluier oor sy gesig getrek. <sup>34</sup> Maar wanneer Moses in die HERE se teenwoordigheid kom om met hom te praat, verwyder hy die sluier totdat hy weer uitkom. As hy

---

\***34:28** Matt 4:2; Joh 1:17

\***34:28** Hy ... gedrink nie: Eks 24:18; Deut 9:9,18

<sup>i</sup>**34:28** Hy: Dit kan na Moses of na die HERE verwys.

<sup>j</sup>**34:28** Tien Gebooie: Letterlik 'tien woorde' of 'tien sake'.

\***34:28** Hy het ... geskryf: Deut 4:13; 9:10

\***34:29-30** Eks 32:15; 2 Kor 3:7,10

<sup>k</sup>**34:29** die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>l</sup>**34:29** stralend was: In Hebreeus hou die woord “stralend” verband met die woord “horing”. Die Griekse vertaling van •Akwila en die •Vulgaat het dit vertaal asof Moses horings gehad het.

<sup>m</sup>**34:31** leiers: In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

<sup>n</sup>**34:31** volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

\***34:32** Eks 24:3

\***34:33-35** 2 Kor 3:13-18

dan uitkom en vir die Israëliete sê watter opdragte hy ontvang het, <sup>35</sup> en die Israëliete Moses se gesig sien, dat die vel van sy gesig stralend is, trek hy weer die sluier oor sy gesig totdat hy ingaan om met die HERE<sup>o</sup> te praat.

## 35

### Reëlings vir die Sabbat

<sup>1</sup> Moses het die hele volksvergadering<sup>p</sup> van die Israëliete byeen laat kom en vir hulle gesê: “Dit is die sake wat die HERE julle beveel het om te doen. <sup>2</sup> \*Vir ses dae kan werk gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle heilig wees, 'n buitengewone Sabbat,<sup>q</sup> tot eer van die HERE. Elkeen wat werk doen op dié dag, moet doodgemaak word. <sup>3</sup> \*Julle mag nie op die Sabbatdag 'n vuur aansteek in enige van julle woonplekke nie.”

### Bydraes van die volk vir die tabernakel

<sup>4</sup> \*Moses het vir die hele volksvergadering van die Israëliete gesê: “Dit is die opdrag wat die HERE gegee het, <sup>5</sup> ‘Neem van wat julle het, 'n

---

<sup>o</sup>34:35 die HERE: Die bronteks lui “Hy”.

<sup>p</sup>35:1 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

\*35:2 Eks 20:9; Lev 23:3

<sup>q</sup>35:2 buitengewone Sabbat: Letterlik ‘Sabbat van Sabbatsviering’. Dit was 'n dag van volkome rus wat op 'n besondere wyse gevier is deur die streng nakoming van voorskrifte; vgl Eks 16:23; 31:15.

\*35:3 Eks 16:23

\*35:4-9 Eks 25:2-7

wydingsgeskenk<sup>r</sup> vir die HERE. Elkeen wie se hart gewillig is, moet dit bring — 'n wydingsgeskenk vir die HERE: goud, silwer en brons; <sup>6</sup> pers, purperrooi en karmosynrooi wol, fyn linnedraad en bokhaar; <sup>7</sup> rooi gekleurde ramsvelle, sagte leer<sup>s</sup> en doringhout; <sup>8</sup> olie vir die kandelaar, <sup>t</sup> speserye vir die salfolie en vir die geurige reukwerk; <sup>9</sup> oniksstene en edelstene as monterings vir die efod<sup>u</sup> en die borstas. <sup>10</sup> \*Laat elkeen onder julle wat vaardig is, kom en alles maak wat die HERE beveel het: <sup>11</sup> die •tabernakel, die tent, die bedekking, die hakies, die planke, die dwarshoute, die staanders en die voetstukke daarvan; <sup>12</sup> die ark en sy draaghoute, die versoendeksel,<sup>v</sup> die Voorhangsel<sup>w</sup> wat dien as gordyn; <sup>13</sup> die tafel met sy draaghoute en al sy toebehore, en die vertoonbrode;<sup>x</sup> <sup>14</sup> die menora<sup>y</sup> vir lig, met sy toebehore en sy lampe, en die olie vir die

---

<sup>r</sup>**35:5 wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

<sup>s</sup>**35:7 sagte leer:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “robbevelle”.

<sup>t</sup>**35:8 die kandelaar:** Letterlik ‘die lig’.

<sup>u</sup>**35:9 efod:** 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het; vgl Eks 28:4-6.

<sup>\*</sup>**35:10-19** Eks 31:6-11; 39:33-41

<sup>v</sup>**35:12 versoendeksel:** Die goue deksel van die •verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

<sup>w</sup>**35:12 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

<sup>x</sup>**35:13 vertoonbrode:** Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die •tempel uitgestal is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Eks 25:23-30.

<sup>y</sup>**35:14 menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die tabernakel en later ook die tempel gestaan het.

lig; <sup>15</sup> die reukofferaltaar en sy draaghoute, die salfolie en die geurige reukwerk, en die toegangsgordyn by die ingang van die tabernakel; <sup>16</sup> die brandofferaltaar met sy traliewerk van brons, die draaghoute en al sy toebehore, die waskom en sy voetstuk; <sup>17</sup> die behangsels vir die binneplein, die staanders en die voetstukke, en die gordyn vir die ingang van die binneplein; <sup>18</sup> die tentpenne van die tabernakel en die tentpenne van die binneplein met hulle toue; <sup>19</sup> die geweefde klere<sup>z</sup> om in die heiligdom dienswerk te doen, dit is die heilige klere vir Aäron, die priester, en die klere vir sy seuns vir die priesterdiens.’ ”

<sup>20</sup> Die hele volksvergadering<sup>a</sup> van die Israeliete het van Moses af weggegaan. <sup>21</sup> \*Elkeen wie se hart hom daartoe gebring het, en elkeen wie se gees hom daartoe aangespoor het, het gekom, en hulle het vir die HERE 'n wydingsgeskenk<sup>b</sup> gebring vir die werk aan die Tent van Ontmoeting<sup>c</sup> en vir al die dienswerk daaraan verbonde, en vir die heilige klere. <sup>22</sup> Hulle het gekom, die mans sowel as die vroue, almal wie se harte daartoe bereid was. Hulle het borsspelde, oorbelle, ringe en halskettings, allerlei goue voorwerpe, gebring — elkeen wat 'n gewyde gawe van goud vir die HERE wou aanbied. <sup>23</sup> \*Elkeen wat in besit was van pers, purperrooi en karmosynrooi wol, fyn linnedraad en bokhaar, rooi gekleurde ramsvelle en sagte leer, het dit gebring. <sup>24</sup> Elkeen wat 'n wydingsgeskenk van silwer en brons wou aanbied, het 'n wydingsgeskenk vir die HERE gebring; en elkeen wat in besit was van

---

<sup>z</sup>**35:19 geweefde klere:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Word ook vertaal “ampsdrag”.

<sup>a</sup>**35:20 volksvergadering:** Vgl voetnoot by Eks 35:1.

\***35:21** Eks 36:2

<sup>b</sup>**35:21 wydingsgeskenk:** Vgl voetnoot by Eks 35:5.

<sup>c</sup>**35:21 Tent van Ontmoeting:** 'n Ander naam vir tabernakel.

\***35:23** Eks 25:4-5; 26:1,31,36; 28:5; 39:1

doringhout wat vir enige werk gebruik kon word, het dit gebring.

<sup>25</sup> Elke vrou wat vaardig was, het met haar twee hande spinwerk gedoen en het pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn linnedraad gebring.

<sup>26</sup> Al die vroue wie se harte hulle daartoe beweeg het en wat oor die nodige vaardigheid beskik het, het die bokhaar<sup>d</sup> gespin. <sup>27</sup> Die leiers<sup>e</sup> het oniksstene en ander edelstene vir die monterings op die efod<sup>f</sup> en die borstas gebring, <sup>28</sup> en speserye en olie vir die lig, die salfolie en die geurige reukwerk. <sup>29</sup> So het die Israëliete dit as 'n vrywillige offer vir die HERE gebring, elke man en vrou wie se harte hulle daartoe aangespoor het om iets te bring vir al die werk wat die HERE by monde van Moses beveel het.

<sup>30</sup> \*Moses het vir die Israëliete gesê: “Kyk, die HERE het Besaleël, seun van Uri, seun van Gur, van die stam van Juda, by die naam aangewys. <sup>31</sup> Hy het hom met die Gees van God vervul<sup>g</sup> — met wysheid, met insig en met kennis en al die nodige vakmanskap — <sup>32</sup> om vindingryke planne te beraam vir die werk met goud, silwer en brons; <sup>33</sup> en vir die bewerking van edelstene vir monterings, en die bewerking van hout — om dit vindingryk te doen met al die nodige vakmanskap. <sup>34</sup> En die HERE het dit ook in sy hart gegee om te onderrig. Hy en Oholiab, seun van Agisamag, van die stam van Dan — <sup>35</sup> die HERE<sup>h</sup> het hulle vervul met die kundigheid om al die werk van 'n vakman te doen: dié van 'n ontwerper, 'n borduurder met pers, purperrooi en karmosynrooi wol en

---

<sup>d</sup>**35:26 bokhaar:** Die bokhaar was swart en is gewoonlik gebruik by die maak van tente; vgl Hoogl 1:5.

<sup>e</sup>**35:27 leiers:** In Hebreeus *nasi*. Dit verwys dikwels na 'n verkose leier.

<sup>f</sup>**35:27 efod:** Vgl voetnoot by Eks 35:9.

<sup>\*</sup>**35:30 — 36:1** Eks 31:1-11

<sup>g</sup>**35:31 met ... vervul:** Dit beteken ‘met besondere gawes toegerus’.

<sup>h</sup>**35:35 HERE:** Die bronteks lui “Hy”.

fyn linnedraad, en dié van 'n wewer — mense wat al die werk kan doen en vindingryke planne kan beraam.”

## 36

<sup>1</sup> \* “Besaleël, Oholiab en elke vaardige persoon vir wie die HERE wysheid gegee het, en ook die insig om te verstaan hoe om al die werk aan die oprigting van die heiligdom te verrig, moet dit doen in ooreenstemming met alles wat die HERE beveel het.”

<sup>2</sup> Moses het Besaleël en Oholiab toe ontbied, en ook elke vaardige persoon in wie se hart die HERE wysheid gegee het, elkeen wie se hart hom daartoe gebring het om aan te meld vir die uitvoering van die taak. <sup>3</sup> Om dit te kan doen, het hulle elke wydingsgeskenk<sup>i</sup> wat die Israeliete gebring het vir die werk aan die oprigting van die heiligdom van Moses ontvang. Die Israeliete het steeds elke oggend vrywillige offers vir hom gebring. <sup>4</sup> Al dié wat vaardig is en wat besig was met die werk aan die heiligdom, elkeen wat met 'n eie taak belas was, het gekom <sup>5</sup> en vir Moses kom sê: “Die volk bring nou meer as wat nodig is vir die uitvoering van die werk wat die HERE hulle beveel het om te doen.”\*

<sup>6</sup> Moses het toe opdrag gegee en hulle het 'n boodskap deur die hele kamp gestuur: “Geen man of vrou moet verder werk aan

---

\*36:1-2 Eks 31:1-11

<sup>i</sup>36:3 **wydingsgeskenk:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

\*36:5 **Die ... doen:** Vgl 2 Kron 31:10; 2 Kor 8:2-3



wydingsgeskenke<sup>j</sup> vir die heiligdom nie.” Die volk het toe opgehou om te bring, <sup>7</sup> en die bydrae wat hulle gemaak het, was genoeg om al die werk te doen — daar het selfs oorgebly.

### Oprigting van die tabernakel

<sup>8</sup>\* Al die vaardiges onder dié wat die werk gedoen het, het die •tabernakel met tien tentdoeke van fyn dubbeldraadlinne en pers, purperrooi en karmosynrooi wol gemaak, met gerubs<sup>k</sup> daarop — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>9</sup> Die lengte van elke tentdoek was agt-en-twintig el en die breedte van elke tentdoek vier el.<sup>1</sup> Al die tentdoeke het dieselfde afmetings gehad. <sup>10</sup> Hy<sup>m</sup> het vyf van die tentdoeke aan mekaar vasgewerk, en so ook die ander vyf tentdoeke. <sup>11</sup> Hy het op die een stel, op die soom van die een tentdoek, al langs die kant, lussies van pers wol aangebring. Op dieselfde manier het hy ook op die tweede stel, op die soom van die buitenste tentdoek, lussies aangebring. <sup>12</sup> Hy het vyftig lussies op die een tentdoek aangebring, en vyftig lussies op die kant van die tentdoek van die tweede stel. Die lussies was regoor mekaar. <sup>13</sup> Hy het vyftig goue hakies gemaak, en die tentdoeke met die hakies aan mekaar vasgemaak, sodat die tabernakel een geheel gevorm het.

---

<sup>j</sup>**36:6 wydingsgeskenke:** Enige gawe wat aan die HERE afgestaan is, en kon bestaan uit goud of ander metale, landbouprodukte en voedsel. Goud en ander metale het deel geword van die tempelskat, en landbou- en voedselprodukte het in die lewensonderhoud van priesterlike families voorsien.

\***36:8-38** Eks 26:1-37

<sup>k</sup>**36:8 gerubs:** Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

<sup>l</sup>**36:9 28 ... 4 el:** Ongeveer 12,6 x 1,8 m; •Lengtemate.

<sup>m</sup>**36:10 Hy:** Dit verwys waarskynlik na Besaleël.

<sup>14</sup> Hy het ook tentdoeke van bokhaar gemaak om te dien as 'n tent oor die tabernakel. Elf van hierdie tentdoeke het hy daarvoor gemaak.

<sup>15</sup> Elke tentdoek was dertig el lank en vier el<sup>n</sup> breed. Die elf tentdoeke het dieselfde afmetings gehad. <sup>16</sup> Hy het vyf tentdoeke aan mekaar vasgewerk om 'n eenheid te vorm, en so ook die ander ses tentdoeke.

<sup>17</sup> Hy het vyftig lussies op die soom van die buitenste tentdoek in die een stel aangebring, en vyftig lussies op die soom van die tweede stel tentdoeke. <sup>18</sup> Hy het vyftig bronshakies gemaak om die dele van die tent saam te heg, sodat dit een geheel vorm. <sup>19</sup> Hy het vir die tent 'n bedekking van rooi gekleurde ramsvelle gemaak, en nog 'n bedekking van sagte leer<sup>o</sup> bo-oor.

<sup>20</sup> Hy het vir die tabernakel planke van doringhout gemaak wat regop staan. <sup>21</sup> Elke plank was tien el lank, en een en 'n half el<sup>p</sup> breed. <sup>22</sup> Daar was twee tappe in elke plank waarmee hulle teen mekaar geplaas is. So het hy met al die planke van die tabernakel gemaak. <sup>23</sup> Hy het vir die suidekant van die tabernakel twintig planke<sup>q</sup> gemaak, <sup>24</sup> en hy het veertig silwervoetstukke onder die twintig planke aangebring — twee voetstukke onder een plank vir sy twee tappe, en twee voetstukke onder die ander plank vir sy twee tappe. <sup>25</sup> Vir die ander sykant, aan die noordekant van die tabernakel, het hy twintig planke gemaak <sup>26</sup> met hulle veertig silwervoetstukke — twee voetstukke onder elk van die planke. <sup>27</sup> Vir die agterkant van die tabernakel, aan die westekant, het hy ses planke gemaak. <sup>28</sup> Hy het twee planke vir elk van die twee agterste hoeke van die tabernakel gemaak. <sup>29</sup> Hulle het van onder af

---

<sup>n</sup>36:15 30 ... 4 el: Ongeveer 13,5 x 1,8 m.

<sup>o</sup>36:19 sagte leer: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “robbevelle”.

<sup>p</sup>36:21 10 ... 1½ el: Ongeveer 4,5 x 0,7 m.

<sup>q</sup>36:23 20 planke: Dit beteken dat die •tabernakel 30 el lank was; ongeveer 13,5 m.

teen mekaar gepas, en 'n hegte eenheid gevorm tot bo by die een ring.<sup>r</sup> So het hy met al twee planke by die twee agterste hoeke gemaak.

<sup>30</sup> Daar was agt sulke hoekplanke met hulle silwervoetstukke, dit is sestien voetstukke — twee voetstukke onder elk van die hoekplanke.

<sup>31</sup> Hy het ook dwarshoute van doringhout gemaak, vyf rye vir die planke aan die een sykant van die tabernakel, <sup>32</sup> en vyf rye dwarshoute vir die planke aan die ander sykant van die tabernakel, asook vyf rye dwarshoute vir die planke aan die agterkant van die tabernakel, aan die westekant. <sup>33</sup> Hy het die middelste ry dwarshoute gemaak om in die middel van die planke deur te loop — van die een kant na die ander kant.

<sup>34</sup> Die planke het hy met goud oorgetrek, en die ringe van die planke, wat die dwarshoute dra, het hy van goud gemaak. Hy het die dwarshoute ook met goud oorgetrek.

<sup>35</sup> Hy het die Voorhangsel<sup>s</sup> met pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne gemaak, met gerubs daarop — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>36</sup> Hy het vier staanders van doringhout daarvoor gemaak en dit met goud oorgetrek; hulle hakies was van goud en hy het vir hulle vier silwervoetstukke gegiet. <sup>37</sup> Hy het ook vir die ingang van die tent 'n gordyn, met pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne gemaak — met die kundigheid van 'n borduurder — <sup>38</sup> asook die bypassende vyf staanders met hulle hakies. Hy het die bopunte van die staanders met goud oorgetrek. Hulle hegplekke was van goud en hulle vyf voetstukke was van brons.

---

<sup>r</sup>**36:29 een ring:** Dit verwys na een van die ringe wat in Eks 26:29 ter sprake is.

<sup>s</sup>**36:35 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

### Verbondsark

<sup>1</sup> \*Besaleël het die ark van doringhout gemaak, twee en 'n halwe el lank, een en 'n halwe el breed en een en 'n halwe el<sup>t</sup> hoog. <sup>2</sup> Hy het dit met suiwer goud oorgetrek, aan die binnekant en aan die buitekant, en hy het reg rondom 'n goue rand aangebring. <sup>3</sup> Hy het vir die ark vier goue ringe aan die vier pote gegiet, twee ringe aan die een kant en twee aan die ander kant. <sup>4</sup> Hy het draaghoute van doringhout gemaak en dit met goud oorgetrek. <sup>5</sup> Hy het die draaghoute deur die ringe aan die kante van die ark gesteek om die ark daarmee te dra. <sup>6</sup> Hy het 'n versoendeksel<sup>u</sup> van suiwer goud gemaak, twee en 'n halwe el lank en een en 'n halwe el breed. <sup>7</sup> Hy het twee gerubs<sup>v</sup> van goud gemaak; met pletwerk het hy hulle gemaak, op die twee punte van die versoendeksel, <sup>8</sup> een gerub op die een punt en een gerub op die ander punt. As 'n deel van die versoendeksel het hy die gerubs op die twee punte gemaak. <sup>9</sup> Die gerubs is so gemaak dat hulle, met hulle vlerke oopgesprei na bo, die versoendeksel met hulle vlerke beskut het. Met hulle gesigte na mekaar, het die gerubs na die versoendeksel gekyk.

---

\*37:1-9 Eks 25:10-22

<sup>t</sup>37:1 2½ ... 1½ el: Ongeveer 1,1 x 0,7 x 0,7 m; •Lengtemate.

<sup>u</sup>37:6 versoendeksel: Die goue deksel van die verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

<sup>v</sup>37:7 gerubs: Hemelse wesens met vlerke. In voorstellings van gerubs wat tydens opgrawings gevind is, word hulle uitgebeeld met die lyf van 'n dier, die gesig van 'n mens en uitgespreide vlerke. Op die •verbondsark was daar twee gerubs wat die basis van God se troon vorm.

## Tafel vir die vertoonbrode

<sup>10</sup> \*Hy het ook die tafel van doringhout gemaak, twee el lank, een el breed en een en 'n halwe el<sup>w</sup> hoog. <sup>11</sup> Hy het dit met suiwer goud oorgetrek en reg rondom 'n goue rand aangebring. <sup>12</sup> Hy het 'n strook van een handbreedte reg rondom<sup>x</sup> gemaak en 'n goue randversiering reg rondom op die strook aangebring. <sup>13</sup> Hy het vier goue ringe daarvoor gegiet en die ringe toe aan die vier hoeke van die vier pote vasgesit. <sup>14</sup> Die ringe was naby die strook, as houers vir die draaghoute om die tafel mee te dra. <sup>15</sup> Hy het die draaghoute om die tafel mee te dra, van doringhout gemaak en dit met goud oorgetrek. <sup>16</sup> Hy het die toebehore wat op die tafel moet wees, gemaak: die skottels, bakke, komme en bekere waarmee drankoffers uitgegiet word. Dit was van suiwer goud.

## Kandelaar

<sup>17</sup> \*Hy het die menora<sup>y</sup> van suiwer goud gemaak. Met pletwerk het hy die menora — dit is sy voetstuk en sy staander — gemaak. Die kelke, blomknoppe en blomme was deel daarvan. <sup>18</sup> Ses arms het uit die kante vertak — drie arms van die menora uit die een kant en drie arms van die menora uit die ander kant. <sup>19</sup> Daar was drie kelke, gevorm soos amandelbloeisels, met 'n blomknop en blom op een arm, en drie kelke, gevorm soos amandelbloeisels, met 'n blomknop en blom op elke volgende arm. So was daar kelke<sup>z</sup> aan die ses arms wat uit die staander

---

\*37:10-16 Eks 25:23-29

<sup>w</sup>37:10 2 ... 1½ el: Ongeveer 0,9 x 0,45 x 0,7 m; •Lengtemate.

<sup>x</sup>37:12 'n strook ... rondom: Daar is onsekerheid oor die posisie van die strook om die tafel.

\*37:17-24 Eks 25:31-40

<sup>y</sup>37:17 menora: Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die •tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.

<sup>z</sup>37:19 kelke: Hierdie woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

vertak. <sup>20</sup> Op die staander self was daar vier kelke, gevorm soos amandelbloeisels, met hulle blomknoppe en blomme. <sup>21</sup> Vir die ses arms wat uit die staander vertak, was daar 'n blomknop onder aan die eerste twee arms, 'n blomknop onder aan die tweede twee arms, en 'n blomknop onder aan die derde twee arms. <sup>22</sup> Die blomknoppe en arms was 'n deel van die staander, in sy geheel geplet uit suiwer goud. <sup>23</sup> Hy het sewe lampe daarvoor gemaak. Die snuiters en bakkies daarvan was van suiwer goud. <sup>24</sup> Van 'n kikkar<sup>a</sup> suiwer goud het hy dit, en ook al die toebehore daarvan, gemaak.

### **Reukofferaltaar, salfolie en reukwerk**

<sup>25</sup> \*Hy het die reukofferaltaar van doringhout gemaak. Dit was 'n el lank en 'n el breed. Dit was vierkantig, en twee el<sup>b</sup> hoog. Die horings was deel daarvan. <sup>26</sup> Hy het dit met suiwer goud oorgetrek — die bokant, die kante reg rondom, en die horings. Hy het reg rondom 'n goue rand daarvoor gemaak. <sup>27</sup> Twee goue ringe het hy daarvoor gemaak, onder die rand, weerskante aan die twee sykante, as houers vir die draaghoute, om dit daarmee te dra. <sup>28</sup> Hy het draaghoute van doringhout gemaak en dit met goud oorgetrek.

<sup>29</sup> \*Hy het ook die heilige salfolie en die suiwer geurige reukwerk gemaak — met die kundigheid van 'n salfmenger.

## **38**

### **Brandofferaltaar en waskom**

<sup>1</sup> \*Hy het die brandofferaltaar van doringhout gemaak, vyf el lank en

---

<sup>a</sup>**37:24** 'n kikkar: Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

\***37:25-28** Eks 30:1-5

<sup>b</sup>**37:25** 'n el ... 2 el: Ongeveer 0,45 x 0,45 x 0,9 m; •Lengtemate.

\***37:29** Eks 30:22-38

\***38:1-7** Eks 27:1-8

vyf el breed; dit was vierkantig, en drie el<sup>c</sup> hoog. <sup>2</sup> Hy het die horings daarvan op die vier hoeke gemaak. Die horings was deel daarvan, en hy het die altaar met brons oorgetrek. <sup>3</sup> Hy het al die toebehore van die altaar gemaak, die houers, skoppies,<sup>d</sup> offerbakke,<sup>e</sup> vurke en vuurpanne. Al die toebehore het hy van brons gemaak. <sup>4</sup> Hy het vir die altaar 'n traliewerk gemaak, 'n maaswerk van brons, onder die rand, met die onderkant daarvan tot by die helfte van die altaar.<sup>f</sup> <sup>5</sup> Hy het vier ringe aan die vier hoeke van die bronstraliewerk gegiet as houers vir die draaghoute. <sup>6</sup> Hy het die draaghoute van doringhout gemaak en dit met brons oorgetrek. <sup>7</sup> Hy het die draaghoute deur die ringe aan die kante van die altaar gestee om dit daarmee te dra. Hy het die altaar<sup>g</sup> van planke gemaak, hol aan die binnekant.<sup>h</sup>

<sup>8</sup> \*Hy het die bronswaskom en sy bronsvoetstuk gemaak van die spieëls<sup>i</sup> van die vroue wat aan diens was<sup>j</sup> by die ingang van die Tent van Ontmoeting.<sup>k</sup>

---

<sup>c</sup>**38:1 5 ... 3 el:** Ongeveer 2,25 x 2,25 x 1,3 m; •Lengtemate.

<sup>d</sup>**38:3 skoppies:** Dit is gebruik om die altaar mee skoon te maak.

<sup>e</sup>**38:3 offerbakke:** Houers wat in die •tabernakel en •tempel gebruik is vir •drankoffers.

<sup>f</sup>**38:4 van die altaar:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>g</sup>**38:7 die altaar:** Die bronteks lui “dit”.

<sup>h</sup>**38:7 aan die binnekant:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>\*</sup>**38:8** Eks 30:17-21

<sup>i</sup>**38:8 spieëls:** Hierdie spieëls is van gepoleerde brons gemaak.

<sup>j</sup>**38:8 aan diens was:** Die Hebreeuse woord dui aan dat die vroue in georganiseerde groepe diens gedoen het. Daar is onsekerheid oor die aard van hulle werk.

<sup>k</sup>**38:8 ingang ... Ontmoeting:** Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting; vgl Eks 26:36-37.

## Binneplein

<sup>9</sup> \*Hy het ook die binneplein gemaak. Aan die suidekant was die behangsels vir die binneplein van fyn dubbeldraadlinne, 'n honderd el<sup>l</sup> lank. <sup>10</sup> Daar was twintig standers met hulle twintig bronsvoetstukke, maar die hakies van die standers en hulle hegplekke was van silwer. <sup>11</sup> Aan die noordekant, oor 'n lengte van honderd el, was daar twintig standers met hulle bronsvoetstukke, en die hakies en die hegplekke van die standers was van silwer. <sup>12</sup> Aan die westekant was daar vyftig el<sup>m</sup> behangsels, tien standers met hulle tien voetstukke en die hakies van die standers, en hulle hegplekke was van silwer. <sup>13</sup> Aan die oostekant was dit vyftig el wyd. <sup>14</sup> Die behangsels langs die ingang<sup>n</sup> was vyftien el,<sup>o</sup> met drie standers en hulle drie voetstukke — <sup>15</sup> so ook langs die ander kant. So was daar aan elke kant van die ingang na die binneplein behangsels van vyftien el, met drie standers en drie voetstukke. <sup>16</sup> Al die behangsels rondom die binneplein was van fyn dubbeldraadlinne. <sup>17</sup> Die voetstukke van die standers was van brons, die hakies en hegplekke van die standers was van silwer, die plaatwerk aan die bopunte was van silwer. Die standers<sup>p</sup> is van silwer hegplekke voorsien, al die standers van die binneplein. <sup>18</sup> Die gordyn by die ingang van die binneplein is van pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne gemaak

---

\*38:9-20 Eks 27:9-19

<sup>l</sup>38:9 100 el: Ongeveer 45 m; •Lengtemate.

<sup>m</sup>38:12 50 el: Ongeveer 22,5 m.

<sup>n</sup>38:14 die ingang: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>o</sup>38:14 15 el: Ongeveer 6,8 m.

<sup>p</sup>38:17 Die standers: Die bronteks lui “hulle”.



— met die kundigheid van 'n borduurder. Dit was twintig el lank en die hoogte oor die volle breedte was vyf el,<sup>q</sup> in ooreenstemming met die behangsels van die binneplein. <sup>19</sup> Die vier standers en vier voetstukke was van brons. Hulle hakies was van silwer, en die plaatwerk aan die bopunte en hulle hegplekke was van silwer. <sup>20</sup> Al die tentpenne rondom die •tabernakel en die binneplein was van brons.

### **Inventaris van metale vir die tabernakel**

<sup>21</sup> Dít is die inventaris van die tabernakel — die tabernakel met die Getuienis<sup>r</sup> — wat in opdrag van Moses opgestel is deur die Leviete onder leiding van Itamar,<sup>\*</sup> seun van Aäron, die priester. <sup>22</sup> Besaleël,<sup>\*</sup> seun van Uri, seun van Gur, van die stam van Juda, het alles gemaak wat die HERE Moses beveel het. <sup>23</sup> Saam met hom was Oholiab,<sup>\*</sup> seun van Agisamag, van die stam van Dan, 'n vakman en ontwerper, 'n borduurder van pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn linnedraad.

<sup>24</sup> Al die goud wat vir die werk gebruik is by al die werk aan die heiligdom — dit was die goud van die gewyde gawes<sup>\*</sup> — was 29 kikkars<sup>s</sup> en 730 sikkels,<sup>t</sup> volgens die standaardgewig van die heiligdom.<sup>u</sup>

---

<sup>q</sup>38:18 20 ... 5 el: Ongeveer 9 x 2,25 m.

<sup>r</sup>38:21 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>\*</sup>38:21 Itamar: Eks 6:22; 28:1; Num 4:28,33

<sup>\*</sup>38:22 Besaleël: Eks 31:2; 35:30-35

<sup>\*</sup>38:23 Oholiab: Eks 31:6

<sup>\*</sup>38:24 Al ... gewyde gawes: Eks 35:22

<sup>s</sup>38:24 29 kikkars: Ongeveer 991,8 kg; •Geldeenhede.

<sup>t</sup>38:24 730 sikkels: Ongeveer 8,3 kg.

<sup>u</sup>38:24 volgens ... heiligdom: Die “standaardgewig van die heiligdom” verwys waarskynlik na die gewone maat wat in die heiligdom gehou is as standaard; •Geldeenhede; vgl Lev 27:25.

<sup>25</sup> Die silwer van die geteldes van die volksvergadering<sup>v\*</sup> was 100 kikkar<sup>w</sup> en 1 775 sikkkel,<sup>x</sup> volgens die standaardgewig van die heiligdom. <sup>26</sup> \*Dit was 'n beka<sup>y</sup> per kop, 'n halvesikkkel volgens die standaardgewig van die heiligdom, vir elkeen vanaf twintig jaar en ouer wat getel is,<sup>z</sup> altesaam 603 550 man. \* <sup>27</sup> \*Die 100 kikkar silwer was vir die giet van die voetstukke van die heiligdom en die voetstukke van die Voorhangsel<sup>a</sup> — 100 voetstukke van die 100 kikkar, 'n kikkar<sup>b</sup> per voetstuk. <sup>28</sup> Van die 1 775 sikkkel het hy hakies vir die standers gemaak, hulle bopunte bedek en van hegplekke voorsien.

<sup>29</sup> Die brons van die gewyde gawes was 70 kikkar<sup>c</sup> en 2 400 sikkkel.<sup>d</sup>  
<sup>30</sup> Hy het daarmee die voetstukke vir die ingang van die Tent van Ontmoeting<sup>e</sup> gemaak, die bronsaltaar<sup>f</sup> met sy bronstraliewerk<sup>\*</sup> en

---

<sup>v</sup>**38:25 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

<sup>\*</sup>**38:25 geteldes ... volksvergadering:** Eks 30:11-16

<sup>w</sup>**38:25 100 kikkar:** Ongeveer 3 420 kg.

<sup>x</sup>**38:25 1 775 sikkkel:** Ongeveer 20,2 kg.

<sup>\*</sup>**38:26** Matt 17:24

<sup>y</sup>**38:26 beka:** 1 beka was dieselfde gewig as 'n ½ sikkkel, ongeveer 5,7 g.

<sup>z</sup>**38:26 getel is:** Letterlik 'oorgegaan het na die geteldes'.

<sup>\*</sup>**38:26 altesaam ... man:** Num 1:44-46

<sup>\*</sup>**38:27** Eks 26:19,21,25,32

<sup>a</sup>**38:27 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

<sup>b</sup>**38:27 'n kikkar:** Ongeveer 34,2 kg.

<sup>c</sup>**38:29 70 kikkar:** Ongeveer 2 400 kg.

<sup>d</sup>**38:29 2 400 sikkkel:** Ongeveer 27,4 kg.

<sup>e</sup>**38:30 ingang ... Ontmoeting:** Vgl voetnoot by Eks 38:8.

<sup>f</sup>**38:30 bronsaltaar:** Dit is die brandofferaltaar; vgl Eks 27:1-8; 30:1.

<sup>\*</sup>**38:30 bronsaltaar ... bronstraliewerk:** Eks 27:2-4

al die toebehore van die altaar, <sup>31</sup> die voetstukke rondom die binneplein en die voetstukke by die ingang van die binneplein, asook al die tentpenne van die tabernakel en al die tentpenne rondom die binneplein.

## 39

### Kleredrag van die priesters

<sup>1</sup> \*Van die pers, purperrooi en karmosynrooi\* wol het hulle die geweefde klere<sup>g</sup> maak vir dienswerk in die heiligdom. Hulle het die heilige klere vir Aäron maak, soos die HERE Moses beveel het.<sup>h</sup>

<sup>2</sup> Hy<sup>i</sup> het die efod<sup>j</sup> maak van gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne. <sup>3</sup> Hulle het die goud in dun plate uitgeklop en daarvan draadjies gesny om dit in die pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn linne in te werk — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>4</sup> Hulle het vir die efod skouerbande maak wat daaraan vasgeheg is, en by die twee hoeke vasgewerk is, <sup>5</sup> en ook sy versierde gordel wat daaroor kom, wat 'n deel daarvan is en op dieselfde manier as die efod maak is van gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne, soos die HERE Moses beveel het.

---

\*39:1-31 Eks 28:1-43

\*39:1 pers ... karmosynrooi: Eks 25:4-5; 26:1,31,36; 28:5; 35:23

<sup>g</sup>39:1 geweefde klere: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “ampsdrag”.

<sup>h</sup>39:1 soos ... beveel het: Hierdie woorde word sewe keer herhaal om die stappe in die maak van die priesterklere aan te dui; vgl Eks 39:5,7,21,26,29,31. Dit kom ooreen met die struktuur van die sewe dae van die skeppingsverhaal; vgl Gen 1:1 — 2:4.

<sup>i</sup>39:2 Hy: Dit verwys waarskynlik na Besaleël.

<sup>j</sup>39:2 efod: 'n Soort harnas of voorskoot wat gebruik is wanneer 'n priester God geraadpleeg het; vgl Eks 28:4-6.

<sup>6</sup> Hulle het die oniksstene vasgesit, omring met monterings van gouddraad, en gegraveer met die gravering van 'n seëlring daarop, ooreenkomstig die name van die seuns van Israel. <sup>7</sup> Hy<sup>k</sup> het dit op die skouerbande van die efod vasgesit as stene ter herinnering aan die seuns van Israel, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>8</sup> Hy het die borstas met gouddraad, pers, purperrooi en karmosynrooi wol en fyn dubbeldraadlinne op dieselfde manier as die efod gemaak — met die kundigheid van 'n vakman. <sup>9</sup> Vierkantig gevou het hulle die borstas gemaak. Dit was 'n span<sup>l</sup> lank en 'n span breed gevou. <sup>10</sup> Hulle het daarop vier rye edelstene gemonteer: 'n rooi kornalyn, 'n topaas en 'n smarag in die eerste ry; <sup>11</sup> in die tweede ry 'n malagiet, 'n saffier en 'n akwamaryn; <sup>12</sup> in die derde ry 'n barnsteen, 'n agaat en 'n ametis; <sup>13</sup> en in die vierde ry 'n turkoois, 'n oniks en 'n jaspis<sup>m</sup> — omring met monterings van gouddraad toe dit vasgesit is. <sup>14</sup> Die stene was gerangskik volgens die name van die seuns van Israel — twaalf, in ooreenstemming met hulle name. Met gravering soos op 'n seëlring het elke steen sy naam gekry, in ooreenstemming met die twaalf stamme. <sup>15</sup> Hulle het aan die borstas kettinkies gesit van suiwer goud, gevleg op dieselfde wyse as touwerk. <sup>16</sup> Hulle het twee goue monterings en twee goue ringe gemaak, en die twee goue ringe aan die twee hoeke van die borstas vasgeheg. <sup>17</sup> Hulle het die twee goue koorde aan die twee ringe op die hoeke van die borstas vasgeheg, <sup>18</sup> en die twee ander punte van die twee goue koorde het hulle aan die twee monterings vasgeheg. Hulle het dié dan aan die skouerbande van die efod, aan die voorkant, vasgeheg. <sup>19</sup> Hulle het twee goue ringe gemaak en dit aan die twee

---

<sup>k</sup>39:7 Hy: Vgl voetnoot by Eks 39:2.

<sup>l</sup>39:9 'n span: Ongeveer 22 cm; •Lengtemate.

<sup>m</sup>39:10-13 rooi kornalyn ... jaspis: Daar is onsekerheid oor die kleure en die eiening van hierdie edel- en halfedelstene; •Edelstene.

ander hoeke van die borstas, aan die binnerand, teen die efod vasgeheg.

<sup>20</sup> Hulle het nog twee goue ringe gemaak en dit aan die onderkant van die twee skouerbande van die efod vasgeheg, aan die voorkant, naby die hegpunte van die skouerbande bo die band van die efod. <sup>21</sup> Hulle het die borstas met sy ringe aan die efod se ringe met 'n draad pers wol vasgemaak, sodat dit aan die band van die efod kon bly en die borstas nie van die efod sou wegskuif nie, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>22</sup> Hy het die mantel van die efod geheel en al van pers wol gemaak — met die kundigheid van 'n wewer. <sup>23</sup> Die opening van die mantel was in die middel daarvan, soos die opening in 'n gevegsmondering. Die opening het 'n soom rondom gehad, sodat dit nie kon skeur nie. <sup>24</sup> Hulle het op die soomnate van die mantel granate geborduur met pers, purperrooi en karmosynrooi wol en dubbeldraadlinnevesel. <sup>25</sup> Hulle het klokkies van suiwer goud gemaak en die klokkies tussen die granate op die soomnate van die mantel vasgeheg, reg rondom tussen die granate: <sup>26</sup> 'n klokkie en 'n granaat, 'n klokkie en 'n granaat; reg rondom op die soomnate van die mantel — met die oog op die dienswerk, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>27</sup> Hulle het die priesterrokke van fyn linne gemaak vir Aäron en sy seuns — met die kundigheid van 'n wewer. <sup>28</sup> Hulle het die tulband<sup>n</sup> van fyn linne, die versierde kopdoeke van fyn linne en die linnebroeke van fyn dubbeldraadlinne gemaak,<sup>o</sup> <sup>29</sup> ook die lyfserpe van fyn dubbeldraadlinne, met pers, purperrooi en karmosynrooi wol — met die kundigheid van 'n borduurder — soos die HERE Moses beveel het.

---

<sup>n</sup>**39:28 tulband:** 'n Lang strook materiaal wat verskeie kere op 'n sekere manier om die kop gedraai en ingevou is. Dit kon soos 'n hoed opgesit en afgehaal word.

<sup>o</sup>**39:28 Hulle ... gemaak:** Die woorde “Hulle het gemaak” kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

<sup>30</sup> Hulle het die roset, die heilige wydingsteken,<sup>p</sup> van suiwer goud gemaak en daarop gegraveer soos wanneer 'n seëling gegraveer word, “Heilig vir die HERE.” <sup>31</sup> Hulle het 'n draad pers wol daaraan vasgebind om dit aan die tulband, aan die bokant, vas te maak, soos die HERE Moses beveel het.

### Inspeksie van die voltooide werk

<sup>32</sup> So is al die werk aan die •tabernakel, die Tent van Ontmoeting, afgehandel. Die Israeliete het dit gemaak; presies soos wat die HERE Moses beveel het, so het hulle dit gemaak. <sup>33</sup> \*Hulle het toe die tabernakel na Moses geneem,

die tent met al sy toebehore, sy hakies, sy planke, sy dwarshoute, sy standers en sy voetstukke;

<sup>34</sup> die bedekking van rooi gekleurde ramsvelle en die bedekking van sagte leer;<sup>q</sup>

die Voorhangsel<sup>r</sup> wat dien as gordyn, <sup>35</sup> die ark met die Getuienis,<sup>s</sup> sy draaghoute en die versoendeksel;<sup>t</sup>

---

<sup>p</sup>**39:30 heilige wydingsteken:** Dit verwys na die roset, gemaak van kosbare metaal en edelstene wat aangebring is op die hoofband van 'n gewyde persoon soos die hoëpriester; vgl Eks 28:36-38.

<sup>\*</sup>**39:33-41** Eks 31:7-11; 35:11-19

<sup>q</sup>**39:34 sagte leer:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Word ook vertaal “robbevelle”.

<sup>r</sup>**39:34 Voorhangsel:** Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

<sup>s</sup>**39:35 die Getuienis:** Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>t</sup>**39:35 versoendeksel:** Die goue deksel van die verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

- <sup>36</sup> die tafel met al sy toebehore en die vertoonbrode;<sup>u</sup>
- <sup>37</sup> die menora<sup>v</sup> van suiwer goud met sy lampe, die hele ry, al sy toebehore en die olie vir die kandelaar;<sup>w</sup>
- <sup>38</sup> die goue altaar, die salfolie, die geurige reukwerk en die gordyn vir die ingang van die tent;
- <sup>39</sup> die bronsaltaar met sy traliewerk van brons, sy draaghoute en al sy toebehore, die waskom en sy voetstuk;
- <sup>40</sup> die behangsels van die binneplein, die staanders en die voetstukke, die gordyn vir die ingang van die binneplein, die toue en tentpenne daarvan;
- al die toebehore vir die diens in die tabernakel, die Tent van Ontmoeting;
- <sup>41</sup> verder ook die geweefde klere<sup>x</sup> om in die heiligdom dienswerk te doen, dit is die heilige klere van Aäron, die priester, en die klere van sy seuns vir die priesterdiens.

<sup>42</sup> Presies soos die HERE Moses opdrag gegee het, so het die Israëliete al die werk gedoen.\* <sup>43</sup> Moses het al die werk nagegaan — en inderdaad, hulle het dit gedoen! Soos die HERE opdrag gegee het, so het hulle dit gedoen. Toe het Moses hulle geseën.\*

---

<sup>u</sup>**39:36 vertoonbrode:** Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die •tempel uitgestal is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Eks 25:23-30.

<sup>v</sup>**39:37 menora:** Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.

<sup>w</sup>**39:37 die kandelaar:** Letterlik 'die lig'.

<sup>x</sup>**39:41 geweefde klere:** Vgl voetnoot by Eks 39:1.

<sup>\*</sup>**39:42 Israëliete ... gedoen:** Eks 35:10

<sup>\*</sup>**39:43 geseën:** Gen 1:31; 2:1-3

### Oprigting van die tabernakel

<sup>1</sup> Die HERE het met Moses gepraat en gesê: <sup>2</sup>“Op die eerste dag van die eerste maand\* moet jy die •tabernakel, die Tent van Ontmoeting,\* oprig. <sup>3</sup>\* Jy moet die ark met die Getuienis<sup>y</sup> daarin plaas en die ark met die Voorhangsel<sup>z</sup> afskerm. <sup>4</sup> Dan moet jy die tafel inbring en dit wat daarop hoort,\* daarop rangskik. Jy moet die menora<sup>a</sup> inbring en sy lampe aansteek.\* <sup>5</sup> Jy moet die goue altaar vir die reukwerk\* voor die ark met die Getuienis neersit en dan die gordyn plaas by die ingang van die tabernakel. <sup>6</sup> Jy moet die brandofferaltaar\* neersit voor die ingang van die tabernakel, die Tent van Ontmoeting.<sup>b</sup> <sup>7</sup> Plaas dan die waskom\* tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar en gooi water daarin. <sup>8</sup> “Jy moet die binneplein\* rondom afskerm en die gordyn by die

---

\* 40:2 1ste dag ... maand: Eks 12:2; 13:4

\* 40:2 tabernakel ... Ontmoeting: Eks 26:1-30; 36:8-38

\* 40:3 Eks 25:10-22; 26:33; 35:12; 37:1-9; 40:22

<sup>y</sup>40:3 die Getuienis: Die kliptafels met die Tien Gebooie wat in die verbondsark bewaar is; vgl Eks 25:16,20; Op 15:5; •Ark.

<sup>z</sup>40:3 Voorhangsel: Die gordyn wat die heilige voorste deel van die •tabernakel geskei het van die allerheiligste deel.

\* 40:4 tafel ... hoort: Eks 25:23-29; 37:10-16

<sup>a</sup>40:4 menora: Die goue kandelaar met sewe arms wat in die heilige deel van die tabernakel en later ook die •tempel gestaan het.

\* 40:4 menora ... aansteek: Eks 25:31-40; 37:17-24

\* 40:5 goue ... reukwerk: Eks 30:1-5; 37:25-28

\* 40:6 brandofferaltaar: Eks 27:1-8; 38:1-7

<sup>b</sup>40:6 ingang ... Ontmoeting: Dit verwys na die ruimte voor die •Tent van Ontmoeting.

\* 40:7 waskom: Eks 30:17-18; 38:8

\* 40:8 binneplein: Eks 27:9-19; 38:9-20



ingang van die binneplein hang. <sup>9</sup> \*Dan moet jy die salfolie neem en die tabernakel met alles wat daarin is, salf. Jy moet dit met al sy toebehore heilig, dan sal dit heilig wees. <sup>10</sup> Jy moet ook die brandofferaltaar met al sy toebehore salf. Jy moet die altaar heilig, dan sal dit besonder heilig wees. <sup>11</sup> Jy moet die waskom en sy voetstuk salf en dit heilig.

<sup>12</sup> \*\*“Dan moet jy Aäron en sy seuns naderbring na die ingang van die Tent van Ontmoeting, en hulle met water afspoel. <sup>13</sup> Trek dan vir Aäron die heilige klere aan, salf hom en heilig hom, sodat hy vir My as priester kan optree. <sup>14</sup> Sy seuns moet jy naderbring en die priesterrokke vir hulle aantrek. <sup>15</sup> Dan moet jy hulle salf soos jy hulle pa gesalf het, dat hulle vir My as priesters kan optree. Hulle salwing moet vir hulle as 'n ewige priesterskap geld deur hulle geslagte heen.”

<sup>16</sup> Moses het dit toe gedoen. Alles wat die HERE hom beveel het, presies so het hy dit gedoen. <sup>17</sup> \*\*In die tweede jaar,<sup>c</sup> op die eerste dag van die eerste maand, is die tabernakel opgerig.

<sup>18</sup> Toe Moses die tabernakel opgerig het, het hy die voetstukke neergesit en die planke vasgesit. Hy het die dwarshoute aangesit en die staanders opgerig. <sup>19</sup> Hy het die tent oor die tabernakel gespan en die tent se bedekking daaroor getrek, soos die HERE Moses beveel het.<sup>d</sup>

<sup>20</sup> Toe het hy die Getuienis geneem en dit in die ark geplaas. Hy het

---

\* 40:9-11 Eks 30:25-29

\* 40:12-15 Eks 29:4-9; 30:30

\* 40:17-33 Vgl Eks 40:1-6

\* 40:17 Eks 40:2

<sup>c</sup>40:17 In ... jaar: Dit is die tweede jaar ná die uittog.

<sup>d</sup>40:19 soos ... beveel het: Hierdie woorde word sewe keer herhaal om die stappe in die oprigting van die tabernakel aan te dui; vgl Eks 40:21,23,25,27,29,32. Dit kom ooreen met die struktuur van die sewe dae van die skeppingsverhaal; vgl Gen 1:1 — 2:4; vgl ook Eks 39:1.

die draaghoute langs die ark ingestek en die versoendeksel<sup>e</sup> bo-op die ark neergesit. <sup>21</sup> Toe het hy die ark in die tabernakel ingeneem, die Voorhangsel wat dien as gordyn, opgerig, en die ark met die Getuienis afgeskerm, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>22</sup> Hy het die tafel in die Tent van Ontmoeting neergesit, in die tabernakel, aan die noordekant, buite die Voorhangsel. <sup>23</sup> Toe het hy die brood daarop gerangskik voor die HERE soos die HERE Moses beveel het.

<sup>24</sup> Hy het die menora in die Tent van Ontmoeting geplaas, in die tabernakel, aan die suidekant, teenoor die tafel. <sup>25</sup> Moses het die lampe voor die HERE opgestek, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>26</sup> Hy het die goue altaar in die Tent van Ontmoeting neergesit voor die Voorhangsel, <sup>27</sup> en die geurige reukwerk daarop aan die brand gestek, soos die HERE Moses beveel het. <sup>28</sup> Toe het hy die gordyn by die ingang van die tabernakel geplaas.

<sup>29</sup> Die brandofferaltaar het hy by die ingang van die tabernakel, die Tent van Ontmoeting, geplaas, en die brandoffer en •graanoffer daarop gebring, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>30</sup> Toe het hy die waskom tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar neergesit, en water om mee af te spoel, daarin gegooi. <sup>31</sup> Moses en Aäron en sy seuns het hulle hande en voete daaruit afgespoel.

<sup>32</sup> Wanneer hulle in die Tent van Ontmoeting ingegaan het en wanneer hulle die altaar genader het, het hulle hulle afgespoel, soos die HERE Moses beveel het.

<sup>33</sup> Toe het Moses die binneplein rondom die tabernakel en die altaar afgeskerm, en die gordyn by die ingang na die binneplein gehang. So het Moses die werk afgehandel.

---

<sup>e</sup>**40:20 versoendeksel:** Die goue deksel van die verbondsark waarin die kliptafels met die Tien Gebooie gehou is; vgl Eks 25:17-22.

## Verskyning van die heerlijkheid van die HERE

<sup>34</sup> \*Die wolk\* het die Tent van Ontmoeting<sup>f</sup> bedek en die heerlijkheid van die HERE\* het die tabernakel gevul. <sup>35</sup> Moses kon nie in die Tent van Ontmoeting ingaan nie, omdat die wolk daarvoor vertoef het en die heerlijkheid van die HERE die tabernakel gevul het.

<sup>36</sup> Wanneer die wolk van die tabernakel af opgeneem is,\* het die Israëliete, op al hulle trekskofte, kamp opgebreek. <sup>37</sup> Maar as die wolk nie opgeneem is nie, het die volk nie kamp opgebreek nie, tot die dag dat dit weer opgeneem is. <sup>38</sup> Want die wolk van die HERE was bedags oor die tabernakel en snags was daar vuur in, sigbaar vir die hele huis van Israel, op al hulle trekskofte.

---

\* 40:34 Op 15:5,8

\* 40:34 wolk: Eks 16:10; 33:9; Num 9:17; 1 Kor 10:1; Ps 99:7

<sup>f</sup>40:34 Tent van Ontmoeting: 'n Ander naam vir tabernakel.

\* 40:34 heerlijkheid ... HERE: Eks 16:10; 24:17

\* 40:36 wolk ... opgeneem is: Num 9:15-23; 10:17-21,34